Hartseer met Hoop

Mamma is dood



Alan Lester

HARTSEER MET HOOP

Hartseer met hoop

ALAN LESTER

Hartseer met hoop
Alan Lester

© 2013 Alan Lester

Uitgegee deur Graceunlimited
www.graceunlimited.co.za

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag vrylik afgelaai, gelees, gedruk en versprei word, mits die inhoud op geen manier verander word nie.

Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953.

Aan Charleen, my geliefde vrou, metgesel, vriendin en helper, wie se dood my genoop het om deur trane heen en te midde van sielesmart en ewige hoop in Christus hierdie boek te skryf.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord xi

1 Mamma is dood 1

2 Charleen se rou 5

3 Leef jou totsiens 9

4 Kosbare familielewe in die tyd van rou 15

5 Lig in die duisternis 21

6 Glo en leef 29

Wat sê God oor dit wat Hy gesê het? 32
Wat sê God oor Homself? 35
Wat sê God van die mensdom? 42
Wat sê God oor Christus en die Heilige Gees? 44
Wat sê God oor hoe Hy mense red? 47
Wat sê God oor die kerk? 48
Wat sê God oor die toekoms? 50

7 Rou en dink 53

8 Twintig minute 65

9 Daardie eerste dae. 75

10 Daardie eerste maande 91

11 Waarom het niemand iets hieroor gesê nie? 101

12 Hartseer met hoop op sestien. 113

Slotsom 117

Voorwoord

’n Reis deur die vyandige woestyn van hartseer, trek nie baie toeriste nie, maar ek nooi jou om my metgesel te wees op my reis van persoonlike verlies ná die dood van my geliefde lewensmaat, Charleen. Hierdie boek is my ontdekkings van die harde werklikhede van die dood eerder as ’n handleiding oor die onderwerp.

Dit is om jou te bemoedig dat ek hierdie boek skryf, wetende dat nie twee ervarings van rou dieselfde is nie. Mag dit so wees as jy hierdie emosionele reis saam met my aanpak, dat jy ware Bybelse en persoonlike hoop in Christus sal vind.

Ek skryf openhartig oor die gebeure rondom haar dood in ’n poging om die donker pyn van die eerste paar dae ná haar dood en dit waarin ek my grootste troos gevind het te beskryf. Ek sluit ook my mening in oor hoe hierdie ontsettende verlies my lewe gedurende die eerste paar maande beïnvloed het asook persoonlike opmerkings oor ontstellende mediese kwessies tydens die rouproses.

Om in die pyn van hartseer gedompel te word, steek ’n vuur van vrae aan wat met antwoorde geblus moet word as jy wil vrykom van hul skroeiende eise. Wat staan my te doen in die volgende dae en weke? Is daar iets belangriks wat ek moet weet wat ek nie weet nie? Word hierdie pyn minder, en indien wel, hoe lank gaan dit neem voordat dit beter

word? Hoe gaan hierdie situasie my gesondheid beïnvloed en hoe kan ek keer dat my gesondheid nadelig hierdeur geraak word?

Terwyl jy lees, onthou asseblief dat terwyl ek hieroor geskryf het, ek steeds midde-in die situasie was – gebukkend onder die pyn van my verlies. Dit is die onverwerkte werklikheid van vars pyn wat ek in die boek probeer vaslê het; 'n vorm van letterkunde waarna ek tevergeefs gesoek het in die Bybelse beradingswêreld. Ek het begrip vir die afwesigheid hiervan. Een moontlike rede is dat diegene wat hierdie proses deurgaan, hulself nie bekwaam genoeg ag om in sulke omstandighede so 'n taak aan te pak nie. 'n Ander rede kan wees dat skrywers dalk meen dat hulle nie voldoende ervaring van die onderwerp het nie en dus 'n aanstoot vir die leser kan wees pleks daarvan om die leser te bemoedig. Al is die gehalte van my skryfwerk nié dié van 'n ervare skrywer s'n nie, vertrou ek dat dit die foltering openbaar van 'n hart wat jou pyn verstaan.

Verskoon ook asseblief as my geheue my plek-plek in die steek laat. Net soos ander mense, is dit onder normale omstandighede vir my moeilik om altyd 'n presiese weergawe van gebeure te gee – wat staan nog onder emosionele verwarring. Ek is dankbaar teenoor Kathi Macias, wat kort ná Charleen se dood die saadjie by my geplant het dat ek 'n boek moet skryf oor my ervaring. Met haar voorstel in gedagte, het ek probeer om rekord te hou van gebeure. Tog, vir enige onvermydelike weglatings, vra ek vroegtydig verskoning.

Om die privaatheid van my dogters te beskerm, het ek inligting omtrent hulle weerhou in die boek. Hulle speel wel 'n rol waar nodig, maar moenie dink omdat ek sekere inligting oor hulle weerhou, dat ek nie vir hulle omgee nie.

Die boek is bedoel vir mense wat geskud is deur die dood van 'n geliefde, of mense wat jy ken wat deur so 'n proses gegaan het, of diegene wat self besig is om die pad van die dood te loop. Dit is gewoon 'n universele feit dat elke mens moet sterf en dit maak hierdie boek van toepassing op elke mens. Ek het met 'n Christelike perspektief oor sowel die seer en hoop tydens die ervaring van die dood geskryf. My woorde is bedoel om jou as gelowige in Christus te bemoedig. As jy nog nie opregte hoop in

Christus gevind het nie, sal hierdie boek jou 'n blik gee op wat Christene staande hou tydens rampspoed. Ware Bybelse hoop wanneer jy die pyn van die dood ervaar, is die waardevolste bate wat jy ooit in hierdie lewe kan besit.

Ek het probeer om die boek nie met te veel detail te oorlaai nie. Dit was nie maklik nie, want die ervaring van hierdie rampspoed het selfs die dieperliggende areas van my lewe beïnvloed. Ek is dankbaar dat jy hierdie boek lees en sal selfs meer dankbaar wees as die Here hierdie boek gebruik om jou sóveel hoop in Christus te gee, dat jy die boek sal aanbeveel aan ander wat ly.

Alan Lester
29 July 2013
www.graceunlimited.co.za

1

Mamma is dood

Weerligstrale krabbel oor die donkerwordende ruwe terrein en skets slegs vir ’n enkele oomblik die geplooide silhoeët van die Gousberge wat agter ’n doringdraadheining en ’n strook doringbome in die veld aan my linkerkant verrys. Vyftig jaar oue bloekombome beur en buig in die aggressiewe rukwind wat skielik vanuit die noorde ingewaai het – skynbaar vasberade om hulle te ontwortel. Voor my stokstywe oë, swaai en draai blare en plantreste verwoed in die lug – saam met swaar reëndruppels wat tevergeefs probeer om te midde van die stormwind op die grond te val.

Die sagte lig uit my Blackberry Torch, verlig ’n klein kolletjie rondom my waar ek in die eindelose donkerte sit. Ek staar na my selfoon in my linkerhand en na die bekende nommer wat ek moet skakel. Met my regterhand op die stuurwiel, hoor ek skaars die dreuning van die enjin terwyl die wiele stadig vorentoe oor ’n klipperige pad beweeg. Ek pers my lippe opmekaar asof dit my kalm sal maak. Dit is die moeilikste oproep ooit wat ek moet maak. Hoe kan ek dit doen? Tog, hoe kan ek nie?

Chyreese, my 16-jarige dogter en haar jonger suster, Hope, wag tuis op ons terugkeer van die hospitaal – hulle weet nie hoe laat in die nag ek en hul ma daar sal aankom nie.

Chyreese het geweet haar ma lyk nie goed toe ons inderhaas van die huis af weg is om haar na die hospitaal in Witbank te neem nie. Maar die woorde wat ek nou met Chyreese moet deel, is nie woorde wat sy sou verwag om te hoor nie.

Die toneel wat skaars tien minute tevore voor my afgespeel het, maal steeds deur my gedagtes. Nadat Charleen in my rooi '97 Toyota Camry geklim het, het Chyreece, haar ma omhels en totsiens gesê. Ek het so haastig weggery dat ek skaars opgemerk het dat my suster, Jean, teen volle spoed agter my aan hardloop om die plaashek oop te maak sodat ek nie tyd sou mors om dit ook nog te doen nie. In die dringendheid en chaos van die nag het ek Jean in 'n stofwolk agtergelaat.

Uiteindelik skraap ek genoeg moed bymekaar om Chyreese se nommer te skakel. Terwyl die foon in my oor lui, pak angs my beet. Angs om die woorde uit te spreek: "Mamma is dood". Te gou, asof sy heeltyd gewag het vir die oproep, antwoord sy. Ek klem my tande opmekaar van angs, swaai my kop heen en weer asof ek al hierdie gebeure net kon wegswaai!

"Hi Pappa," hoor ek haar stem.

Met groot moeite om my emosies te onderdruk, hoor ek myself sê: "Hi, my dierbare Reecy". Sy wag geduldig terwyl ek asem skep en swaar sug deur my trane. Ek sukkel om woorde te vind om die harde werklikheid aan haar oor te dra. Uiteindelik kom die woorde deur my trane: "Reecy, ek het baie slegte nuus vir jou".

"Ja Pappa," kom haar woorde saggies terwyl sy oënskynlik genoeg moed bymekaar skraap om die verwoestende nuus te hoor. In my gedagte kon ek sien hoe sy wegskram van dit wat op haar wag.

"Dit is baie slegte nuus Reecy," probeer ek om die oomblik uit te stel en die nuus sagter te maak.

"Ja?" kom dit in 'n baie klein stemmetjie – amper onhoorbaar. Ek kon aanvoel dat sy bewe.

"Ek is so jammer Reecy. Mamma is dood. Ek is so jammer!"

Nog nooit ooit het ek met groter angs iets gesê nie. Saam huil ons in die stilte – ons seer te erg vir woorde. Die geweld van die storm wat buite

woed, die flitsende weerligstrale verpersoonlik die storm in my binneste terwyl ek die foon hard teen my oor druk asof ek my dierbare dogter styf vasdruk.

"Is jy oukei Reecy?" kom die woorde uiteindelik uit my hart wat wil breek, hoopvol dat dit die pyn wat my woorde veroorsaak het en die onverbiddelike wete dat haar lewe nooit weer dieselfde sal wees nie, sal versag. "Ja, Pappa," kom haar woorde – uitasem, dog beheersd te midde van die kragtige emosies wat haar oorweldig .

Ag, hoe breek my hart vir my dogters! Dit het my hart gebreek om die ontstellende nuus oor die selfoon en onder sulke chaotiese omstandighede aan Chyreece oor te dra ! Maar hoe anders ... Daar was nie 'n ander keuse nie. Die nuus het reeds ander bereik en dit was net 'n kwessie van minute voordat sy dit sou hoor. Ek wou die eerste wees om haar te vertel. – ek het geweet ek moes die een wees wat moet verduidelik ...

Hoe onbevoeg en broos het ek skielik gevoel – soos 'n stukkie rommel wat in 'n verwoede storm rondgewaai word. Bo my is 'n woedende hemelruim, onvriendelike rotsagtige berge omring my en verder vorentoe is 'n swart onstuimige rivier.

Harde reëndruppels omskep die gruispad voor my in 'n stomende modderige massa. Die motor se hoofligte probeer hard om deur die stortvloed te skyn – die ligstrale skynbaar ingesluk deur die vloed. Golf na golf van modderige water vloei teen my enjinkap en windskerm af terwyl ek voortry – te lam van skok om eers uit te swaai vir hindernisse in die pad in hierdie verskriklike nag!

2

Charleen se rou

"Dit is vreemd," het Charleen verras en ook effens bekommerd opgemerk toe haar selfoon lui. "Dit is Johannes!"[1] Ons het albei geweet dit is 'n betekenisvolle oproep in die lig van wat onlangs tussen hulle twee gebeur het. Charleen het hom privaat en met baie groot omsigtigheid aangevat oor die aanmerkings wat hy op Facebook gemaak het oor sy homoseksuele leefwyse. Sy was baie hartseer oor sy hartelose en openbare reaksie daarop. Dit het haar diep gegrief omdat hy haar liefdevolle raad in die wind slaan en voortgaan met sy vernietigende leefwyse.

Ons was dus geensins enige nuus, van watter aard ook al, van hom te wagte nie – die minste nog 'n telefoonoproep en dan nog hierdie tyd van die nag! Sy het baie versigtig maar met 'n opgewekte vriendelikheid geantwoord – op haar manier wat my liefde gewen het die oomblik toe ek haar ontmoet het.

"Ag nee! Hoe het dit gebeur?" het sy verslae uitgeroep.

Die stem aan die anderkant het kortliks 'n paar besonderhede gegee. Charleen het die vingerpunte van haar regterhand oor haar mond geplaas asof hierdie gebaar tyd sou terugdraai en die tragedie sal uitwis.

[1] Ek het 'n skuilnaam vir die persoon gekies.

"Dis my broer. Hy het gister gesterf," het sy vir my gesê toe die oproep beëindig is terwyl haar gesig vertrek van smart.

Ek het haar omhels en saam met haar gehuil. Ons dogters wat gehoor het wat sy sê, het nader gekom en ons het almal mekaar vir 'n lang tyd vasgehou.

Gavin het Dinsdagmiddag skielik gesterf nadat hy die gras gesny het van die klein kusdorphuisie waar hy en sy vriendin, Casey[2], saamgewoon het. Hy het met die steil tuintrappe afgeklim om in die huis in te gaan en badwater ingetap. Terwyl die badwater ingetap het, het hy sleg begin voel en besluit om 'n paar minute op die bed te gaan lê. Op 49 het hy sy ouderdom begin voel, sy roekelose leefstyl het hom begin inhaal. Skielik het sy skreeuende stem deur die huis weergalm. Casey het haar dadelik na hom gehaas. Sy het bekommerd na hom gekyk en kon nie verstaan waarom hy nie al voorheen oor die pyn in sy borskas gekla het nie. Hierdie keer het dit egter nie soos in die verlede weggegaan nie. Ná slegs 'n paar woorde tussen hulle het Gavin daar op die bed gesterf.

Terwyl ek en die dogters Charleen troos, het my gedagtes teruggegaan na verskeie ander donker herinneringe wat ons familie geskud het.

Die eerste was die nuus wat ek laat in die nag aan haar moes oordra dat haar pa selfmoord gepleeg het. Hy was al 'n tyd lank baie ongelukkig met sy homoseksuele leefstyl. Hy het my vroeër die aand geskakel – teen daardie tyd van die dag het hy al heelwat gedrink – en sy woede teenoor my uitgebraak. Omdat ek besorg was oor sy siel het ek die Evangelie al op verskeie maniere en by verskeie geleenthede met hom gedeel. Tragies so, het hy egter my woorde en pogings op 'n totaal verkeerde manier geïnterpreteer en 'n verskuilde aggressie teenoor my ontwikkel. Vroeër die aand het hy my gebel en my daarvan beskuldig dat ek hom veroordeel en nagelaat het om al die goeie hoedanighede van sy lewe te waardeer. Hy het nie die wonder van vrywees van sonde, waaroor ek gepraat het, begryp nie. 'n Vryheid wat verkry word deur God se genade deurdat Jesus namens ons vir ons sondes gesterf het. Hy het dekades lank aangeploeter in sy verslawing en my hart het na hom uitgegaan.

[2] Ek het 'n skuilnaam vir die persoon gekies.

Daardie nag, ná sy grootpratery in sy dronkenskap het hy gekies om sy eie lewe te neem. Charleen was alreeds in die bed aan die slaap toe die oproep gekom het. Hoe hartseer was dit ook daardie nag om die tragiese nuus aan my geliefde vrou oor te dra.

Terwyl ons Charleen getroos het met die dood van haar broer, die enigste oorlewende familielid, het ons teruggedink aan die dag toe haar ma dood is. Ek was in die werkwinkel op die plaas besig terwyl Charleen in die huis besig was om die plaaslike hospitaal te skakel. Ons het haar ma twee dae tevore na die hospitaal geneem vir iets wat soos 'n geringe ongesteldheid gelyk het. Op antwoord van Charleen se onskuldige, hoopvolle navraag, het 'n verpleegster sonder skroom gesê haar ma is die vorige nag oorlede. Charleen het verstom en geskok by ons in die werkwinkel aangekom en die nuus oorgedra. Hoe het my hart nie na haar uitgegaan terwyl die trane oor haar wange rol nie. Sy was baie na aan haar ma en het lank oor haar getreur.

Die jaar voor Charleen se ma dood is, het ek vir my en Charleen se elfde huweliksherdenking 'n naweek weg beplan. Ek het sonder Charleen se medewete en met my suster Jean se hulp planne beraam om my geliefde vrou na 'n hotel in Witrivier te neem – 'n baie skilderagtige deel van ons land. Op die tweede en laaste oggend van ons verblyf, terwyl ek en Charleen besig was om ontbyt te eet het my foon gelui. Charleen het geantwoord. Die tevrede uitdrukking op haar gesig het skielik verander in pyn, skok en verwarring. Ons oë het mekaar ontmoet terwyl sy na my staar – asof sy na enige moontlike uitweg gesoek het om nie die nuus aan my oor te dra nie.

"Dit is Wayne," het sy uiteindelik gesê. Wayne was my oudste broer. Hy het in sy slaap gesterf. Hy was net 37 jaar oud en het geen gesondheidsprobleme gehad nie. Ons het in trane klaar geëet en die rit van vier ure na Pretoria aangedurf om by sy platgeslane vrou, Tanya, en twee hartseer dogters te wees.

Rou het 'n manier om al die seer van die verlede weer oop te krap. Terwyl ek en die dogters daardie aand vir Charleen getroos het met die dood van haar broer, het die onuitgesproke impak van al die aanslae van die

verlede en wat dit vir ons beteken het, swaar oor ons klein gesinnetjie gehang. Ons het mekaar lank omhels wetende dat die pyn vir ’n baie lang tyd met haar sou wees. Daar was niks wat ons kon doen om die pyn weg te neem nie – dit het ons reeds deur ondervinding geleer.

3

Leef jou totsiens

"Ek dink jy moet hierdie vrou bel en haar vra." Ek kon sien Charleen was baie opgewonde toe sy na die lys op die internetblad wys. Dit was nou al vier jaar sedert ek my familie laas met 'n vakansie by die see bederf het. Ek het in die week agtergekom dat my vrou na 'n verandering van omgewing verlang. In die vier jaar wat verby is, het sy hard gewerk.

Sonder om ooit te kla het sy ons dogters tuis onderrig. Daarbenewens het sy my bygestaan in al die aktiwiteite van ons kerk en bedieninge. Hoewel sy altyd vrolik is, het sy een oggend aan die ontbyttafel met 'n speelse suurgesig vir my gesê: "Ek wil see toe gaan!" Ek was hartseer en het vir haar geglimlag. Terwyl ek haar hand liggies gedruk het, het dit 'n hartsbegeerte geword om hierdie wens van haar te vervul.

In die week het ek 'n plan probeer uitwerk hoe om haar met 'n vakansie by die see te bederf. Charleen was so 'n dankbare vrou. Sy sou opgewonde raak oor die kleinste dingetjie – wetende dat dit 'n gebaar van liefde is. Sy kon selfs net 'n koppie koffie met oorgawe waardeer! Om haar sonderlinge glimlag al die pad tot by haar pragtige blou oë te sien, was oor en oor die moeite werd. Ek het geweet om haar see toe te neem sou die toppunt van alle wêreldse geskenke wees.

Vroeg die volgende Saterdag het ek my hart voor die Here uitgestort en gevra dat Hy my moet help om my familie see toe te neem vir ’n vakansie. Ek wou hulle bederf met ’n wonderlike familie-ervaring wat ons baie lank sal onthou. Ek het geweet die plan wat ek gehad het, was ’n bietjie waaghalsig. Tog, die verlange om seëninge oor my familie uit te stort, het net elke dag sterker geword. Ek het my rekenaar opgepak en saamgeneem huis toe. My pragtige vrou het my met ’n breë glimlag tuis verwelkom asof dit ’n baie spesiale geleentheid is. Sy het my altyd duidelik laat verstaan dat sy bly is om my te sien, selfs as ek laat gewerk het, of as ek net ingekom het vir ’n ete of as ek iets by die huis vergeet het en dit gaan haal het.

“Hoekom is jy so vroeg tuis?’ het sy met ’n glimlag gevra voordat sy my gesoen het.

Ek het my rekenaarsak op die grond neergesit, my arms om haar gevou en in haar oor gefluister: “Hoe sal jy daarvan hou om see toe te gaan?”

Haar reaksie was spontaan. Sy het my goed genoeg geken om te weet dat ek nooit oor so-iets grappies sal maak nie. Sy het onmiddellik geweet ek was ernstig.

Sy het op en af gespring en soos ’n klein dogtertjie rondgedans. “Ja!”, “Ja!”, “Ja!”

“Sjuut”, het ek saggies gesê en my wysvinger voor haar lippe gesit. Ek het spelerig met oordrewe versigtigheid in die kamer rondgekyk asof ek ’n geheime agent is wat nie uitgevang wil word nie en in haar oor gefluister: “Die kinders moenie weet nie.” Sy het ondeund geknik, breed geglimlag en op haar tande gebyt terwyl sy my na die rekenaar volg wat die kinders vir hul skoolwerk gebruik het. Ons het saggies gepraat terwyl ons na verskillende opsies op die internet gekyk het. Ek het nie vir Charleen gesê hoe ek ons begroting sal moet rek om die vakansie moontlik te maak nie, maar sy het geweet dit was ’n spesiale voorreg.

Ons het die grootste gedeelte van die Saterdagoggend gebruik om na akkommodasie te soek wat ons sou kon bekostig. Ure het verbygegaan.

Ons aanvanklike opgewondenheid het al minder geword toe ons besef hoe duur vakansieakkommodasie is.

Ek en Charleen het jare lank gedroom oor ’n vakansie in ’n nuwe vakansiewoonstelgebou in die kusdorp Uvongo. Ons het dikwels, terwyl ons naby hierdie plek vakansie gehou het, die bouery van hierdie woonstelle dopgehou vir mekaar gesê: “Eendag, sal ons daar tuisgaan!” Terwyl ek na plekke op die internet gesoek het, het hierdie spesifieke woonstelle ook op die skerm verskyn maar die pryse was, soos ons verwag het, twee keer so duur as wat ons kon bekostig. Ander moontlike plekke wat ons sou kon bekostig, was vol bespreek. My hoop het gekwyn en daarmee saam my opgewondenheid van vroeër.

“Ek dink jy moet hierdie vrou bel,” het Charleen gesê en gewys na een van die vakansieplekke op die skerm. Ek het die nommer geskakel ter wille van Charleen, maar nie gedink daar was ’n kans dat ons daar sou kon tuigaan nie. Dit was een van die vakansiewoonstelle waarop ons al so lank ons oog gehad het. Ek het geweet dat as al die ander eenhede twee tot vier keer meer gekos het as wat ons kon bekostig, hierdie een geen uitsondering sou wees nie. Nogtans het ek geskakel – tot haar groot vreugde.

’n Vrolike Nicole het die foon geantwoord. Nadat ek aan haar vertel het waarna ons soek, was sy onmiddellik reg om my te help. Tot ons grootste verbasing, het sy die woonstel vir ons aangebied teen die maksimum prys wat ons begroting toegelaat het! Ons kon dit bekostig! Charleen kon aan die toon waarmee ek met Nicole gepraat het, agterkom dat dit ’n werklikheid kon word. Ek het die oproep beëindig en vir my dierbare vrou wat so lank geduldig en tevrede vir hierdie oomblik gewag het, geglimlag.

“Ek het ’n idee, my lief,” het ek gesê terwyl ek haar omhels en in haar opgewonde blou oë kyk. “Ja?” het sy spelerig gevra. “Wat is jou idee?”

“Kom ons vertrek al môre see toe,” het ek gefluister en weer rondgekyk om seker te maak die dogters hoor ons nie. Charleen het breed geglimlag en haar kop geknik, bly dat haar wens ’n werklikheid geword het.

Die volgende dag het Nicole vir ons – ná ’n rit van nege uur – gewag en ons hartlik verwelkom. Twee weke lank het ons in ’n paradys geleef waar ons elke dag kon kyk hoe die golwe oor die KwaZulu-Natalse suidkus breek. Ons het met deure wawyd oop geslaap met die koel seewind wat in daardie warm Maart oor ons gewaai het. Daar was geen skaduwee oor daardie idilliese vakansie nie.

Teen die einde van die vakansie het ek weer eens geswig voor die versoeking om my familie te bederf. Nie ver van waar ons gebly het nie, is ’n deel van die kuslyn bekend as “Die Wildekus”, geleë in die destydse Transkei. Net ’n klipgooi ver van die Transkeigrens, is ’n baie bekende hotel en casino. Bo en behalwe die gholfbaan en casino, is hul grootste aantrekking die Wild Waves-waterpark. Hulle het miljoene spandeer om ’n waterpark met geriewe van hoë gehalte te maak soos wat ek nog op geen ander plek gesien het nie. Een sonnige oggend het ons toegang betaal vir ’n dag van waterpret. Onder die uitroep van opgewonde kinders het ons geklim, gegly, geski en met groot vreugde en genot in die water baljaar.

Teen die einde van die dag, het ek en Charleen, gesigte na mekaar gedraai, in ’n dubbelbuiteband rustig heen en weer op die Lazy River gedryf. Ons het op die sagte deinings in die vergeelde strale van die dalende Suidkus-son gedobber. Ons het so nou en dan met mekaar gepraat, maar vir die grootste deel van daardie kronkeling, net in mekaar se oë gekyk. Ons het vir mekaar geglimlag sonder om weg te kyk. Op ’n vreemde manier, was daar niks meer om te sê nie – sy het my verstaan en ek het haar verstaan. Sy was tevrede, ek was tevrede. Al die geluk van amper twee dekades se gelukkige huwelik, het in daardie wonderlike oomblikke saamgesmelt. Ja, daardie langverwagte vakansie was ’n groot bederf, maar ons wedersydse tevredenheid het gespruit uit meer as net hierdie ervaring – dit het gevloei uit ’n leefstyl van tevredenheid. In daardie oomblikke, terwyl ek in my vrou se pragtige blou oë kyk, het ek ’n soort finaliteit ervaar – iets soos die einde van ’n betowerende storie met ’n gelukkige einde.

Ons het die Lazy River só baie geniet, dat ons aan die einde van ons reis omgedraai het en dit weer gedoen het en toe weer. Ons het in ’n staat

van “totsiens” gelewe. As enigeen van ons op daardie oomblik sou sterf, sou daar nie ’n enkele woord wees wat ons sou wou sê terwyl die lig uit die ander een se oë verdwyn nie. Alles was reeds gesê, en goed gesê – lank voor die tyd.

Terwyl ek in die eerste jare van ons huwelik as paramedikus gewerk het, was ek dikwels so getref deur die baie ongedane sake tussen geliefdes wanneer een sterf. Jong mans en vrouens, kinders, grootouers, vaders, moeders, broers en susters wat die skielike dood van hul geliefdes aanskou. Hoe dikwels het ek nie die weeklaag van familielede en vriende gehoor omdat hulle nie die geleentheid gehad het om te groet nie. Hoe baie gevoelens het onuitgesproke gebly. Hoe baie mense het oomblikke nadat hulle in woede uitgestorm het oor ’n argument, of in ’n dronk relletjie, op die pad gesterf. Ongedane sake! Ongedane sake! Ongedane sake! Dit was elke keer vir my ’n bitter swaar om te sien en dit het my, nadat ek dit moes aanskou, in liefde na my vrou gedryf.

Ek kan steeds die dag onthou toe ek by Charleen gaan sit het en aan haar verduidelik het hoe siek en sat ek was vir hierdie ongedane sake tussen mense. Ons het mekaar toe belowe dat wanneer een van ons sou sterf, daar geen ongedane sake tussen ons sou wees nie. Ons sal niks ongesê laat nie. Ons sal mekaar reeds gegroet het. Elkeen van ons sal weet dat wanneer een van ons sterf, ons nie paniekerig sal wees omdat daar nog dinge is wat ons aan mekaar moes verduidelik nie. Ons het in ’n staat van totsiens gelewe.

Vandag, nege maande ná Charleen se dood, besef ek die onuitspreeklike waarde daarvan om in ’n staat van totsiens te leef.

Ek het haar hand met my linkerhand vasgehou en met my regterhand bestuur op pad na die hospitaal. “Liefling,” het ek gesê terwyl sy al meer en al vinniger na haar asem snak. “Ek is jammer dat jy swaarkry.” Sy het geglimlag. ’n Bietjie later terwyl ek haar hand ’n drukkie gee, en ek gewens het ek kon haar help, het ek gesê: “Ek is lief vir jou, my liefling.” Sy het weer geglimlag en ten spyte van haar ontsettende ongemak geantwoord: “Ek het jou ook lief”. Oomblikke later het haar hart gaan staan en sy het met haar hand in myne gesterf. In daardie vreeslike oomblikke was

daar nie tyd om dinge te sê wat andersins ongesê gelaat was nie – as daar enigsins iets was. Ons het egter ons totsiens oor die jare tot en met haar weggaan gesê. Toe ek die motor tot stilstand bring om seker te maak dat sy werklik dood is, het ek geweet ek het niks meer gehad om te sê nie – alles was lankal reeds gesê.

Die oomblikke ná haar dood het verander van minute na ure, dae, weke, maande. Deur die donker dae van rou, het die wete dat ons ’n lewe van totsiens geleef het, vir my onuitspreeklike troos gebring.

4

Kosbare familielewe in die tyd van rou

Charleen het nie gemaklik voor baie mense gepraat nie. Sy was selfs senuagtig vir my part wanneer ek moet preek. Tog het sy op hierdie besondere Sondag gevra om iets aan die gemeente te sê voordat die Woord bedien sou word. Ek moet erken, ek was verras deur haar versoek, maar ek het gesien sy was ernstig.

Daardie week het ons op kort kennisgewing afgery na KwaZulu-Natal vir die begrafnis van haar broer, Gavin. Sedert sy begrafnis, het sy 'n las op haar hart gehad oor iets wat haar broer se vriendin gesê het. By die begrafnis het Gavin se vriendin opgestaan en gesê die kerk is vir haar soos familie. Maar direk ná die diens, het sy tydens 'n private gesprek haar eensaamheid uitgedruk en gesê: "Nou het ek niemand nie".

Dit het Charleen bekommer dat sy kon sê dat die kerk vir haar soos familie is, maar in haar persoonlike lewe het sy niemand nie. Dit was in duidelike kontras met Charleen se ervaring van die kerk. Die kerk was vir haar werklik familie – familie wat omgee. Terwyl sy op Saterdag 14 Oktober 2012 voor die veelrassige, multi-nasionale en multi-kulturele Living Hope-gemeente[3] staan, het sy die gemeentelede bedank vir die manier

[3] Www.livinghopechurch.co.za

waarop hulle hulself as ware familie bewys het in die donker tyd ná die skielike dood van haar broer.

Sy het 'n vers uit 'n gunsteling-lofgesang aangehaal:

"*No guilt in life, no fear in death.*
This is the power of Christ in me.
From life's first cry, to final death,
Jesus commands my destiny.
No power of hell, no scheme of man,
can ever pluck me from His hand.
'Till He returns or calls me home,
here in the power of Christ I'll stand."

Terwyl ek na my kosbare vrou luister waar sy haar dankbaarheid uitspreek teenoor die gemeente en in die openbaar haar geloof in Christus alleen bely, het ek nie besef dat ek drie dae later die gemeente as ware familie sou beleef nie.

My ouers het vriende in Knysna en Plettenbergbaai in die Oos-Kaap gaan besoek. Charleen het haar vyf kilometer stap saam met my suster, Jean, voltooi en daarna saam met my na Bronkhorstspruit, ons naaste dorp, gegaan om administrasie af te handel waarna ons na OR Tambo Internasionale lughawe gegaan het om my ouers te gaan haal. Die rit terug huis toe die aand bly helder vasgelê in my geheue. Ek het bestuur en my ouers het agter gesit. Charleen het omgedraai in haar sitplek om met my ouers te gesels. Sy was baie opgewonde oor hul vakansie en het hulle oor alles uitgevra en op haar beurt vertel wat alles op die plaas gebeur het terwyl hulle weg was.

Charleen het van die eerste dag dat sy my ouers ontmoet het, hulle liefgehad en uit haar pad gegaan om vriende met hulle te wees op haar opgewekte en borrelende manier. Met 'n glimlag op my gesig, het ek, terwyl ek bestuur, geluister na die ernstige, snaakse, gelukkige en welkome familiegeselsies. Familie – hoe wonderlik!

Dit was reeds laataand toe ons by die huis aankom, maar ten spyte daarvan het ons eers by my suster, Jean, aangegaan om te groet voordat die moeë reisigers huiswaarts en bedwaarts gekeer het.

"Sien jou in die oggend, as die Here wil," het ek vir Jean gegroet toe ons klaar gesels het.

Charleen het speels teen my gestamp. "Jy wil net jou verjaardaggeskenk vroeër kry." Sy het verwys na my woorde 'as die Here wil'. Die volgende dag was my een-en-veertigste verjaardag. Ek kon nie anders as om te glimlag en haar te soen nie.

Sy het bietjie geëet en 'n koppie Rooibostee, wat ek vir haar gemaak het, gedrink toe sy naar begin voel het. Slegs twee uur later was ek 'n gebroke en verwoeste man waar ek in die plaaslike hospitaal langs die lewelose liggaam van my eens lewendige vrou gestaan het. Die hospitaalpersoneel het my met agterdog bejeën toe ek met haar liggaam in my motor daar aankom en die bisarre storie vertel. Die saak is aan die polisie oorhandig wat 'n dosier geopen het om die voorval te ondersoek.

My hand het gebewe en my trane het op die papier gedrup terwyl ek die vorms invul. Sommige van die hospitaalpersoneel het in 'n halfsirkel om my gestaan terwyl hulle in ongeloof die situasie voor hul gade slaan.

Die gesig van my dierbare verslae pa het deur die sirkel van mense verskyn. Ons het mekaar omhels asof ons karakters in 'n onwerklike rolprenttoneel was – amper asof ons wag vir die musiek om te speel, die rolprent om te eindig en alles weer sou terugkeer na normaal. Maar die doodskleed het gebly ... Die kalm gesig van my dierbare vrou, in wie ek vir amper twintig jaar behae gehad het, was nou bedek met 'n verslete hospitaallaken.

In die private saal waarheen hulle haar geneem het, het ek, terwyl trane oor my gesig loop, met my vingers oor haar geliefde oorringe gespeel – die metaalgrys oorbelletjies wat my ma vir haar gegee het. Ek het haar hand opgetel en die trouring waarmee ek negentien jaar gelede beloof het om haar tot die dood toe lief te hê, afgehaal. Ek het nie gedink dat dit op hierdie manier en so gou sou eindig nie. Haar sagte hande wat my liefgehad het en gedien het en net goed was vir my, was nou leweloos. Ek het haar donker hare uit haar gesig gevee, wetende dat my Charleen nie meer hier is nie. Langs my was my pa wat saam met my die pyn en hartseer beleef het.

Daardie aand kon die rit van veertig kilometer na my huis op die plaas, net sowel op ’n ander planeet gewees het so onwerklik was my reis met die hoofligte van my pa se Chev Aveo wat al die pad deur die donker agter my skyn.

Die ligte van Bronkhorstspruit het skaars in my truspieël verdwyn toe my selfoon begin lui. Die eerste oproep was van my broer, Kevin, uit Australië. Net om sy stem in daardie verlate oomblik te hoor, was ’n onbeskryflike kalmerende troos. Ek was glad nie in staat om met Kevin te praat nie. Terwyl ek snik, kon ek net sê: “Kevin, ek kan nie praat nie, maar ek kan luister.”

Ek was op reis na nêrens. Ek was op pad na die familieplaas wat ek en Charleen so lank ons tuiste genoem het, maar nou het dit gevoel asof ek nêrens meer hoort nie. Charleen se dood het my soos ’n vreemdeling laat voel, selfs op die plek waar ek die meeste tuis moes voel.

In my gedagtes kon ek Chyreece en Hope se hartseer gesigte sien waar hulle op my wag. Ag, hoe het ek verlang om my dogters te troos, maar ek sou eerder wou hê dat hulle nie deur hierdie trauma moet gaan nie. Ek het werklik verlang om by die huis te wees, maar het geweet die werklike hart wat ek huis noem, was nie langer daar nie; ek was nou besig om van haar koue liggaam by die plaaslike hospitaal, weg te ry.

Verblind deur trane, het ek op ’n manier by die huis aangekom en die agterdeur oopgesluit, onheilspellend alleen; elke aksie so meganies en asof uit ’n ander wêreld. Ek het deur ons bekende kombuis gestap waar ek nog besig was om vir Charleen kaste te bou; deur die woonkamer en langs die gang af verby my dogters se slaapkamer tot in ons slaapkamer. Ek was skaars in die slaapkamer toe ons dogters met koppe wat hang, in die deur verskyn. Langs die bed waar hul liewe ma skaars twee uur gelede gesit het, het ek my twee dogters styf omhels en ons het saam hartverskeurend gesnik en wou mekaar nie los nie. Geen woorde kon in daardie oomblikke die brandende pyn van verlies wegneem nie. Wat kon ek sê?

“Ek is so jammer,” het ek skaars hoorbaar gefluister, “Ek is so jammer.” Met hul gesigte teen my bors, het hulle my net vaster gedruk sonder om

iets te sê. Ons het mekaar lank met toe oë vasgehou asof ons kragte wou bymekaar maak om mekaar te ondersteun. 'n Deel van ons gelukkige gesin is wreed weggeskeur en het 'n bloeiende en gapende wond agtergelaat wat nie heelgemaak kan word nie. Die skreiende pyn van die verlies van ons geliefde Charleen, het littekens op ons gelaat wat vir die res van ons lewe sou wys.

Ons het uiteindelik na my suster en swaer se huis gegaan wat aan ons s'n grens. My familie – my ma, pa, my suster Jean en haar dogter en seun was saam in die sitkamer. Ons het van die een gebroke geliefde na die ander gegaan en mekaar omhels en woorde geuiter wat ons geweet het net los linte is wat in die wind waai maar wat tog op 'n manier met ons gebroke harte geresoneer het terwyl die trane onophoudelik oor ons wange stroom.

Dit was wonderlik om daardie nag saam met die familie te kon wees ten spyte van ons gebrokenheid. Ek was so dankbaar dat die Here dit so beskik het dat ek in daardie donker tyd familie gehad het by wie ek kon wees – mense wat omgee, mense wat verstaan, mense met wie ek hierdie oorweldigende nuwe droefheid kon deel. In die dae, weke en maande wat gevolg het, het ek opnuut die onskatbare waarde van hierdie kosbare mense wat God rondom my geplaas het gesien. Familie. Mense wat, hoewel hulle self seer het, steeds omgee.

Tog is daar meer familie as net hierdie familie. Teen die tyd dat ek van die hospitaal by die huis aangekom het, was dit amper middernag. Terwyl ons in my suster-hulle se sitkamer gesels het, het ek Jean hoor sê: "Ek dink Josh is hier," terwyl sy opstaan en deur die venster loer.

Verras, het ek gevra, "Gaan Josh kom?"

"Ja," het sy saggies gesê, "Hy is by die hek".

Diep geraak deur die feit dat my geliefde pastoor en broer in Christus al die pad sou ry om my in hierdie tyd van die nag te kom besoek, het ek uitgegaan om die hek vir hom oop te maak. 'n Enkele gloeilamp bokant die voordeur het dofweg sy bekende figuur verlig. Hy het my omhels en saam met my gestaan en huil.

Hy het Charleen baie goed geken en sy het hom baie liefgehad en waardeer. Toe ons ons uit ons broederlike omhelsing losmaak, het ek vir hom gesê: “Ons het geen berou nie broer. Geen berou nie.” Die wete dat ons ons totsiens geleef het, was so wonderlik. Dit was een van die dinge wat my die meeste getroos het selfs kort ná haar dood in die verskriklike nag.

Josh Mack was nie die enigste een van ons gemeente wat daardie nag, binne een uur nadat hulle die treurige nuus gehoor het, gekom het nie. My geliefde vriende, Pieter en Almari Swart, het ook gekom sowel as Hamilton Ganesan. Ons het saam in die sitkamer gesit en die gebeure van die nag bespreek. Ek het soveel krag geput uit die feit dat ek nie alleen familie gehad het wat omgee nie, maar dat my kerk-familie ook soveel omgegee het dat hulle bereid was om meer as ’n uur op slegte paaie te ry om my in my hartseer te ondersteun. Dit het my hoop vir die toekoms gegee. Broers en susters in Christus wat my so liefgehad het om dít te doen, kon vertrou word om egte familie te wees in die pynlike dae, weke en maande wat nog voorlê. In die vroeë ure van Donderdagmôre het hulle saam met my en my familie gehuil. Wat ’n wonderlike seën is kerk-familie.

Teen die einde van daardie nag het ons begin om te bid. Een na die ander stem het uitgeroep na ons hemelse Vader. Ware pyn en onvermoë het uitgeroep na God se eindelose krag. Geen vyandigheid nie, geen eis vir verduideliking nie, geen sarkasme nie; slegs aangename en volkome aanvaarding van hierdie folterende verlies en volle vertroue in ons erbarmende Here. Familie in die vlees. Familie in Christus. Familie van God. Ek wens ek het genoeg woorde gehad om die skitterende juweel van familie wat in die duisternis skyn, te beskryf.

5

Lig in die duisternis

Dit was al ná drie in die oggend toe uitputting sy tol begin eis het en ons kerk-familie sowel as my familie almal na hul onderskeie wonings vertrek het. Ek het alleen na ons slaapkamer gegaan waar ons skaars ’n paar uur tevore, gereed gemaak het vir net nog ’n gewone nag. Toe ek in die kamer kom het ek dadelik by die voetenend van die bed op my knieë neergeval en vanuit ’n hart wat breek na my God uitgeroep. Dit was nie ’n mooi uitgewerkte gebed nie. Al snikkend het ek gesmeek: “O God, wees my genadig. Ek pleit by U, gee my die krag om hierdeur te leef!”

Op daardie oomblik toe die smartkrete van my gebroke hart die oor van my Vader op Sy troon van genade bereik het, het ek geweet die wêreld hou my dop. Ek het op daardie oomblik besef dat mense wag om te hoor en te sien hoe ék hierdie verskriklike persoonlike krisis gaan hanteer.

Ek kon nie anders as om aan Job te dink wat ramp op ramp beleef het nie. Die mense het in stilte gewag om te hoor wat Job gaan sê? Hoe sal sy geloof hierdie aanslag op sy persoonlike lewe oorleef? Toe breek Job die spanning en praat vanuit die warrelwind van onuitspreeklike droefheid[4]. Sy woorde moes Satan geïrriteer het. Hy het sekerlik verwag dat Job God

[4] Job 1:20-22

sou vervloek omdat Hy dit wat vir hom kosbaar was, weggeneem het. Maar God het geweet dit is onmoontlik – Job se geloof was ’n geloof deur God self gegee. So ’n geloof kan nie tot ’n punt van oorgawe aangeval word nie.

Hoe sterk het ek daardie nag op hierdie oortuiging gestaan te midde van my verblindende pyn. Terwyl ek langs my bed kniel, gevul met wonderlike herinneringe aan my Verlosser, het ek my selfoon uitgetrek en soos in Job se geval, die stilte verbreek. Ek wou aan die wêreld vertel dat, so oorweldigend as wat hierdie nuwe aanval op myself en my familie was, dit vir ons onmoontlik was om ons geliefde God nie te eer nie – Hy, wat my geliefde vrou met teerheid direk in Sy teenwoordigheid ontvang het.

Ek het die volgende woorde met groot versigtigheid op my Facebookmuur geplaas

My vriende, soos baie van julle reeds weet, het dit die Here behaag om my geliefde vrou en lewensmaat op 17 Oktober, om 21:45 te ontvang in onuitspreeklike heerlikheid. Ek loof Hom vir die wonderlike 19 jaar wat ek bevoorreg was om haar te geniet. Ek en my kinders sal haar baie mis.

Daardie woorde het die mengsel van pyn en die gevoel van die nabyheid van God se heerlikheid in my hart uitgedruk. Ek wou aan die wêreld wys dat ’n vurige oog van geloof gevestig op God se wonderlike gesig, nie eens vir ’n oomblik uitgedoof kan word nie, selfs nie deur die mees ekstreme emosies nie. Meer as alles nog wou ek hê die verlossende en ondersteunende genade van ons Verlosser moet duidelik sigbaar wees, ongeag van wat met my gebeur.

Dit het tyd vir ons geword om te probeer slaap. Ek en die dogters, nog steeds baie seer deur ons verlies, het saam op die bed wat ek en Charleen vir so baie jare gedeel het, gaan lê. Selfs die afstand tussen die twee slaapkamers, was op hierdie nag groter skeiding van mekaar as wat ons kon verdra. Ons het gehoop dat die slaap ons moet oorval om die werklikheid te ontvlug, maar die tydjies van slaap was vol nagmerries en antagonisme. Ons het telkens uit ’n ligte sluimering wakkergeskrik net om weer met die werklikheid van Charleen se dood gekonfronteer te word.

Dit kon net nie waar wees nie! Die sielesmart het elke greintjie van ons met swart ink gevul.

Dit is soos ek daardie eerste drie dae beskryf: swart – net swart. Aaklige, dik, afstootlike, verstikkende duisternis. Swart, verblindende, indringende sielesmart. Daardie lang, lang oomblikke, minute en ure was verskriklik. Daar is geen woorde waarmee sulke hartseer beskryf kan word nie. Ons het onophoudelik gehuil.

'n Gebeurtenis uit Dawid se lewe het aanhoudend by my opgekom gedurende daardie donker ure; waar hy hardop gehuil het totdat hy geen krag meer gehad het om te huil nie[5]. Ek het gevoel dat ek daardie punt bereik het, tog het ek aangehou om te huil. Dit het my nie lank geneem om te leer dat die trane op hul eie sal droog word nie. Om dit elke keer af te vee, maak net jou vel rou.

Lank voor sonsopkoms, kon ek nie langer bly lê nie en het op die kant van die bed gaan sit. Die stilte het rondom my gedraai soos 'n legioen van bloeddorstige aasvoëls, afwagtend om my op 'n onbewaakte oomblik onverhoeds te vang. Hulle het na my gepik, my geantagoniseer en gefolter. Dit was nie 'n doodgewone stilte nie, dit was 'n spesiale soort stilte wat net in die huis was vandat Charleen weg is. Dit was die stilte van haar afwesigheid. 'n Luide stilte wat my aandag op strategiese oomblikke getrek het om my aan haar afwesigheid te herinner. Dit was 'n "ek-sal-joukry!-stilte". Hierdie stilte kon nie deur ander mense se geselskap verbreek word nie, hoe goed en liefdevol daardie geselskap ook al was. Dit was 'n harde stilte wat nie weggejaag kon word nie.

Ek het haar klein trouringetjie aan die pinkie van my linkerhand langs my eie gedra; ek kon dit slegs tot by my eerste kneukel inkry. Of dit vir my troos of pyn gebring het, weet ek nie, maar ek kon dit nie bêre nie. Hierdie ring was die naaste wat ek aan haar kon kom.

Om op daardie eerste oggend na die kombuis te gaan om ontbyt te maak, was nie maklik nie. Ek kon nie eens in die kombuis inloer sonder om te sien hoe Charleen opgewek besig is om vir ons kos te maak nie. Deur my trane heen het ek my dogters gehelp om ontbyt op die tafel te

[5] 1 Samuel 30:4

kry. Elke ding wat ons aangeraak het, het steeds haar vingermerke op gehad, elkeen steeds op die plek waar sy dit laas neergesit het. Om te eet was ’n lewelose, meganiese aksie. Ek kon nie eens dankie sê vir die kos nie, ek was nie in staat om selfs die eerste woord te uiter nie. Ek het geleer – dit mag dom klink vir diegene wat dit nog nooit voorheen beleef het nie – dat wanneer jy verstik van hartseer, is dit makliker om te fluister eerder as om te probeer praat. Ek was gebroke tot op die punt van fluistering, of om slegs met ’n gebaar ander te vra om te praat of te bid. Wanneer ek gefaal het, het ek eenvoudig net my kop geknik om te kenne te gee dat ek gehoor het dat iemand met my praat en dan al my aandag daarop gevestig om met ’n woord of twee te antwoord.

Terwyl ons drie om ons klein vierkantige tafeltjie gesit het, was die afwesigheid van Charleen op haar plek langs die tafel te veel om te hanteer. Ek kon nie eens in daardie rigting kyk sonder om te begin huil nie. Daar het Charleen se stoel gestaan ... leeg. Toe ons hande vat om te bid, was haar hande nie daar nie.

Ons gesin het ’n gewoonte gehad om elke oggend beurte te maak om te bid. Elkeen het ’n spesifieke dag gehad om te bid. Maandag was my beurt. Dinsdag was Reecie (ons troetelnaam vir Chyreece) se beurt. Woensdag was Hope s’n – haar troetelnaam is Bean. Donderdag was dit Charleen se beurt. Omdat ons jongste dogter altyd vergeet het wie se beurt dit was om te bid, het ons elke oggend ’n rympie opgesê: “Pappa, Reecie, Bean, Mamma” terwyl ons na elkeen wys wie se naam gesê word. Dit was net ’n grappige familiegewoonte. Charleen sou altyd, as dit haar beurt was, begin met die volgende woorde: “Ons dierbare hemelse Vader ...” So teer en ernstig was haar gebed, dat ek nie anders kon as om haar lief te hê vir wie sy was nie.

Daardie eerste oggend was Donderdag. Ons het oudergewoonte gesê: “Pappa, Reecie, Bean, ...” Nie een van ons kon die woord, Mamma, uitkry nie. Die enigste ding wat ons kon doen, was om rond te kyk na mekaar met trane in ons oë en die stilte toe te laat om vir ons in ons gebrokenheid te praat. Terwyl ons noodgedwonge ons roetine daardie oggend verander het, het dit gelyk of daar soveel meer weg was as net een glimlag-

gende vrou. Dit was asof die hele gesin uitmekaar geskeur was en slegs een klein stukkie het oorgebly. Selfs die tienjarige Hope het een oggend aan my gesê: “Pappa, selfs al is daar net een persoon weg, voel dit of daar baie meer weg is.”

Terwyl ek deur ons slaapkamer loop om my tande te gaan borsel, het my oog haar handsak gevang wat op die vloer langs die bed lê waar sy dit die vorige aand gelaat het. Haar persoonlike besittings het my elke keer met ’n momentele hoop gevul dat sy daar is, dog realiteit het onmiddellik daardie vonkie geblus. Charleen was so ’n vrygewige persoon ten spyte van die feit dat sy self nie veel gehad het nie. Enigiets wat sy wel gehad het, sou sy sonder huiwering aan iemand anders gee. Ek het dikwels gesien hoe sy haar hand in daardie handsak steek, beweeg deur medelye, en alles uithaal wat sy het om te gee. So goedhartig. Weer en weer het ek verby daardie handsak geloop. Ek kon nie daarna kyk nie maar kon dit ook nie bêre nie. Ek wou vermy om dit te sien, maar my worsteling was van so ’n aard dat ek nie kon ophou om daarna te kyk nie.

In die badkamer het ek outomaties albei ons tandeborsels uit die beker op die wasbak gehaal en nadat ek tandepasta op myne gesit het, die buis na haar uitgehou, net om weer getref te word deur die werklikheid dat sy nie meer daar is nie. Al snikkende het ek alleen gestaan en tande borsel.

Terwyl ek oor die swart angs van daardie tyd skryf, is daar soveel meer wat ek kan sê, maar ek sou verkies om te skryf oor dit wat vir my die meeste troos gebring het gedurende daardie eerste wurgende ellende. Wat was vir my die lig in die die tyd van duisternis?

Ek het reeds van die eerste lig in die duisternis gepraat. Die grootste troos, meer as enigiets anders, was die wete dat die geloof wat God gee, sterk genoeg is om enige terugslag van hierdie omvang te deurstaan. Selfs terwyl ek onuitspreeklik swak was, was my geloof in Christus, wat ek as ’n geskenk van God ontvang het, onbeweeglik. Ek dank en loof God daarvoor en vir Sy wonderlike verlossende genade.

Die medelye wat familie en Christenbroers en -susters aan my in hierdie pikdonker dae bewys het, was ook noodsaaklik. Hul konstante teen-

woordigheid was ’n groot hulp. Ek het hopeloos verlate, swak en alleen gevoel. Hul gewilligheid, ten spyte van hul eie seer, om by my te wees en my toe te laat om oor dinge wat my seermaak te praat, was ’n ware lig in die duisternis. Dit het geringe maar betekenisvolle verligting gebring.

Nog ’n lig in die duisternis in daardie eerste dae, was dat elkeen in die wêreld een of ander tyd gekonfronteer word deur die dood van hul geliefdes. Ek het al stories gehoor van gelowiges wat die dood van hul eggenote aanskou het en uitgeblink het in hul geloof sodat God daardeur verheerlik is. Een so ’n verhaal was van ’n vriend van my vader. Hy was geskeduleer om by ’n konferensie in Suid-Afrika te praat. In die vliegtuig op pad hierheen het sy vrou in haar sitplek langs hom gesterf. Nadat hy geland het, het hy na die konferensie gegaan. Toe hy opstaan om te praat, het hy aan die gehoor verduidelik wat gebeur het en gevra dat hulle moet verstaan as hy emosioneel raak terwyl hy preek. Hy het sy plig nagekom waartoe hy hom verbind het en ’n getuienis agtergelaat waardeur God verheerlik is.

’n Ander verhaal is die alombekende gebeure rondom die lewe van Job. Job se reaksie op die aanslae op sy lewe het God waarlik verheerlik. In die lig van Job se verhaal is my tragedie amper betekenisloos. Job het veel meer verloor as wat ek ooit besit het, maar sy absolute toewyding en getrouheid aan God was vir my in daardie tye van duisternis ’n voorbeeld om na te volg.

Die geloof wat die lig vir Job in die duisternis aangeskakel het, was dieselfde geloof wat my hoop gegee het om reg te glo. Met hierdie getuienisse in gedagte asook die van baie ander mense – soos die honderde en duisende wat beskryf word in Foxe se *Book of Martyrs*, het ek, slegs minute ná Charleen se dood besluit dat my lewe deur die genade van God ook so ’n getuienis sal wees. Ek het volkome begrip gehad dat ek nie in staat was om dit in die aangesig van hierdie verpletterende hartseer te doen nie, maar dit was die verlange van my hart aan my Here. Die blote feit dat ander Christus geëer het in soortgelyke omstandighede, was ’n lig in die duisternis wat my aangespoor het om dieselfde te begeer

Opinies aangaande kommunikasie deur sosiale netwerke is net so baie soos mense met opinies. Sommige het selfs meer as een. Na my mening is die bemoedigende blitsboodskappe op die sosiale netwerke in die tyd van hartseer van onskatbare waarde. God gebruik hierdie netwerke om troos te bring aan die een wat rou – die persoon wat troos, kan weens omstandighede dalk nie self teenwoordig wees by die een wat rou nie. ’n Planeet vol mense, kan dag en nag met jou rekenaar en selfoon bereik word. Christene wat met deernis verlang om jou te troos, kan dit oombliklik doen. Christene wat nog nie geleer het hoe om meegevoel te betuig nie, of wat bang is om dit te doen, kan sien hoe ander Christene dit doen en word bemoedig deur die dankbare ontvangs wat hulle kry. Ongelowiges wat toekyk, aanskou die rotsvaste bewys van ’n Godgegewe geloof. Hulle sien iets volkome werklik, betroubaar en begeerlik. Die wêreld deurkruis die internet verlangend om egtheid te vind. Hulle vind dit hier; ware rampspoed, ware troos, ware pyn, ware dankbaarheid en vreugde in Christus. So, behalwe om genade aan diegene rondom jou te bewys, sodat Christus deur jou lewe geëer word, is die sosiale netwerke ook ’n lig in die duisternis.

Ná Charleen se dood het mense, wat ek nie voorheen geken het nie, aan my boodskappe gestuur en vertel hoe hulle aangegryp is deur my storie. Dit het my so bemoedig dat selfs terwyl ek magteloser as ooit tevore was, het God die gebeure in my lewe gebruik om die lewens van ander mense te verander. Dit was ’n lig in die duisternis.

Nog ’n lig in die duisternis wat ek wil noem, is Christelike musiek. Die pyn van daardie deurdringende, spesifieke stilte, is baie moeilik om te verdra. Dit het my nie lank geneem om die onskatbare waarde van musiek wat God verheerlik te ontdek nie. Van die eerste oggend af het ek musiek in die huis gespeel – dag en nag. Dit het die verswelgende draaikolk van stilte gevul met die vertroostende klanke van die Christelike geloof. Hoe vertroostend was dit nie om gedurig herinner te word dat hoewel ek in ’n diep donker kuil was, ware Bybelse hoop nie verander het nie. Die woorde van die liedere was nog net so waar as toe my geliefde vrou nog met ons was. Ek het al die albums van Keith en Kristyn Getty

aanlyn gekoop en almal na ’n CD geskryf en onafgebroke daarna geluister. Omdat hul musiek so pragtig fokus op die objektiewe feite van die Christelike boodskap, in plaas van persoonlike aanbidding aan Christus, het dit my uit wanhoop gelig. Hierdie musiek was vir my ’n wonderlike lig in die duisternis.[6]

[6] Www.gettymusic.com

6

Glo en leef

Smart is ’n harde leermeester. Dit bevraagteken al jou teorieë oor die lewe en dood en kritiseer elke konsep en idee wat jy opgebou het as verdediging teen jou pyn. Jy moet sin daaruit maak en niks anders as ’n deeglike begrip van objektiewe teologie sal jou ondersteun in die dryfsand van meedoënlose smart nie. Die dood is ’n onnatuurlike toestand vir die mens. Die dood het gekom as gevolg van die sondeval.[7] Dit is daarom geen wonder dat die menslike verstand sukkel om die begrip van dood te verstaan en vrede daarmee te maak nie. Die dood slaan ’n slag en laat geliefdes verward en verbysterd agter want dit verwoes en ruk weg wat skynbaar permanent is. Dit sal jou waarskynlik laat verlang om te weet wat werklik permanent en bestendig is; iets waaraan jy kan vashou wanneer jy met die tydelike van die lewe te doen kry.

Terwyl ek skryf, is dit reeds nege jaar sedert my ouer broer Wayne weggeroep is na sy hemelse woning. Ek droom nog somtyds van hom en in my drome probeer ek gewoonlik ’n rasionele verklaring vind vir sy afwesigheid. Dit is ook my ervaring sedert die verlies van Charleen. Ek het byvoorbeeld, een nag gedroom ek was by ’n kerkkamp wat deur ’n ander kerk georganiseer was. Terwyl ek aansluit by die ander kampeerders wat oor die kampeerterrein versprei was, het ek by een van die slaapsale in-

[7] Genesis 2:17; Romeine 5:12

gegaan. Binne die slaapsaal was Charleen besig om haar bed vir die nag gereed te kry. Sy het opgekyk en met 'n glimlag gegroet.

"O," het ek vir haar gesê. "So dit is waar jy al die tyd was!" Ek was so verheug dat ek ten einde laas die raaisel van haar afwesigheid opgelos het! Toe ek wakker word, het die realiteit van haar afwesigheid weer eens tot my deurgedring soos elke keer wanneer ek wakker word. Dit is die tyd wanneer 'n oppervlakkige geloof sal faal om jou te ondersteun in die realiteit van skeiding deur die dood[8]. Niks was vir my meer waardevol as 'n vaste teologiese fondament waarop ek my gedagtes in die tyd van droefheid kon vestig nie.

Jou grondslag moet veel meer volwasse wees as die hedendaagse nonsenspraatjies van sekere "pastore" wat dinge sê soos "Jy moet nie gebind word deur armoede, siekte, kwale of dood nie, want Jesus het aan die kruis gesterf om jou vry te maak."[9]

As jy glo dat God jou as gelowige moet vrywaar van sulke rampe sal jy sukkel om sin te maak van die dood van geliefdes wie se lewens toegewy was aan Christus. Dit sal jou so verwar wanneer jy jouself in 'n dokter se spreekkamer bevind en die nuus ontvang dat jy aan 'n ongeneeslike siekte ly. Jy mag vir 'n tyd lank slim praatjies maak en jouself oortuig dat wat jy glo die waarheid is en dat jy maar net die realiteit verkeerd verstaan het, maar wanneer dit by die dood kom, kan jy nie langer die harde feite ontken nie.

Elke persoon wat jy ken, sal sterf. Jy sal sterf. Hoe pas dit in God se heelal in? Is dit slegs mense wat nie genoeg geloof het nie wat sterf? Is die dood 'n illusie? Is die dood 'n vriend om te omhels? As God jou liefhet en die mag het om hierdie ellendes te voorkom, hoekom het Hy nie hierdie ellende in jou lewe gekeer nie?

Die regte teologie wat nodig is om jou deur krisisse te dra – soos die dood van 'n geliefde – word nie in 'n krisis gebore nie. Dit is 'n kosbare juweel wat oor 'n lang tyd ontdek, bestudeer en waardeer word. Dit is 'n netwerk van waarhede wat vas en seker staan. Dit is 'n struktuur wat deel

[8] Job 8:14

[9] Dit was 'n aanhaling van so 'n pastoor op Facebook.

vorm van wie jy is sodat wanneer jy ’n krisis beleef, jy sal optree soos die persoon wat jy geword het, gegrond in die objektiewe feite van die Evangelie. Dit, het ek in pastorale werk ontdek, is kennis wat te min mense het. In hierdie hoofstuk wil ek jou graag in die regte rigting lei.

Wanneer ek praat oor ’n teologiese grondslag wat jou kan ondersteun in jou leed, kyk mense my dikwels aan met duidelike verwardheid in hul oë. Hulle probeer om dit wat ek vir hulle sê te verbind aan die naaste iets aan Christenskap wat hulle ken – miskien ’n plaaslike kerk wat hulle per geleentheid in hul kinderdae bygewoon het. Al wat hulle daarvan oorgehou het, is ’n paar morele lesse van Bybelstories soos: wees soos Daniël; of moenie soos Simson word nie; of God sal jou seën maar net as jy Hom toelaat. Hierdie en miljoene ander leë praatjies van Christelike gemeenskappe vorm by mense opvattings wat ’n mens nie in jou uur van vreeslike nood kan ondersteun nie.

Wanneer ek van ’n teologiese grondslag praat, bedoel ek ’n begrip, liefde en waardering vir Bybelse waarhede deur bronne soos die volgende te lees en te bestudeer:

Wayne Grudem se *Systematic Theology*,

J.I. Packer se *Knowing God*,

Charles Spurgeon se ontelbare preke en boeke

Johannes F. MacArthur se baie boeke en preke

Johannes Piper se boeke soos *Future Grace*, *God is the Gospel* en *Desiring God,*

Van die baie *Puritan Paperbacks*,

Die uitleg van dr. D. Martyn Lloyd Jones van Paulus se brief aan die Romeine, Paulus se brief aan die Efesiërs en die bergpredikasie.

Baie boeke met praktiese lewenswysheid deur goeie skrywers soos die van dr. Wayne Mack en dr. Jay E.Adams.

Preke van predikers soos dr. Albert E. Martin wat gratis van die internet afgelaai kan word.[10]

[10] Jy sal sulke skakels op verskeie van my webtuiste vind; www.graceunlimited.co.za

Daar is baie meer bronne, maar hierdie sal jou op die regte pad plaas. Om onderrig van gehalte soos bogenoemde te ignoreer, is so goed soos om op 'n uitgebreide reis van emosionele verwarring te gaan wat jou uiteindelik sal terugbring na 'n soeke na die waarheid.

Wat sê God oor dit wat Hy gesê het?

Die feit bly staan wanneer jy in pyn gedompel word, word jou ingeboude oortuiging dat God werklik bestaan, getoets. Sy naam is een van die eerste name wat by jou opkom in so krisis ongeag of jy Hom gaan prys of vloek.[11]

Ek gaan nie hier oor die bestaan van God argumenteer nie, want God self beskou dit nie eens as nodig nie[12]. Maar ek wil jou graag oor die volgende laat dink: As God bestaan – en Hy bestaan wel – dan moet ons vra: Het God gepraat? Ja, God het gepraat. Hy openbaar oneindig baie inligting oor Homself deur Sy skeppingsorde en ook in Sy geskrewe Woord.[13] Daarbenewens het God self na hierdie wêreld gekom in Jesus Christus om Sy hart te openbaar[14]. God het boeke vol gespreek!

Ek noem dit in verband met hartseer vanweë die verwarring wat saam met hartseer kom. Miskien is die belangrikste vraag in jou gedagtes dalk wat God gesê het oor hierdie tragedie. Hoe vind jy uiteindelik uit wat God te sê het oor die verskriklike omstandighede waarin jy jouself bevind? Moet jy 'n ghoeroe kry wat beweer dat hy met die dooies kan kommunikeer om sodoende vir jou vrede te bring oor die lewe hiernamaals? Het jy 'n droomspesialis nodig om jou drome te interpreteer sodat jy sin kan maak van wat God besig is om aan jou te sê? Moet jy notisie neem van vreemde geluide in jou huis en probeer om goed te luister met jou siel sodat jy nie iets belangriks mis wat jou geliefde jou wil vertel nie? Moet jy jou eie struktuur van gedagtes formuleer sodat jy berusting kan vind vir die vrae in jou hart en jouself vereenselwig met hierdie tragedie – ongeag

[11] Romeine 1:18-20
[12] Genesis 1:1
[13] Psalm 19; Romeine 1:18-20
[14] Hebreërs 1:1-2; 2 Korinthiërs 4:6

of jou gevolgtrekkings reg of verkeerd is? Is dit nodig dat jy 'n sogenaamde profeet in die kerk moet raadpleeg om jou 'n woord van God te gee? Moet jy 'n priester of 'n beroemde duiwelbesweerder raadpleeg om sogenaamde demone of bose geeste te identifiseer en uit te dryf? Is dit nodig dat jy 'n beroemde prediker opsoek om vir jou te bid om aan jou die geheime krag te gee om vry te kom? Moet jy gehipnotiseer word om die verborge geheime van jou pyn te ontleed? Sweef jou geliefde nog iewers rondom jou en probeer om iets aan jou te sê? Is God kwaad vir jou? Is dit waarom dit met jou gebeur het?

Mense neem hul toevlug tot die mees ongelooflike uiterstes wanneer hulle vasgevang word in intense pyn. Die veiligste en enigste plek om te begin is hierdie onwankelbare oortuiging: God het gepraat[15]. Skep moed in die feit dat jy vir seker kan weet wat God omtrent jou teenspoed wil sê. Wanneer jy sien wat God gesê het (dis alles opgeteken in die Bybel) moet jy weet dat omdat God dit gesê het, is daardie woorde betroubaar.[16]

As jy so pas beleef het dat 'n geliefde van jou weggeneem is uit hierdie lewe na die ewige lewe is dit ontsettend belangrik dat jy weet hoe om daaroor te dink, nie alleen vir die persoon wat gesterf het nie, maar ook vir jouself. Jy het die finale uitspraak van God oor hierdie saak nodig, en jy het dit. Daar is geen dieper wysheid nie. Daar is geen sekerder waarheid wat êrens in die hande van ghoeroes rondvlieg nie. Jy het God se finale woord hieroor.

Ek dink terug aan 'n storie van 'n tragedie wat laat een stormagtige nag gebeur het. Swaar reën het geval en die riviere se walle oorstroom en brûe weggespoel. Nadat die meeste water gesak het, het die beamptes hul voete gesleep en nie vroegtydig waarskuwingsborde aangebring om te sê dat die brûe weggespoel het nie.

Voertuig ná voertuig het in die donker nag in die rivier gestort. Geeneen van die slagoffers was in staat om die owerhede in kennis te stel van die situasie nie – dus is niemand gewaarsku nie. Uiteindelik het die ower-

[15] 2 Timotheüs 3:16-17; Hebreërs 1:1-2
[16] 2 Petrus 1:3; Mattheus 24:35

hede van die toestand verneem en ’n waarskuwingsteken aangebring om nog soortgelyke ongelukke te verhinder.

God is natuurlik nie skuldig daaraan dat Hy Sy voete sleep wanneer daar ’n waarskuwingsteken aangebring moet word nie – inteendeel. Sy waarskuwingsbord was al in plek sedert die skepping van die wêreld.[17] God het as ’t ware voor jou in die pad kom staan om jou te waarsku dat die brug weggespoel het. Hoe tragies dat so baie mense eenvoudig in irritasie uitdraai, weg van Hom af en dan oor die afgrond stort.

Omdat God gepraat het, het ek vrede gehad toe ek na die gesig van my dooie vrou gekyk het, want ek het reeds geweet wat God oor haar lewe en dood, my lewe en dood en die lewe en dood van die massas wat die aarde bewoon, te sê het.

Nie alleen kan jy vrede hê in die wete dat jy God se finale woord oor hierdie aangeleentheid het nie, maar jy kan ook weet dat God duidelik gepraat het.[18] As jy ernstig is om te weet wat God besig is om te sê, en gewillig is om jou biddend daarvoor te beywer om die Bybel te verstaan, sal jy verstaan.

Al het jy reeds ’n ingeboude kennis dat God bestaan, is dit absoluut noodsaaklik dat jy verstaan wat God in die Bybel sê om sodoende die spesifieke dinge te weet wat jy oor God moet weet[19]. Jy kan nie hierdie inligting oor God op enige ander manier bekom nie.

Ten laaste, soos wat jy God se Woord bestudeer, sal jy ontdek dat dit al die inligting bevat om God se Woord akkuraat te verstaan en in watter mate Hy aan jou vebind is – jou ellende en die wêreld rondom jou.[20] Wat ’n wonderlike versekering kan jy hê te midde van die verwarring in jou hart, wetende jy het God se finale, duidelike, outoritêre woord oor elke aangeleentheid. Dit is wat God sê oor wat Hy gesê het.

[17] Hebreërs 1:1
[18] Psalm 119:130
[19] Romeine 10:13-17; Mattheus 4:4
[20] 2 Petrus 1:3; 2 Timotheüs 3:15

Wat sê God oor Homself?

Noudat ons weet dat God gepraat het oor alles wat jy nodig het om te weet aangaande Hom, sal ons sommige van die sentrale waarhede wat God wil hê dat jy moet weet, beskou. Moenie gevang word deur net vinnig oor hierdie inligting te blaai nie. Moses het sy mense gewaarsku: "Want dit is geen vergeefse woord vir julle nie, *maar dit is julle lewe*."[21] As pyn jou op jou knieë dwing, is een van die eerste vrae waarop jy 'n antwoord moet kry die een oor hoe God se karakter lyk. Hoekom sou God toelaat dat so iets met die persoon wat ek liefhet gebeur? Waarom sal God toelaat dat soveel pyn my pad verdonker op hierdie oomblik? Verwag God dat ek moet uitvind wat Hy vir my deur hierdie tragedie wil leer? Sal ek ooit kan vasstel wat Hy hierdeur wil bereik? Was my lewe so sleg dat God nodig gehad het om *dit* te doen om sodoende my foute te herstel? Merkwaardig, hoedat 'n bedroefde persoon se gedagtes rondom God begin draai. Dit is die wonderlike genade van God wat dankbaar deur miljoene bedroefde mense ontvang is, maar ook misbruik is deur diegene wie se harte van God weggedraai is deur intense pyn.

Slegs enkele oomblikke ná my vrou en my broer se dood, was daar sekere feite wat ek reeds geweet het, wat aan my oneindige troos gebring het te midde van my trane. Bemagtig deur hierdie kennis, het ek geweet dat indien ek hierdie tragedie op so 'n wyse verstaan dat God die een is wat bevraagteken word, het ek die situasie verkeerd verstaan. Dit is waar vanweë die Bybelse waarheid aangaande die Persoon van God. Laat my toe om sommige van hierdie bemoedigende waarhede met jou te deel.

God het die heelal geskep en deur Sy uitnemende werk van voorsiening, onderhou Hy dit, werk daarmee saam en regeer dit. Hy het doelwitte wat as ons dit alles kon sien, ons verstom sal staan oor Sy wysheid en skoonheid.[22] God het selfs gekies dat die gebede van Sy mense 'n rol sal speel in die manier waarop Hy die gebeure van hierdie skeppingsorde orkestreer. In die tyd van droefheid is gebed nie slegs 'n hulpelose prewe-

[21] Deuteronomium 32:47
[22] 1 Korinthiërs 2:9-10

ling van woorde in ’n leë ruimte nie – God hoor en antwoord hierdie desperate uitroep van jou siel. Hierdie feite het vir my berusting gebring.[23]

Die Bybel leer dat daar net een God is, maar drie Persone wat saam God genoem word. Elkeen van hierdie drie Persone speel ’n onontbeerlike rol in die verlossing van ’n siel. Elke lid van die Godheid is ten goede toegewyd tot die voordeel van die mense van God en het Homself beskikbaar gestel tot hul voordeel. Selfs terwyl jy die afgryslike werklikheid van die dood aanskou, is dit ’n heerlike werklikheid.

Die Bybel leer ook dat ons God kan ken.[24] Hy is nie ’n geheime, onpersoonlike krag wat ons nooit volkome kan verstaan nie. Nee, God is ’n persoon en ons kan Hom presies verstaan in Sy toewyding aan Sy skepping deur die lojale uitdeel van Sy goedheid aan Sy mense. Omdat jy dit van God weet, kan jy, wanneer jy die dood ervaar, volkome vrede en vertroue hê.

’n Ander vertroostende feit omtrent God wat in die Bybel geleer word, is dat God nie mensgesentreerd is nie; God is onafhanklik. Hy het nie die mens of die skepping nodig nie. Hy is nie ’n God met ’n behoefte nie. Dit mag dalk meer na ontmoediging as na ’n woord van hoop klink, maar die teendeel is waar. God het eintlik mense geskep met die doel dat hulle aan Hom vreugde sou bring en Hom sou verheerlik. Dit gee aan ons oneindige troos.[25] Selfs terwyl ek die pyn van hartseer ervaar, ondervind God vreugde deur die manier waarop ek korrek dink oor wie Hy is en hoe Hy met mense en Sy skeppingsorde in verband staan. God – o, die geheimenis! – het gekies om vreugde te vind in my reaksie tot hartseer – ’n vreugde wat vir altyd by Hom sal wees en die manier bepaal waarop Hy Sy liefde vir ewig oor my sal uitstort.

Dit is vir mense ongemaklik om saam met mense te lewe wat onvoorspelbaar is. Onvoorspelbaarheid is ’n slegte karaktereienskap waarvan God nooit beskuldig kan word nie. God is wonderbaarlik bestendig en

[23] Psalm 139:4

[24] Hy is ondeurgrondelik, Psalm 143:3; Nogtans laat Hy mense toe om Hom te ken Johannes 17:3, Psalm 139:17.

[25] Jesaja 40:17; Job 41:11; Jesaja 43:7; Openbaring 4:11; Efesiërs 1:11-12

onveranderlik.[26] Of jy nou ook al in gelukkige lewensomstandighede lewe of skaars oorleef te midde van erge pyn weens droefheid, kan jy daarop staat maak dat God nooit impulsief op jou sal toeslaan of jou sal ignoreer nie. Hy is altyd dieselfde. Jy kan glo dat Hy altyd ooreenkomstig Sy wonderbaarlike persoonlikheid sal optree. Hy is nie soos vriende wat jou in jou tyd van swaarkry in die steek sal laat nie, of om ongeduldig of ergerlik met jou te word nie. Sy morele glorie sal altyd deur elke interaksie skyn.

God is nie alleen kenbaar, onafhanklik en onveranderlik nie. Hy sal ook nooit ophou om in daardie vorm te bestaan nie. Hy sal altyd die uitmuntende Persoon wees wat Hy nou is en altyd was voordat Hy die wêreld geskep het vir jou om daarin te leef. God kan elke besonderheid van die ewigheid in een enkele gedagte saamvat, en Hy kan vir ewig helder dink oor een enkele besonderheid – alles op dieselfde tyd. Dit maak Hom die God vir wie die groot prent altyd in perfekte fokus is, maar dit is nie vir Hom onmoontlik om Hom totaal te verdiep in 'n enkele weeklag wat jy uiter wanneer jy gans alleen staan in die middel van die nag nie. God plaas daardie enkele uitroep perfek in die groot plan van Sy ewige skepping. Omdat God ewig is, is jou oomblikke vir Hom belangrik[27].

Ook van onskatbare troos is die feit dat God ten alle tye oral teenwoordig is. Dit sal 'n baie treurige Christen wees wat aan God dink as slegs 'n oneindige groot wese wat soos 'n reus deur die heelal wandel. In daardie geval sal jou God so oneindig groot wees dat jy sal twyfel of jy ooit Sy almagtige oor sal bereik met jou smeekgebede.

Jy mag, in jou droefheid, jouself dalk verbeel dat jy per ongeluk onder Sy voet vergruis word en dat dit Hom 'n ruk sal neem om agter te kom dat Hy op jou getrap het. Om so 'n beeld van God te hê, sal jou verseker beroof van die ware Bybelse hoop. Hoewel die Bybel wel van God praat as onmeetlik,[28] word God ook wonderbaarlik as die Almagtige wat met Sy totale wese elke oomblik op elke plek in die ruimte teenwoordig is,[29]

[26] Psalm 102:25-27; 33:11
[27] Psalm 90:2; Openbaring 1:8; Psalm 90:4; 2 Petrus 3:8
[28] Jesaja 66:1 byvoorbeeld
[29] Jeremia 23:23-24; Jeremia 23:23-24; Handelinge 17:28; Kolosense 1:17

geopenbaar. Selfs terwyl jy alleen in jou kamer in angs kniel en trane stort wat niemand ooit sal sien nie, is God by jou met Sy hele erbarmende wese en Sy volle aandag en ontferming. Geen traan, verlange, sug of klag is ooit vermors wanneer God in jou hart wat breek, inkyk nie.[30]

God openbaar veel meer omtrent Homself in die Bybel. Hy is 'n geestelike wese, wat dit vir Hom moontlik maak om alom-teenwoordig te wees. Hy is onsigbaar, hoewel dit Hom nie minder teenwoordig maak nie – ons kan Hom net nie sien nie. Dit openbaar iets van Sy wonderlike wysheid. Dit is moontlik vir Hom om ten volle teenwoordig te wees by jou, maar omdat jy Hom nie kan sien nie, het jy die geleentheid om jouself openbaar te maak in jou motiewe, begeertes en leefstyl.

God is die alwyse God. Hy is ook betroubaar en evalueer elke lewe en omstandigheid met volkome akkuraatheid. Hy verstaan werklik al die kompleksiteite van jou lewe en die veelvuldige seer wat jy nie eens in staat is om aan iemand anders te verduidelik nie. Ook dit behoort jou te bemoedig. Hy is getrou, en sal nooit faal om te doen wat Hy belowe het om te doen nie. Een voorbeeld van Sy beloftes is dit: "Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie."[31]

God weet ook alles; selfs die miljarde vertakkings van kennis wat nog nie eens 'n impak op jou situasie gemaak het en waaraan jy nog nie eens gedink het nie. Die omvang van en hoop in jou rampspoed is baie kragtiger in God se gedagtes as wat dit in jou gedagtes is. Hy is goed – iets wat jy, in jou pyn, miskien moeilik verstaan. Tog, omdat Hy goed is, werk God altyd alles ten goede mee op 'n wonderlike manier. Terwyl hartseer op die oomblik dalk nie vir jou mooi is nie, moet jy jouself oortuig dat wanneer jy dit eendag in die volle skildery wat God besig is om te skilder, sal sien, sal dit onuitspreeklik mooi en bevredigend wees. Jy kan weet dit is 'n feit, omdat jy weet God is goed.

God is 'n liefdevolle God en doen altyd wat Hy weet wat die beste vir elkeen is. Wat goed *is* – soos ons ook weet van gewone dinge soos om tandarts toe te gaan – voel nie altyd goed nie. Dit is onwys om die gevolg-

[30] Hebreërs 4:14-16
[31] Hebreërs 13:5

trekking te maak dat wat gebeur het nie die beste is nie omdat jy nie kan insien hoe dit die beste kan wees nie. Onthou, behalwe dat God 'n God van liefde is, is Hy ook 'n genadige God. Dit beteken dat God se hart geraak word deur mense wat vasgevang is in ellende en Hy werk om daardie ellende te verlig. Naas Sy genade is Hy ook barmhartig. Omdat God 'n genadige God is, is Hy goedhartig en geduldig met mense wat dit werklik verdien om deeglik gestraf te word. Hy gee aan mense tyd as 'n bewys van Sy genade en barmhartigheid. Terwyl jy nog vars indrukke in jou gedagtes het van die dood van 'n persoon wat jy baie liefgehad het, is jou gedagtes en hart besig om die tyd wat God jou gegee het, te oordink.

God haat sonde en sal nooit skuldig wees aan sonde nie. Jy kan baie seker wees hiervan want God is heilig en regverdig en dit is wys om dit te onthou wanneer jy aan God dink in die konteks van pyn. Ongeag van hoe jy God se rol in jou ellende sien, moet jy nooit tot die gevolgtrekking kom dat God iets verkeerds gedoen het nie. Dit is die verkeerde gevolgtrekking. Dit is om teen God te sondig deur aan Hom motiewe, gedagtes en aksies waaraan Hy nie skuldig is nie, toe te skryf. Dit is 'n selfvernietigende manier van denke wat jou hartseer meer sal maak en jou kans om ware Bybelse hoop te hê, verminder.

God is vreedsaam en geordend in Sy doen en late, nooit paniekerig of onseker oor hoe Hy 'n saak moet aanpak of wat die resultaat sal wees nie. Jy mag sulke gevoelens ervaar, maar jy kan moed skep in die feit dat God dit nie sal doen nie. Alles is volkome in Sy geordende, vreedsame beheer. Jy mag dalk sukkel met 'n oorweldigende gewaarwording van jou eie sterflikheid – God is ook vreedsaam, georden, en kalm in beheer daarvan. Lewe en dood is in Sy bekwame hande.

Jy mag verbaas wees om te ontdek dat God se jaloesie ook 'n bemoediging vir jou droefheid is. Net soos 'n man met passie sy vrou en kinders beskerm teen seerkry, selfs tot die punt van die dood, so is God jaloers op sy kinders, en beskerm nie net Sy kinders nie, maar ook Sy eer. God is die finale standaard van wat reg, prysenswaardig en eervol is. Sy eer moet verdedig word. As 'n kind van God, is die jaloerse oog van die Vader onophoudelik op jou gerig, en geen enkele oomblik van ellende wat jou nie

ten goede en nie tot God se eer strek nie, sal jou ooit oorval nie. Dus met die kennis van God as 'n jaloerse God, kan jy opgewonde uitsien na die wonderlike ewige seën van God wat sal volg as gevolg van jou huidige pyn. Hy beskerm jou in die holte van Sy jaloerse hand, volkome onaantasbaar in die bedreiging van ewige rampspoed.

As God Sy kinders op hierdie manier verbete bewaar, hoe tree Hy op teen diegene wat probeer om Sy geliefdes te vernietig? Ek is dankbaar om te weet dat God 'n God van wraak is. As lewe in die Vader se hand, die pyn wat jy verduur terwyl jy die dood aanskou, insluit, hoe erg sal die uiteindelike pyn en ellende vir die vyande van God wees? Vir God, is dit persoonlik, en Hy sal willens en wetens elke indiwidu vernietig wat probeer om inbraak te maak op die wel en weë van Sy geliefde kinders. Dit beteken nie dat ware gelowiges nooit deur die hande van bose mense sal ly nie, en terwyl jy hierdie bladsy lees, was jy dalk alreeds so 'n prooi. Wat dit beteken, is dat dit *uiteindelik* en *permanent* geen negatiewe impak op jou sal hê nie. Die huidige pyn is tydelik en wanneer God Sy vyande vir ewig sal vernietig, sal dit vir jou wees 'n ewige gewig van heerlikheid en vreugde en vrede wat vir jou onmoontlik sal wees om te dra as God jou nie wonderbaarlike nuwe krag daarvoor gee nie. Omdat God 'n God van wraak is, kan jy, as 'n kind van God, ware Bybelse hoop hê.

God oefen Sy eie wil uit. Hy doen dit sonder inagneming van die opinies van ander. Verbeel jou dat God gedwonge voel om volgens die mensgesentreerde beeld van God van die moderne samelewing te leef. Dit sou nie vir Hom moontlik wees om enigiets wat goed of eerbaar is te doen nie. Hy sou eerder 'n inskiklike God wees wat vuil rebellie in Sy teenwoordigheid toelaat. Dit sou nie glorie wees nie, maar slegs 'n voortsetting van die huidige ellende van hierdie gevalle wêreld. Soos wat God met majesteit deur tyd en ruimte beweeg en Sy eie gewenste doelwitte bereik, bewys Hy Sy onmeetbare krag en soewereiniteit. Hy doen soos Hy wil. Ek sê, as 'n God soos die een wat ons beskryf het, doen soos *Hy* alleen wil, moet Hy wonderlike dinge doen.

God is volmaak. Dit ontbreek Hom aan geen faset van Sy persoonlikheid of wese wat Hom onvolmaak sou maak nie. Daar is nie 'n enkele as-

pek van God wat enige oog eendag sal sien en wat daardie oog sal teleurstel nie. Pyn mag jou druk om te glo dat daar sekere fasette van God is, wat jou sal teleurstel. Dit is ’n verwringing van die waarheid. God is ook vol vreugde. ’n Bedelaar op straat mag dalk dink jy is onvriendelik deur nie vir hom ’n muntstuk te gee nie, terwyl jy gevul is met vreugde omdat jy, sonder dat hy weet, vir hom ’n huis van sy eie gekoop het en dat hy dit spoedig sal uitvind!

God, wetende wat Hy vir jou, kind van God, weggebêre het, het geen ander alternatief as om gelukkig te wees nie. Daarbenewens, omdat God die mees uitmuntende wese is, moet vreugde onvermydelik een van Sy eienskappe wees. As jy volmaak was, en as jy *soos* God was, sou jy ook gevul wees met vreugde. Die opwindende nuus is dat God dit vir jou gaan doen op ’n dag wat sal kom; jy sal *soos God* wees!

Nie alleen is God volmaak nie, Hy is ook wonderbaar. Nie alleen ontbreek dit Hom aan enige aspek van Sy persoon wat Hom sal ontneem van Sy volmaaktheid nie, maar naas Sy volmaaktheid, besit Hy elke karaktereienskap wat Hom die mees begeerlike wese ooit maak.

Ons verstaan iets daarvan wanneer ons ’n ander persoon sien wat buitengewoon aantreklik is. Hulle het ’n manier om ons te betower met hul skoonheid. God is beklee met soveel skoonheid dat ’n enkele blik die oog vir ewig in betowering sal vasvang. As jy swaar ly weens die verlies van ’n persoon wat vir jou die mooiste persoon in die wêreld was, skep moed – dit was die wonderbare God wat daardie persoon vir jou gemaak het. Daardie geliefde persoon is ’n geringe voorbeeld van die waardering vir skoonheid in God se gedagte en ’n baie klein weerspieëling van die ware skoonheid van God.

Hierdie is sommige van die meer algemene feite wat God gewillig was om oor Homself in die Bybel te openbaar. Daar is net soveel meer om te ontdek terwyl jy die pyn van smart verduur. Ons kon, soos ander gesê het, al hierdie begeerlike volmaakthede van God saamvat onder een glorieryke term, en dit is die term: *Glorie.* Om aan enige van hierdie eienskappe van God te dink en om dit opreg te waardeer, sal jou forseer om

uit te roep: “Glorie!”, te midde van pyn.[32]

Wat sê God van die mensdom?

Hartseer is die vertoonkas van die mens se toestand in ’n gevalle wêreld. God het die mens geskape as edel en eerbare wesens. God het aan die mens die voorreg gegee om meer soos God te wees as enige van God se ander wonderbaarlike skeppings.[33] Om in hierdie vorm te bestaan, is om ’n roeping, waardigheid en bekwaamheid van die mees uitstaande orde te besit. God vind die hoogste vreugde in die mens, wat die toppunt van Sy skepping is.

Maar, soos ook in menseverhoudings, word die grootste skade berokken deur diegene naaste aan jou. Toe die mens besluit het om teen God in opstand te kom, het ons in ’n duisternis verval waaruit ons nie langer die heerlikheid van God kan sien, verstaan of waardeer nie.[34] Die wete dat God soveel intieme kennis van ons het, het ons eerder begin verveel en kwaad gemaak. Elke deel van ons wese is vernietig tot so ’n mate dat ons nie net met ons optredes teen ons glorieryke God rebelleer nie, maar ook in ons houding en selfs in ons ware natuur.[35]

Daar is ’n beginsel van vyandigheid teenoor God, ’n antagonisme en rebellie wat deurgewerk het tot die ware wese van wie ons is. Die gevolg is-- om my ouer broer Wayne se illustrasie te gebruik – niks anders as ’n prins, gekleed in sy koninklike klere, skreeuend in die modder nie. Dit is tragies hoe ver die mens se huidige toestand verwyder is van sy oorspronklike heerlikheid, dat wanneer die Koning sal kom en ons vra waarmee ons besig is, sal ons vanuit die modder na Hom opkyk, en geïrriteerd en selfversekerd skreeu: “wat?”

Dit het my gehelp om te weet dat ek geval het en vanuit die staanspoor nie in staat is om pyn te hanteer nie. Dit was ’n gevaar wat ek aan my Here in gebed moes gee. As kind van God het ek nie langer die be-

[32] Hierdie gedeelte bevat so baie Bybelse lering dat ek dit nie wou toegooi met endnotas nie.
[33] Genesis 1:26-27, 5:3, 9:6, Jakobus 3:9
[34] Genesis 3, 6:5; Jeremia 17:9; Romeine 3:23
[35] Dade: Exodus 20:13-16; houding: Exodus 20:7, Mattheus 5:28; of natuur: Romeine 3:10-18.

geerte gehad om deur die dierlike begeerte van persoonlike vreugde in sonde te verval nie. My begeerte was grootliks om reg te rou en om met goeie motiewe, aksies en houdings te leef wat vir altyd sou vasstaan. As 'n Christen is my naam nou verbonde aan die naam van God en ek wil Hom geen pyn of skande veroorsaak nie.

Dit is 'n kragtelose en misleidende argument dat as God jou gemaak het en toegelaat het dat jy saam met Adam gesondig het, het jy geen ander uitweg as om te sondig nie. Ja, God het die binnekoms van sonde toegelaat, maar God kan nie daarvoor geblameer word nie; mense kies om willens en wetens te sondig, en ek en jy kies steeds om elke dag willens en wetens te sondig. Elkeen wat sondig, dra die blaam van sonde.[36]

Die loon van die sonde is nog altyd die dood. Selfs iemand wat gered is deur God sal steeds sterf as gevolg van sonde – die dood van die liggaam. Die dood is 'n verskriklike herinnering aan hoe skokkend sonde werklik is. Net soos sonde, bring die dood vrees wat alle verstand te bowe gaan; iets soos die smart in God se hart as Hy na die gevalle mensdom kyk.[37]

Die ongeoorloofde skatte van sonde is 'n illusie. Vir 'n paar misleidende jare mag ons buite God se raamwerk lewe, en die plesiere wat God so goedhartig in Sy wêreld ingebou het, terdeë geniet, maar die einde daarvan is die dood. Afgryslike dood. Swart dood. Pynlike dood. Morbiede dood. Langdurige dood. Ontsettende dood. Onvervulde dood. Haatlike dood. Daar is geen aantreklike byvoeglike naamwoord wat aan dood gekoppel kan word nie. Dit is die helse regverdige straf vir hierdie omvang van rebellie teen God.[38]

Wanneer jy na die dood staar, is daar geen groter troos as om met onvoorwaardelike finaliteit te weet dat die dood nie die finale woord van God vir 'n kind van God is nie. Ja, die liggaam het gesterf as gevolg van sonde en dit bring onuitgesproke pyn, maar daardie siel lewe voort, vir ewig vry van die verdoemende korrupsie van sonde in elke vorm. Hulle is

---

[36] Jakobus 1:13-15; Genesis 18:25; Deuteronomium 32:4

[37] Genesis 6:6. Ek het 'n preek gelewer oor hierdie teks http://tinysa.com/110289

[38] Romeine 6:21, 23

nou vry om te lewe volgens die koninklike waardigheid waarvoor hulle aanvanklik deur God geskep is. Dit is die enigste verdienstelike doel vir die mens. Besluit, terwyl jy rou, om ten alle koste te weier om 'n slaaf te wees van jou verlangens na persoonlike geluk en vryheid. Gebruik eerder hierdie geleentheid om die lelike van die einde van daardie pad raak te sien en rig jou hart na die heerlikheid van ewige herstel. 'n Gebrek aan 'n behoorlike begrip van sonde laat jou magteloos om die dood op die regte manier te verstaan.

Wat sê God oor Christus en die Heilige Gees?

Jesus Christus, die Seun van God, het Homself gewillig onderwerp aan die volledige menslike ervaring. God was so passievol oor die loskoop van menslike siele vir Homself dat die Seun gewillig was om mens te word vir hierdie doel.[39][40] Dit het Hom selfs behaag om as 'n menslike baba gebore te word en al die fases van kindwees deur te gaan ter wille van my. Christus het die wonderlike weelde van die hemel verruil vir die ongemak van 'n gevalle wêreld – moegheid, dors, honger, fisieke swakheid en selfs die dood – ter wille van my.

Heroïes het Hy uit die dood opgestaan en opgevaar na Sy Vader – die essensie van uitbundige vreugde in die Vader se hart! Christus het Sy aardse lewe geleef met 'n menslike verstand, siel en emosies en tog volkome sondeloos .[41] Hoe wonderlik!

Saam met hartseer kom die ervaring van uiterste swakheid en gebrokenheid. Hierdie ervaring bring *vir my* tevredenheid van die hoogste orde wetende dat die versoeningswerk en krag van Christus se offer aan die kruis volkome is. Die magteloosheid wat jy ervaar met hartseer, herinner my daaraan dat dit absoluut nodig was vir Christus om as mens in my plek te lewe om Sy Vader in my plek te verheug. Dit was vir Hom nodig om in my plek voor die Vader te staan en my te verteenwoordig en die

[39] Romeine 8:32
[40] Mattheus 1:18, 20, 24-25; Lukas 1:35, 3:23
[41] Handelinge 2:27, 3:14, 4:30, 7:52, 13:35; 2 Korinthiërs 5:21, Hebreërs 7:26, 1 Petrus 1:19; 1 Petrus 2:22; 1 Petrus 3:18; 1 Johannes 2:1, 1; Johannes 3:5

doel te volbring wat God gehad het vir 'n mislukking soos ek. Dit was nodig vir Hom om as 'n voorbeeld te leef en verheerlik te word; dit alles gee aan my hoop! Te meer, omdat Christus volkome as mens geleef het, kan Hy jou ellende van hartseer aanskou en elke besonderheid van jou lyding verstaan. Omdat Hy mens was, kan Hy Homself vereenselwig met jou hartseer en vreugdes. Hierdie wete gee moed en troos in selfs die swartste nag.[42]

As Jesus slegs 'n gewone mens was, sou Sy besondere lewe ons beïndruk het, maar geen hoop gegee het nie. Ons hoop is die feit dat Hy ook volkome God is en mag en outoriteit het om jou voor Sy Vader te bring onder die saambreel van dit wat Hy volbring het.[43] Jesus moes volkome God en mens wees omdat geen ander wese in die heelal daartoe in staat is om die wraak van God oor jou sonde te verdra en te oorleef nie. Alleen God is in staat om so iets te doen. God kan 'n mens slegs red as sy lewe gebaseer is op 'n lewensrekord wat slegs God alleen kan leef. Net God kan in die teenwoordigheid van God ingaan en mense aan God voorstel. Slegs God kan God aan die mens openbaar.[44]

Dit was nie vir God nodig om hierdie heelal te skep nie, tog, wetende wat sou gebeur, het Hy steeds gekies om dit te doen. Nadat die mens teen God gerebelleer het, was dit nie vir God nodig om selfs een mens te red nie, tog het Hy besluit om mense vir Homself te red. Toe God besluit het om enkelinge te red, het dit vir Christus nodig geword om te sterf.[45] Dit is 'n kragtige motivering vir my om te weet dat God gekies het om hierdie wêreld te skep, wetende dat Hy dit doen ten koste van die lyding en dood van Jesus.

Terwyl die brandende suur van die dood nog steeds in my hart woed, het dit my gehelp om te waardeer wat die Vader en die Seun gewillig was

---

[42] 1 Korinthiërs 15:45-49; Hebreërs 2:16-17; 1 Petrus 3:18; 1 Timotheus 2:5; 1 Johannes 2:1-2; Hebreërs 2:8-9; Mattheus 28:18; 1 Johannes 2:6, 3:2-31; 1 Korinthiërs 15:42-44, 1 Korinthiërs 15:23,Hebreërs 2:18; 4:15-16

[43] Johannes 1:1, 18, 20:28, Romeine 9:5; Titus 2:13; Hebreërs 1:8, 2 Petrus 1:1

[44] Psalm 49:7-9; Hebreërs 10:4; Jonah 2:9; Jesaja 59:16; 1 Timotheus 2:5; Jesaja 33:14; Hebreërs 12:29; Johannes 1:14

[45] 2 Petrus 2:4; Mattheus 26:39; Lukas 24:25-26; Romeine 3:26;Hebreërs 2:17; 9:23-26

om te verdra met die dood van Christus aan die kruis; soveel erbarming in God se hart!

Nog meer ware hoop ten tye van die dood, is die kennis dat Jesus uit die dood opgestaan het.[46] Hy het nie slegs teruggekeer na die lewe wat Hy vantevore geleef het nie, maar Hy het teruggekeer na 'n veel hoër gehalte van lewe. Hy het opgestaan in heerlikheid!

Hy het tot 'n nuwe orde van menslike lewe opgestaan, waarin Hy Sy mense vir ewig losgekoop het. Om die dood van 'n kind van God te aanskou, is om te aanskou hoedat 'n verloste sondaar die eer wat God toekom self ontvang vanweë die losprys wat Jesus betaal het. Om hierdie waarheid te ken en daarop te steun, is om volle betekenis aan die lewe te gee; dood is nie die einde nie, dit is die begin.

Die feit dat die wêreld bestaan, spreek van die Vader se erbarming. Die Seun se passie blyk uit Sy volkome oorgawe aan die Vader se doel.

Dan is daar nog die derde Persoon van die Drie-eenheid: God die Heilige Gees. Die Gees gee geestelike lewe aan God se mense, Hy lewe in hulle, en verseker hulle van die volle seën van God wat op hulle wag. Daar is niks in hierdie wêreld, geen terapie of plan wat soveel troos bied ten tye van smart nie. Die Heilige Gees besiel ook God se mense met krag om uitsonderlike lewens van geloof te lewe; lewens wat ander verbaas tot so 'n mate dat hulle God begin loof. Hy werk, selfs deur pyn, om goedgunstiglik die erfgename van die koninkryk te heilig. Rou is nie 'n ongerieflike fase in 'n andersins nuttige Christelike lewe nie, dit is 'n tyd van versnellende groei gekenmerk deur uitermatige sensitiwiteit tot sonde, die uiteindelike evaluering van persoonlike doelwitte en 'n skerp waardering vir Christus as Persoon. Dit is so omdat die Gees ook Sy mense help om die hart van God te verstaan. Soos wat gelowiges wegbeweeg van hul blindheid tot God wat deur sonde veroorsaak word, bind die Gees hulle in 'n hegter eenheid. Die Gees werk sonder om moeg te word met elke gelowige, om op verskillende tye die behae of misnoeë van God uit te druk na gelang van hul reaksie op Sy invloed. Meer as op enige ander tyd, verskaf die oomblikke, dae, weke en maande van hartseer uitstekende draaipun-

[46] Mattheus 28:1-20; Markus 16:1-8; Lukas 24:1-53; Johannes 20:1-21:25

toomblikke om te verander en hartstogtelik te reageer op die wonderlike sorg van God wat deur die werk van Sy Gees na jou gebring word.[47]

Wat sê God oor hoe Hy mense red?

Christus het 'n roemryke verlossing vir Sy mense verwerf. Dit wat Christus verwerf het, dit pas die Heilige Gees toe op diegene wat aan God behoort. Hoe pas die Heilige Gees die werk van Christus toe?

God stuur 'n prediker van die Evangelie. Deur die woorde van daardie persoon wat getrou die ware Evangelie aanbied, roep God diegene wat Hy verkies.[48]

Baie mag die Evangelie met hul ore hoor, maar dit ignoreer. Indiwidue wat wel die roeping van God in hul harte hoor, sal altyd met vreugdevolle oorgawe aan Hom, daarop reageer. Dit is waar want saam met so 'n roeping, gee God altyd ook geestelike lewe. 'n Goeie illustrasie hiervan is die insident waar Jesus Lasarus uit die dood opgewek het.[49] Lasarus was dood toe Jesus hom beveel het om uit die graf te kom. Die enigste logiese verklaring is dat Jesus gelyktydig saam met die opdrag, lewe aan Lasarus geskenk het. Net soos wat Lasarus gereageer het, so sal mense wat op hierdie manier geroep word, met geloof en belydenis van sonde reageer. Aan hierdie persoon skenk God die perfekte lewensrekord van Jesus in die plek van die persoon se rebellie en Hy skenk aan hom die dood van Christus as substitusie om vir sy sonde te betaal. Omdat hierdie persoon nou gekleed staan in die perfekte lewe en dood van Christus, kan God hom regverdig noem.[50] Hierdie splinternuwe Christen glo nou die volle realiteit van hierdie uitsonderlike waarheid deur die oë van geloof – geloof wat op sigself 'n gawe van God is. Waardering vir hierdie waarheid groei totdat dit die allesoorheersende passie van die kind van God word[51] totdat hy ten tye van die dood in die teenwoordigheid van God,

[47] Johannes 3:5-8; Romeine 8:23; 1 Tessalonisense 1:5; Romeine 8:4, 2 Petrus 1:21; Efesiërs 4:3
[48] Romeine 8:30, 10:13-17, Handelinge 13:48
[49] Johannes 11
[50] Romeine 8:30; Romeine 4:5
[51] Romeine 6:11-14, 18

wie hy liefhet,[52] verwelkom word.

Die sekerheid en skoonheid en volledigheid van hierdie werk van God vir jou – 'n verloste rebel – verskaf 'n grondige vrede ten tye van die dood, hetsy dit die dood van 'n geliefde is of jou eie. Dit is 'n kritiese punt wat ek op die sterkste moontlike wyse wil beklemtoon.

God het homself ook daartoe verbind om elke gelowige wat Hy red, te suiwer in hul gedagtes, motiewe en werke. Dit is die stryd van die Christelike lewe wat tot 'n einde sal kom die dag wanneer God jou verhoog ten tye van die dood of met die wederkoms van Christus. Dit is omdat verlossing 'n werk van God is wat so opwindend is. Om die dood tegemoet te gaan wetende wat jy alles verkeerd gedoen het, sal enige mens vul met vrees en twyfel.

Wat sê God oor die kerk?

Met die oorlog wat Christene in hierdie moeilike wêreld moet voer, het God aan hulle 'n wonderlike lewendige liggaam gegee om hulle staande te hou – die kerk. Ek maan die leser om nie die tragiese fout te begaan en na die huidige stand van verwronging in baie kerke te kyk en die gevolgtrekking te maak dat die kerk vandag nie meer 'n behoorlik funksionerende eenheid in die wêreld is nie. Nie elke persoon in die gemeentes is waarlik gered nie, maar elke persoon wat waarlik gered is, is 'n lid van die universele liggaam van Christus. Sommige sleuteleienskappe om na te kyk in 'n goeie plaaslike gemeente is *akkurate lering en prediking van die Woord van God*[53] en *die bediening van die sakramente* (doop van die gelowige deur onderdompeling en die Heilige Nagmaal).[54]'n Betroubare kerk sal ook betrokke wees met die bediening op drie vlakke: bediening aan God deur aanbidding,[55] bediening aan gelowiges in die kerk,[56] en bediening aan die wêreld deur evangelisasie en barmhartigheid.[57]

[52] 1 Johannes 3:1-3; Romeine 8:30
[53] Handelinge 20:26-28
[54] Lukas 22:19; 1 Korinthiërs 11:24
[55] Kolosense 3:16; Efesiërs 1:12
[56] Kolosense 1:28
[57] Mattheus 28:19; Lukas 6:35-36

'n Goeie kerk is nie noodwendig die grootste kerk met die mees indrukwekkende gebou, klankstelsel, lugreëling, professionele musiek en aanbiedings en jong leiers nie. Om 'n lidmaat te wees van 'n plaaslike gemeente wat vir dieselfde goed omgee as wat God omgee, is om ten tye van hartseer die verrassende wysheid van God te ervaar met die samestelling van die liggaam van Christus om jou by te staan in tye van nood.

Selfs onder ware kerke, sal jy kerke vind wat minder suiwer is en ander wat meer suiwer is. Die sleutelwoorde tot hierdie oorweging is *suiwerheid* en *eenheid.* Baie suiwer kerke gee om vir suiwerheid van leerstelling en praktyk, dog die bewaring van daardie skatte word nie geïmplimenteer nie ten koste van eenheid – roekelose hantering van mense sodat lering en praktyk die enigste sake is wat saak maak. Aan die ander kant sal hulle ook nie eenheid najaag nie en toegewings maak tot die punt waar leerstelling en praktyk glad nie meer saak maak nie. Op hierdie manier kan die kerk hul lede liefhê en vir hulle omgee *deur* leerstelling en praktyk te laat saak maak. Selfs in 'n uiterste emosionele tyd, help die sagte invloed van die kerk jou om jou oë op die eer van Christus te hou eerder as om desperate emosies as 'n verskoning vir sonde te gebruik.

In die Nuwe Testamentiese kerk word die kerk bestuur deur 'n aantal ouderlinge, wat op hul beurt deur diakens ondersteun word. Hierdie mense is mense wat hulleself bewys het in Christelike diens en word deur die kerk geidentifiseer as persone wat kwalifiseer om in hierdie hoedanigheid te dien.[58] Om te weet dat jy onder toesig is van mense wat lewenservaring het en in genade gegroei het deur verskillende fases van geestelike groei, verstaan hoe om volgens Bybelse beginsels te leef en te leer, is 'n troos wat 'n siel wat rou 'n plek gee waar hy kan sê: ek het tuis gekom.[59] Hier is jy verseker dat jy mense gevind het, wat God vir jou opgerig het om vir jou te sorg in hierdie dag. Om deur moeilike omstandighede te leef in die hande van Christus deur middel van die kerk, is om die kerk lief te hê en naby jou hart te hou. As jy nie 'n toegewyde lidmaat van 'n goeie plaaslike gemeente is nie, sal hartseer en eensaamheid baie diep

[58] 1 Timotheus 3; Titus 1:5-9
[59] 1 Petrus 5:2-4

sny. Dit is egter nie slegs die toegevoegde probleem van die proses van rou in jou persoonlike ervaring wat jy moet oorweeg nie. Om uitgesluit te wees van die erbarmende hande van ’n ware Bybelse kerk, is om uitgesluit te wees van die liggaam wat God vir jou geskep het. Dit is om buite die huishouding van God te wees.[60] Kom huis toe, waar jy nie alleen die gemak van Christelike gemeenskap kan ervaar nie, maar ook die glimlag van Christus.

Wat sê God oor die toekoms?

Die Christelike lewe kan meer vergelyk word met ’n rivier as met ’n poel. Dit het ’n rigting en sal majestueus saamsmelt met die heerlikheid van God in die nabye toekoms. Selfs terwyl jy rou, word jy met ’n verrassende tempo saamgesleep met ’n stroom wat sal saamvloei in die voltooiing van alle dinge. Die Seun van God sal terugkom na die aarde na diegene wat nog in die lewe is.[61] Wat ook al jou beskouing van die eindtyd is, sien ons almal uit na hierdie glorieryke samevloeiing. Dit sal die dag van bevryding vir elke laaste struikeling in jou moeë gedagtes en liggaam wees; vergruis soos dit is deur die inwonende korrupsie van sonde. Die dag van vrywees van gebrek aan verlange na ons wonderbare God. Die dag van vrywees van alle trane, siekte en pyn. Die dag wanneer ons nuwe opgestane liggame sal verkry wat vir die eerste keer God in alle volheid kan loof en vir die eerste keer die skitterende heerlikheid van ons Verlosser sal verstaan. Die laaste dag om die groot prentjie te verstaan en wat ons in verwondering sal staan oor God se meestersplan. Die dag wanneer ons ons waardesisteem sal verander sodat dit wat waardevol is vir ewig vir ons waardevol sal bly. Die dag wanneer ons die gawe sal ontvang van die mees voortreflike lewe wat soveel meer beteken as ons ervaring van ons sondige bestaan hier op aarde. Die dag wanneer ons met vreugde herenig sal wees met almal wat ons liefgehad het en oor geween het in hierdie wêreld. Die dag wanneer ons vir die eerste keer die kosbare natuur van menslike verhoudings sal waardeer, selfs met Christene wat ons op ’n

[60] Efesiërs 2:19; 1 Timotheus 3:15
[61] Handelinge 1:11; 1 Tessalonisense 4:16-18; 1 Johannes 3:2

onperfekte manier in hierdie wêreld geken het en liefgehad het. Die eerste dag waarop ons sal sien hoedat sonde op ’n universele skaal onder die voete van Jesus Christus, die Een na wie elke oog gedraai sal wees, vertrap word. Die eerste dag om in die oë van die Verlosser te kyk en getref te word deur die intense persoonlike natuur van Sy hartstogtelike liefde vir Sy eie mense. Die eerste dag van ware lewe.

Die gedagte van die dood in hierdie wêreld is geneig om ’n vreesaanjaende gedagte te wees. Wanneer ’n lewe op die spel is, noem ons dit ’n noodgeval. Maar wanneer ’n Christen sy lewe verloor, word hy in hierdie skoonheid ontvang. Hy het uiteindelik tuisgekom net soos elke ander gelowige sal doen. Terwyl die dood ’n tragedie is wat onbeskryflike hartseer bring, is dit terselfdertyd die wederkoms van Christus vir die gelowige wat gesterf het. Om die dood op hierdie manier te verstaan, is die enigste manier om die dood tegemoet te gaan sonder vrees, en om finaal vrede te vind in die dood van iemand wat jy baie liefgehad het.

7

Rou en dink

Die ervaring van hartseer was ’n moeilike reis. Gemengde gevoelens het in my hart rondgedans en aan my hart getrek. Goed van my dierbare vrou wat ek gemis het, het my minuut na minuut aangeval en my herinner aan my verlies.

Dit was vir my baie moeilik om haar kombuis binne te gaan na haar dood. Elke kombuis het ’n geskiedenis van herinneringe. Byvoorbeeld, die stel spesiale messe wat ek vir haar gekoop het. Ek kan daardie messe nie gebruik sonder om die dag te onthou dat ek haar na die winkelsentrum geneem het om dit te kies nie. My hart het so na haar uitgegaan omdat sy gewoon tevrede was met wat sy gehad het om te gebruik, en daardie messe was ’n duur geskenk om te sê: “Ek het jou lief”. Ek kan ons nog steeds sien waar ons omtrent twee-en-’n-half uur lank spandeer het by die vertoning om op die regte stel te besluit. Wanneer ek in die kombuis is, hou haar sagte hande nog steeds daardie messe vas, medoënloos besig om ons te dien omdat sy ons liefgehad het. Maande lank het my trane die skottelgoedwater aangevul terwyl my voete op die plek staan waar sy altyd blymoedig voor die wasbak gestaan het.

Nie ver van die kombuisvenster nie, staan die woonwa in die agterplaas wat ek vir ’n lang tyd as ’n kantoor gebruik het. Sy het altyd vir my gesê hoe gelukkig sy was dat sy enige tyd van haar werk in die kombuis

kon opkyk en my sien waar ek in my kantoor besig is. Ek self kon slegs in my stoel omswaai en agter my kyk om haar glimlaggende gesig deur die kombuisvenster te sien. Ons sou dikwels mekaar se oë vang en met ’n glimlag vir mekaar waai. Dit is nou swaar om by die kombuistoonbank te werk en my woonwa buite te sien staan. Dit staan nou leeg, want ek werk nou binne die huis om by my dogters te wees; al daardie gebeure is nou slegs ’n herinnering.

Een van Charleen se persoonlike “demone” was dat sy grootgeword het met ’n ma wat alles vir haar gedoen het. Toe sy met my getrou het, was sy totaal verlore in die kombuis en het baie gesukkel om ’n tuisteskepper te wees. Dit het haar baie ongelukkig gemaak. Ek het haar gehelp sover as wat ek kon en sy het die hulp baie waardeer, maar sy het steeds verlang om uit te blink in hierdie area. Vir ten minste die laaste ses jaar van ons huwelik, het ek gesien sy is besig om te wen. Sy het begin om op die Here te vertrou om haar in staat te stel om haar gesin op ’n buitengewone manier lief te hê – en sy was passievol hieroor! Sy het geleer om allerhande soorte maaltye te berei en sy het haarself toegewy aan die tuisskoolonderrig van ons kinders. Sy het my altyd met ’n opgewekte glimlag en ’n drukkie by die deur verwelkom wanneer ek saans klaar gewerk het. Sy het dikwels trots verklaar dat sy die strykwerk voltooi het. Die dogters en ek het altyd oorgeloop van waardering vir haar maaltye wat sy elke dag vir ons voorberei het. Ons het dikwels vir haar gesê hoe baie ons haar waardeer. Sy het begin om doelgerig liefde te bewys, want sy was bewus van God en het begeer om Hom te behaag op die manier waarop sy haar kinders en my liefgehad het. Ek kan nog baie voorbeelde daarvan opnoem, maar ek sal net dit sê: Charleen was nie perfek nie, maar sy het haar taak as vrou, ma en tuisteskepper met toewyding aangepak. Hoe mis ek nie daardie doelbewuste liefde van haar nie.

Sy het belang gestel in wat ek in my woonwakantoor gedoen het. Een dag het ek ’n stapel werkstukke nagesien en toe ek klaar was, het ek dit in ’n groot koevert gesit. Toe ek die onderkant van die koevert stamp om die stapel in te kry, het sy uit die kombuis vanwaar sy my dopgehou het

"hoera" geroep. Ek was so bemoedig dat sy daarvan bewus was dat hierdie werkstukke vir my 'n moeilike taak was en dat sy saam met my bly was dat die taak nou afgehandel was. Ek mis dit so baie.

Ek werk sedert middel 2009 aan 'n fantasiereeks: *Chariss*: *Escaping Emptiness*. Ek het baie ure met haar oor die boek gesels maar nooit vir haar vertel wat die werklike komplot is nie. My plan was om op 'n dag die voltooide reeks in haar hande te plaas en te kyk hoe sy dit geniet om die verhale te lees en die tonele te ontdek waaroor ek so lank passievol was. Haar opgewondenheid oor my boek en haar vertroue in my as skrywer was so bemoedigend. Ongeag of my boeke 'n sukses gaan wees of nie, haar vertroue in my het die opofferings om die taak aan te pak die moeite werd gemaak.

Sy het my dikwels vergesel wanneer ek berading gedoen het. Ek het soveel tyd met mense spandeer dat enigiemand anders wat met my sou saamgaan, ongeduldig sou word. Charleen het egter geduldig deur die uitgerekte sessies gesit terwyl ek na mense se hartseer en probleme luister, al het dit lank geneem om tot 'n slotsom te kom. Ek kon haar altyd uit die kant van my oog dophou. Dit was duidelik dat sy geraak was deur die mense se probleme. Sy het notas geneem terwyl ek praat. Sy het altyd ná afloop van 'n sessie gesê dat sy dankbaar was dat sy saam met my kon wees, want sy kon nie wag om te sien hoe ek te werk sou gaan om die mense te help wie se lewens in so 'n gemors beland het nie. Nogtans, ongeag die sukses of mislukking van my berading mis ek haar sagte, ondersteunende teenwoordigheid gedurende die beradingsessies. Ek mis die besprekings wat ons ná die tyd gevoer het.

Ek mis haar in die gemeente wanneer ek preek. Ek preek nog steeds meestal in dieselfde gemeentes waar ek gewoonlik gepreek het, en die sitplekke waar sy gewoonlik gesit het, is nog steeds daar. In my geestesoog kan ek haar nog sien regskuif met haar oop Bybel, haar notaboek en haar potlood, terwyl sy glimlag en wag om te hoor wat ek op daardie dag sal sê. Ek kon die preke met haar op pad huis toe in die motor bespreek en haar vra hoe dit oorgekom het. Haar vriendelike bemoediging en tere

geduld, selfs al het ek dieselfde preek al drie maal op verskillende plekke gepreek, het gemaak dat ek haar ontsettend liefgehad het.

Ek en Charleen was die stigters van Living Hope Church in Sunnyside, Pretoria.[62] Dit is baie moeilik om met ons geliefde gemeentelede te meng en nie die geweldige gaping op te merk wat deur haar afwesigheid veroorsaak is nie. Ek mis dit om haar oog tussen die menigte te vang terwyl sy aandag aan ander gee.

Ek mis haar wanneer ek deur haar Bybel blaai en duisende klein notatjies lees wat sy in potlood in my teenwoordigheid geskryf het. Ek mis haar wanneer ek trouringe uitdeel en dan al die jare onthou dat sy haar trouring gedra het. Die dag toe ek dit vir haar laat maak het, is nog steeds vars in my geheue. Ek mis haar op spesiale dae soos verjaardae, Moedersdag, Vadersdag, Kersfees, Nuwejaarsdag. Ek mis haar wanneer ons na nuwe plekke gaan en sy nie daar is om dit saam met ons te geniet nie – sy het gewoonlik so opgewonde geraak oor klein dingetjies.

Wanneer ons die voorreg gehad het om aan die Suidkus van KwaZulu-Natal vakansie te hou, het ons gewoonlik ná ons rit van sewe uur, ingeboek by die plek waar ons gaan bly en dan by Panarottis by die Shelly-sentrum by Shelly Beach, gaan eet. Dit was so heerlik om na so ’n lang rit saam met die familie te ontspan, wetende dat ons by die see is en nie nodig het om rond te hardloop nie. Ons het sulke heerlike herinneringe van daardie etes by Panarottis dat slegs die aanskoue van hul padtekens, dekor, messegoed en breekware genoeg is om weer die verwoestende pyn van verlies te laat ontvlam .

Een oggend het ek haar gehelp om ons bed op te maak soos my gewoonte was. Terwyl ek besig was om die laken reguit te trek, het sy gegrap: “Haai, jy is besig om my helfte van die laken te steel – die voue moet hierdie kant wys.” Sy het na die voue op die laken gewys wat netjies met die hoeke van die matras saamgeval het. Ek het apologeties geskerts en my fout herstel. Ná daardie insident het ek altyd geweet ek kan ’n ekstra glimlag uit haar kry wanneer ek haar met die opmaak van die bed gehelp het. Al wat nodig was, was vir my om net na die punt van die laken

[62] Www.livinghopechurch.co.za

of duvet te wys en te sê: “Haai! Die voue is bedoel om hier te wys,” ongeag of daar voue was of nie. Ek mis dit elke oggend wanneer ek die bed opmaak.

Een kosbare eienskap van haar wat ek ook mis, is die manier waarop sy vroeg in ons verhouding besluit het om nooit aanstoot te neem of selfs ’n kwessie te maak van enigiets wat ek sou sê wat haar kon ontstel nie. Oor die twee dekades van ons getroude lewe heen het ek ’n vryheid in ons verhouding gevoel dat ten spyte van die feit dat sy die ergste van my geweet het, sy steeds liefde en toegeneentheid oor my uitgestort het. Hoe mis ek daardie toegeeflike aanvaarbare gees in haar interaksies met my!

Ek kan aanhou en aanhou om voorbeelde op te noem, maar ek sal nog net hierdie een ding noem wat maak dat ek haar oneindig baie mis. Sy het daarvan gehou om waar ek ook al gegaan het, saam te gaan. Oor die jare het sy vir honderdduisend kilometers langs my in ons verskillende motors gesit. Bestuur was altyd so ’n plesier wanneer sy regtig saam met my wou kom, ongeag van waarheen ek gegaan het. Haar leë sitplek in die motor, sonder haar opgewekte teenwoordigheid en vriendelike glimlag, maak dat ek haar gedurig mis.

Terwyl hierdie woorde ver tekort skiet om te beskryf wat ek probeer om te sê, het ek probeer om kortliks ’n paar voorbeelde te gee om aan te dui dat vir ’n persoon wat treur, twee realiteite gelyktydig geldig kan wees. In die vorige hoofstuk het ek sommige van die kern-teologiese strukture opgesom wat my ondersteun het – nie slegs in ’n tyd van rou nie, maar ook in alle lewensomstandighede.

’n Persoon wat rou, is ten volle daartoe in staat om hierdie twee wêrelde gelyktydig te verstaan. Beide is werklik; beide is geldige perspektiewe.

Wanneer jy ’n verwoestende verlies gely het, sal die mense rondom jou sukkel om te weet wat om vir jou te sê en miskien bang wees om met jou te praat. Jy moet daarop let om hoflik in jou optrede te wees want sommige van die dinge wat mense sê, kan selfs hinderlik en onsensitief wees. Uit hierdie kommentare is een soort moeiliker om te ontvang as

ander. Dit sal wys wees om dit in ag te neem as jy iemand is wat van plan is om ’n bedroefde persoon te troos.

’n Trooster sal jou nader as hy sien dat jy nie jou trane kan bedwing nie. Hulle sal aanneem dat omdat jy huil, beteken dit dat daar iets omtrent hierdie rampspoed is wat jy nie verstaan nie. Hulle dink dalk as hulle hierdie fasette aan jou sal verduidelik, sal jou gesig ophelder en jy sal ophou om te huil. Hulle bedoelinge is gewoonlik vriendelik en goed. Hulle sal dalk afbuig na jou en hardop met jou praat asof jy iemand is wat nie goed kan hoor nie, of hulle sal saggies praat asof hulle op heilige grond staan. Wanneer hulle begin praat, sal jy agterkom dat hulle sinne sodanig gestruktureerd is dat dit sal draai om die beklemtoonde woord “maar” in die middel. “Ek is jammer oor jou verlies, maar ...”. “Jy moet haar mis, maar...”, “Dit is ’n tragedie, maar ...”, “Ons is almal geskok, maar...”.

Om een of ander rede lyk dit of hulle net nie in staat is om eenvoudig die werklike verlies, die werklike tragedie, die werklike egte rou te aanvaar en daarop te fokus nie. Elke ding op sy eie tyd. Ek sê dit op die vriendelikste manier moontlik. Dikwels is dit wat ná die “maar” kom waar, maar ’n hartseer persoon wil graag hê dat jy vir ’n oomblik by hom stilstaan en die totale omvang van die skok en die werklike waarde van dit wat weg is, waardeer. Die woorde in Klaagliedere 1:12 kom in my gedagtes. “Raak dit julle nie, julle almal wat met die pad verbygaan? Aanskou en kyk of daar ’n smart is soos my smart wat my aangedoen is, waarmee die HERE my bedroef het op die dag van sy toorngloed.”

Hoeveel “maar”-frases kon bygevoeg word by die rampspoed wat oor Jerusalem gekom het? Terwyl beloftes van hoop en vreugde en herstel oor die verwoeste stad in Klaagliedere uitgespreek is, is die bedoeling van die skrywer om elke aanskouer van daardie afgryslike toneel te oorreed met: staan stil, staan stil, staan stil. Staar. Dink na. Laat toe dat die rampspoed met sy hartelose angel in julle harte insink. Jeremia wil dat jy, die moderne leser, tyd sal neem om die diepte van hierdie ramp te voel. Meer as enigiets anders, wil bedroefde persone hê dat jy langs hulle staan, tyd neem om na hul tragedie te kyk en saam te stem dat dit werklik ’n betekenisvolle verlies is. ’n Verlies van onuitspreeklike grootte. Hul-

le wil hê dat jy saam met hulle getuie moet wees van hierdie verlies terwyl hulle na die puin staar. Hulle wil hê dat jy verder as blote simpatie moet gaan. Hulle wil hê dat jy sal sien wat hulle sien en saamstem dat dit verskriklik is.

Om jou erkenning van hul hartseer vinnig te verwoord omdat jy daarmee ongemaklik is, sodat jy by die "maar skep moed" deel kan kom, is om 'n bedroefde persoon in sy of haar ervaring van verlies te verlaat. Hulle weet jy is nie bereid om stil te staan en saam met hulle te staar terwyl jy verbygaan nie. Jou raad wat volg ná die "maar" dryf weg in die duisternis omdat jy nie werklik hul penarie raaksien nie.

Om stil te staan en te staar is nie om die realitiet van hoop wat ons in Christus het, te ontken nie. Of dit waar is of nie, dit voel vir iemand wat rou dat mense wat na jou toe kom met 'n "maar"-sin, dink dat jou hartseer jou geheue van die verlede en begrip uitgewis het. Dit kom voor asof hulle dink dat omdat jy huil, het jy weer soos 'n baba geword met die verstand van 'n baba. Ek dink nie hierdie omkering was waar van Jeremia toe hy geween het oor die val van Jerusalem nie. Ek glo ook nie dat dit waar is van 'n gelowige wie se geloof gegrond is in die Bybelse waarheid nie.

'n Mens wat nog nooit 'n Bybelse wêreldbeskouing gehad het nie, sal in 'n tyd van rou gewoonlik dit waarin hy glo, bevraagteken en sukkel om iets te kry om aan vas te hou, maar selfs vir hóm is die tragedie werklik. Dit is ongevoelig om te sê "Ja, maar hy is in 'n beter plek". Dit is om hul pyn onder 'n mat in te vee asof dit nooit gebeur het nie. As dit jou houding is, is jy waarskynlik een van die laaste mense na wie hulle sal kom wanneer hulle werklik hulp verlang om te verstaan hoedat hierdie tragedie inpas in hul Bybelse wêreldbeskouing.

Soos wat ek hierdie gedagtes oordink het, was een spesifieke teks vir my belangrik. Ek het oor God se skepping van die wêreld en die mens gedink. Daar is geen twyfel daaromtrent nie – God het die mees teologies gerigte verstand in die heelal. Toe Hy die skepping in wording gespreek het, was daar nie eens 'n stippeltjie grys area in Sy gedagte nie. Hy het elke besonderheid van wat Hy besig was om te doen, geken. Hy was besa-

dig, geordend, kalm en vasberade in Sy aksie om te skep. Tog, slegs ses hoofstukke verder in die Bybel, sien ons dat God berou gehad dat Hy mense gemaak het op aarde en Sy hart was vol pyn. In hierdie toestand het Hy Sy hand in oordeel uitgestrek om alle lewende wesens, mens en dier, uit te wis.[63] Byt net vas op daardie punt vir 'n paar lang oomblikke. Oorweeg hierdie werklikheid: die Almagtige God ween. Daar is pyn in God se hart.

Die Skrif gee geen aanduiding dat as God die geleentheid gehad het om weer te skep, dat Hy dit nie vir 'n tweede keer sou doen nie. Nee. Hierdie is dinge wat Hy reeds voordat Hy geskep het, verstaan het. Hy was duidelik bewus van elke motief agter elke gedagte in die hart van elke persoon aan wie Hy lewe geskenk het.[64] In God bestaan beide 'n volle begrip van die situasie, en volle pyn en hartseer gelyktydig. Die punt is, terwyl God geweet het dat dit sou gebeur, het die werklike ervaring daarvan steeds vir Hom smart en droefheid veroorsaak. Dit is ook waar van die wonderlike Verlosser aan die kruis. Hy was die lam geslag vanaf die skepping van die wêreld.[65] Die kruis was geen verrassing vir Hom nie, eerder, dit was met die doel om te sterf dat Christus na hierdie wêreld gekom het. Tog het Hy toe Hy die verskriklikheid van die kruis ervaar het uitgeroep in angs van verlatenheid. Hyself het die totale teologiese begrip van God gehad, tog het Hy in pyn verkeer.[66]

Elke mens het die ingeboude kennis dat hy of sy eendag sal sterf en dat almal rondom jou sal sterf.[67] Tog bring die ervaring van 'n geliefde se dood, emosies van onverwagte afmetings. My punt is dit: omdat 'n bedroefde persoon platgeslaan is deur hierdie emosies, dit nie beteken dat hy of sy hul verstand verloor het nie. Omdat 'n bedroefde persoon huil, beteken dit nie dat hy of sy ware Bybelse hoop verloor het nie. Die teendeel is egter waar. In my ervaring van die dood van verskeie mense vir

[63] Genesis 6:6 Ek het 'n preek oor hierdie teks gelewer http://tinysa.com/110289
[64] 1 Kronieke 28:9
[65] Openbaring 13:8
[66] Psalm 22:1; Mattheus 27:46
[67] Prediker 3:11, Hebreërs 9:27

wie ek lief was, het ek gevind dat droefheid die gelowige se vashou aan Bybelse waarhede versterk. Dit beproef jou geloof tot die uiterste, bevraagteken dit, ontwortel dit, verdedig dit en gee jou vertroue daarin. Dan ervaar ’n mens hoe God jou deur so ’n rampspoed dra. Dit maak Christus meer dierbaar vir jou siel as wat jy ooit kon droom om waar te wees.

Ek onthou, toe Charleen naar begin word het, die nag toe sy gesterf het, het sy langs my op die bed kom sit. Ek het my arms om haar gesit om haar te troos. Ek het vir haar gesê ek is jammer dat sy nie lekker voel nie. En toe – twee ure later, het ek daar op dieselfde vloerteëls gestaan langs dieselfde bed, terwyl ek my twee dogters omhels om hulle te troos oor die verlies van hul moeder. ’n Absolute verwoestende tragedie. Tog, binne dieselfde uur, het ons onsself in die volgende kamer bevind waar ons met dankbaarheid in ons harte tot ons geliefde hemelse Vader gebid het. Niks anders as dankbaarheid, lof en afhanklikheid nie.

Vir die volgende twee dae het ek wanneer ek deur ons slaapkamer loop, haar handsak op die vloer gesien waar sy dit met haar eie hand gesit het. Die blote sien daarvan was genoeg om my te laat huil. Hoe diep was daardie seer, tog terselfdertyd is ek oorweldig deur die gedagte van die min geld in daardie handsak in vergelyking met die onberekenbare rykdom wat sy tans smaak in die teenwoordigheid van ’n stralende Christus.

Elke keer wanneer ek ons slaapkamerkas oopmaak om klere uit te haal om aan te trek – klere gewas, gestryk, opgevou en weggepak deur haar eie dierbare hande, sal ek haar eie klere op die rak onder myne sien. Die blote sien van daardie bekende klere oorweldig my. Tog, terselfdertyd staan ek verstom oor die glorieryke klere waarin sy nou getooi staan – stralend soos die son voor die aangesig van Christus.

Die dag ná Charleen se begrafnis, het ek met ’n swaar hart my trouring afgehaal. Die huwelik het tot ’n einde gekom deur die onwelkome tragedie van die dood. Ek kon nie eens my vinger deur die trane sien nie. Maar terwyl ek, my geliefde Charleen se eggenoot, daardie ring afhaal, het ek geweet dat ek haar vrylaat in die omhelsing van Christus, die uitnemende

eggenoot wat haar sal liefhê met 'n toewyding waartoe ek nooit in staat was nie. Hy sal vir haar voorsien en haar beskerm en vir haar sorg op 'n uitmuntende manier.

Ware rou is verenigbaar met ware teologie in die hart van 'n gelowige. Moenie bang wees om eenvoudig net stil te staan en die tragedie te erken nie. Jy hoef nie enigiets diepgaande te sê wat in die anale van geskiedenis geskryf sal word nie. Mense wat treur waardeer en verlang dit. Ek dink nie dit is sonder betekenis wanneer Paulus in sy kommentaar sê: "...treur saam met die wat treur".[68] Hy sê nie: "leer die wat treur" nie. 'n Treurende persoon het slegs die hoflikheid van iemand nodig om saam te treur.

Daar is twee ander goed wat jy nie vir 'n treurende mens moet sê nie.

Moenie in hul oor fluister: "Moenie bekommerd wees nie, met tyd sal jy vergeet en dan sal dit nie so erg wees nie." Hulle wil nie vergeet nie. Dit is presies wat die pyn veroorsaak. Die mens wat die wêreld vir hulle beteken het, is skielik permanent van hulle af weggeneem. Hy of sy is weg. Die tragedie is dat hierdie waardevolle, lieftallige persoon vergeet gaan word en mense sal net voortgaan om kaastoebroodjies te maak en besig wees met ditjies en datjies sonder om eens aan die mens wat heengegaan het te dink. 'n Mens wil juis in die dae, weke en maande alles onthou. Die gedagte om te vergeet is kwetsend. Eerder as om te probeer om 'n treurende persoon te troos met die gedagte dat hulle gou sal vergeet, probeer verstaan dat hulle meer bekommerd is oor die feit dat hulle sál vergeet as wat hulle oor hulle hartseer is. Hierdie benadering kom ooreen met die spreekwoordelike Jobs-trooster wat liedere sing vir 'n beswaarde hart. In plaas daarvan dat hy troos bring, is sy pogings gelykstaande daaraan om iemand se jas weg te neem op 'n koue dag.[69]

In werklikheid is dit 'n bedekte seën om oor tyd te vergeet. Om nooit te vergeet nie, sal beteken dat jy jou lewe in 'n kort tydjie sal vernietig.

Dink terug aan die verwoesting van Job se lewe. Ná die reeks rampspoede wat Job getref het en erge hartseer gebring het, sou jy verwag dat sy naaste vriende gevul sou wees met medelye. Hul bedoeling was om

[68] Romeine 12:15
[69] Spreuke 25:20

met hom te simpatiseer en troos te bring. Hulle was beweeg tot gepaste hartseer en trane by aanskoue van sy verlies, en hulle was sprakeloos. Dit sou beter gewees het as hulle dit net daar gelaat het.[70] Dit is ook waar vir mense vandag wat kom om die bedroefde te vertroos.

Toe Job se teenstanders hul monde geopen het, was dit om Job aan te val eerder as om te simpatiseer en te troos. Dit lyk of daar in vandag se samelewwing ook ’n teologiese atmosfeer is wat uitblink in dieselfde aanslag op die gebrokene van hart. Dit is hul fyn agterbakse intensie om in jou persoonlike aangeleenthede rond te grawe om hul vinger op een of ander sonde in jou lewe te plaas en dan die huidige gebeure met daardie sonde te verbind. Dit is so goed as om die gebeure aan ’n gebrek van geloof te koppel of selfs aan persoonlike negatiewe praatjies. As jy jou verhouding met jou treurende vriend onherstelbare skade wil berokken, is hierdie benadering die beste. Net soos wat hierdie benadering in die dae van Job ongevoelig en verkeerd was, net so is dit vandag steeds ongevoelig en verkeerd. Sulke optredes het geen plek in ’n behoorlike raamwerk van evangeliese teologie nie – die raamwerk wat ons in die vorige hoofstuk bespreek het. Jy sal onthou dat dit ook God se gevolgtrekking was van sulke bemoediging. Die Here het gesê: “My toorn het ontvlam teen jou en jou twee vriende; want julle het nie reg van My gespreek soos my kneg Job nie.”[71]

Charleen het Woensdagnag, 17 Oktober 2012 gesterf. Op Saterdag, die 20ste, het ek genoeg moed gehad om my motor te was sodat dit skoon kon wees vir die kerkdiens in Pretoria die volgende dag. Dit was nou die derde donker dag ná haar dood en ek kon eenvoudig net nie ophou huil nie, so ek kon nie regtig sien wat ek doen nie. My hande het maar net voor my beweeg terwyl ek met ’n klam lap was. Dit was ware verdriet. Die feit dat ek in staat was om my motor te was vir die volgende dag se rit kerk toe, was ’n bewys van die feit dat my doelwitte in die lewe nog steeds reg was. Ek kon my nie indink om nie by my gemeente op daardie eerste Sondag te wees nie – hoe pynlik dit ook al sou wees – want dit is

[70] Job 2:11-13
[71] Job 42:7

waar ek my verbind het om te dien. ’n Verbintenis gegrond op ’n Bybelse siening, ondersteun deur goeie teologie. Hierdie verbintenis was so deel van my lewe dat selfs die dood van my geliefde vrou dit nie sou verander nie. Verbondenheid aan Christus in die alledaagse lewe is ’n oorkoepelende verbintenis wat die tragedies van die lewe gadeslaan met ’n onaantasbare glorieryke hoop. Alles het verander, tog het niks verander nie. Ek het gerou en gedink.

Ek het die klankstelsel in die kerk opgestel – net soos ek altyd doen – drade ingedruk in wasige gate deur trane heen. Nie omdat ek lewendig dood was nie, ek het slegs probeer om deur my pyn te kom op die enigste manier wat ek geken het. Nee, ek het gedoen wat volgens my oordeel van ewige waarde sou wees voordat Charleen gesterf het en wat steeds ewige waarde het ná haar dood. Ek het gerou en gedink.

Ek wil jou bemoedig om hierdie gedagtes te oordink wanneer jy mense teëkom wat rou of wanneer jyself in die posisie is waar mense jou kom bemoedig sodat jy met grasie daarop kan reageer.

8

Twintig minute

Steeds in ’n dwaal, het ek die nag toe Charleen gesterf het, langs my geliefde vriend, Pieter Swart, op die vloer gesit. Dit was net ná middernag toe hy na my draai en sê: “Gelukkige verjaardag, broer,” en sy arm om my gesit. Vir iemand wat van buite af inkyk, sou dit dalk onvanpas wees om iemand geluk te wens met sy verjaardag in sy donkerste uur, maar dit was nie. Die blote feit dat hulle op hierdie belaglike uur van die nag saam met my was om saam te huil, was ’n bewys van hul liefde. Toe hy dit sê, het ek skielik iets onthou.

Vroeër daardie dag, voordat ek en Charleen die plaas verlaat het om dorp toe te gaan en daarna lughawe toe om my ouers te gaan haal, het ek in die kamer ingestap waar sy op die rekenaar besig was. Sy het vinnig die skerm met haar hande toegehou en vir my geglimlag. “Moenie kyk nie,” het sy gesê, “ek is besig om iets op jou muur te pos.”

Ek het natuurlik nie gekyk nie en minute later was ons albei in die motor op pad dorp toe. Ek het totaal van haar pos vergeet tot op daardie oomblik. Skielik was dit vir my noodsaaklik om te weet wat sy geskryf het, noudat sy nie langer met my kan praat nie. Ek het my foon uitgehaal en Facebook oopgemaak. Daar, heelbo op my muur het die boodskap, saam met ’n foto, van my geliefde vrou gestaan: “Bly kalm en droom groot”.

Hoe het ek haar gevoelens waardeer toe sy daardie woorde geskryf het wat sy geweet het wat my hart sou raak. Dit was ’n uitdrukking van haar verlange vir my om uit te blink. Sy het geweet ek was altyd ’n persoon wat groot gedroom het. Ek moet erken, sommige van my drome het haar dalk moeg gemaak, veral in die omgewing van Evangelisasiewerk, maar sy het saam met my die pad gestap terwyl ek my hart op groot dinge vir Christus gesit het. Daar was iets baie vertroostend in daardie laaste stelling wat so sprekend van haar liefde vir my, as ’n eggenoot en helper, was – so vertroostend dat dit nog meer trane voortgebring het. Enigiets het my laat huil in daardie eerste dae. Herinneringe aan wat eintlik gebeur het, was so onwerklik.

Ek het steeds haar laaste minute oor en oor op die groot skerm van my geheue gesien. Dit was baie ongewoon vir Charleen om siek te wees. Die enigste keer wat ek haar ooit na ’n dokter moes neem, afgesien van die besoeke aan die dokter in verband met die geboorte van ons twee kinders, was vir ’n minder belangrike ongesteldheid gedurende die eerste twee jaar van ons huwelik. Toe ek haar tandarts toe geneem het vir ’n roetine-ondersoek, het die tandarts gesê ek moet eerder die geld gebruik om haar uit te neem as om dit op ’n tandarts uit te gee. Daar was nie eens ’n enkele stopsel in haar tande nie. Ook die oogkundige kon geen probleme met haar oë vind nie. Sy was nie bewus van enige gesondheidsprobleme nie, behalwe dat sy die week voor haar dood ’n effense verkoue gehad het. Selfs dit het sy slegs met ’n anti-bakteriese keelsproei en ons gewone natuurlike gesondheidsprodukte behandel. Sy was die hele dag lewenslustig en opgewek, net soos sy altyd was – sy het selfs soos gewoonlik voor ontbyt vyf kilometer gaan stap.

Toe sy van die bed afgeklim het nadat sy die tee gedrink het wat ek vir haar gemaak het, en badkamer toe gegaan het, was ek besorg oor haar, maar niks meer as wat jy gewoonlik sal wees wanneer iemand gewoonweg naar word nie. Ek het haar jammer gekry toe ek hoor dat sy opgooi en my besorgdheid het toegeneem. Ek het gewonder watter medikasie ons het wat haar sou help met die naarheid. Ek het gelukkig altyd seker gemaak dat ons die basiese medikasie het. Ek het haar privaatheid toe-

gelaat en gewag dat sy uitkom. Nadat ek die toilet hoor spoel het en gehoor het dat die water in die wasbak loop, het sy uit die badkamer gekom. Sy het na my geloop en ek kon sien daar is klein sweetdruppeltjies op haar voorkop. Dit was verstaanbaar. Sy het so pas gebad, net voordat sy naar geword het, en die badkamer was nog stomend warm.

Sy het geglimlag toe sy op die bed gaan sit, maar ek kon sien dat sy glad nie goed voel nie. Ek het my arm om haar gesit en kon onmiddellik voel hoedat sy oor haar hele liggaam sweet. “Is jy oukei liefling?” het ek gevra terwyl ek na haar, nou bleek, gesig kyk.

“Ek sal nou beter voel,” het sy effens uitasem geantwoord. “Ek moet net ’n rukkie stil sit.”

Sy was skaars ’n minuut in my omhelsing toe sy weer opstaan en na die sitkamer loop. Toe sy die slaapkamer verlaat, het ek na die kas gegaan om my bloeddrukmeter, stetoskoop en termometer te kry. Ek was nou baie bekommerd. Ek het haar in die sitkamer gekry waar sy op die driesitplekbank onder die dakwaaier gesit het met haar kop opgelig na die waaier asof sy probeer om meer lug in te asem. Ek het langs haar gaan sit, met ’n bekommerde glimlag in haar oë gekyk en gesê ek wil haar bloeddruk neem. Sy het geknik en geglimlag maar niks gesê nie. Dit het gelyk of sy daarop konsentreer om meer lug te kry.

Ek het die band gou om haar arm vasgemaak en die klein rubberbuis gepomp, en gekyk hoe die naald op die meter net effens beweeg.

Toe het ek geskrik. Haar oë het myne ontmoet terwyl sy vir ’n paar sekondes vir my gewag het om te praat. “Is dit hoog?” het sy uitasem gevra.

“Nee,” het ek geantwoord en my bes probeer om my besorgdheid te verberg terwyl ek wonder wat die rede kon wees vir haar bloeddruk om so geweldig en so vinnig te daal en vir haar polsslag om so vinnig te wees. “Dit is eintlik baie laag.”

Ek het geweet wat om te doen, maar in haar huidige toestand wou ek haar nie ekstra angstig maak nie. Ek het haar koue, geswete arm gestreel en vir haar geglimlag. “Ek wil jou hospitaal toe neem,” het ek gesê. Daardie woorde het vir haar meer gesê as wat enigiemand anders sou verstaan. Sy het my mediese opinie baie hoog geag omdat ek as paramedi-

kus gewerk het toe ons mekaar ontmoet het. Sy het my reg in die oë gekyk; haar pragtige blou oë nou gekleur met 'n emosie wat ek nooit voorheen daar gesien het nie. Daar was volkome vertroue. Daar was verlange. Daar was skrik. Daar was hartseer. Daar was 'n klein bietjie vrees. As dit *ek* is, die een wat sy vertrou, wat haar op daardie oomblik vertel dat ek nodig het om haar hospitaal toe te neem, dan is dit nie goed nie.

"Dink jy dit is nodig?" het sy gevra; die kommer oor haar hele gesig geskryf.

"Moenie bekommerd wees nie, liefling," het ek haar verseker, terwyl ek haar arm 'n drukkie gee en probeer om geen paniek te veroorsaak nie sodat ek 'n beter kans het om haar veilig by die hospitaal te kry. "Ek gaan net vir Jean-hulle sê wat ons gaan doen, dan kom ek terug."

Ek het baie vinnig deur ons slaapkamer geloop en deur die deur wat ons huis met my suster en swaer se huis verbind. Jean was in die sitkamer. "Jean," het ek begin, "Ek gaan Charleen hospitaal toe neem, sy lyk nie goed nie."

Terwyl ek in Jean se oë kyk, kon ek sien dat 'n klomp emosies deur haar gaan. Aanvanklik was sy gemaklik en ontspanne, en het geluister asof ek teruggekom het om iets onbelangrik maar vriendelik te sê. Terwyl sy geluister het na my kalm, maar ernstige woorde, kon ek sien dat sy nie verstaan wat aangaan nie. Wat haar verstand haar vertel en wat ek haar vertel het, het net nie bymekaar gepas nie. Dit was nie eens 'n halfuur gelede dat ek en Charleen uit haar huis gestap het in goeie gees en skynbaar perfekte gesondheid nie. Dit het gelyk of sy gedink het daar was 'n vangplek in wat ek haar vertel. Maar teen die tyd dat ek my eerste sin voltooi het, het ek 'n diepe besorgdheid, gemeng met vrees en 'n verlange om te doen wat sy ook al kon om my te help op haar gesig gesien. "Wat kan ek doen?" het sy onmiddellik gevra, amper nog voordat ek my sin voltooi het.

"Jy kan Pa gaan vertel wat aan die gebeur is," het ek gesê terwyl ek omdraai om te loop. Sy het opgespring en my na ons huis gevolg. Charleen het van die rusbank na die badkamer gegaan om haar blaas te ledig voor ons sou ry.

Ek het haastig my motorsleutels geneem, die huis oopgesluit, die motor uit die motorhuis getrek en na die voorkant van ons huis gery en toe vinnig na ons voordeur geloop om my geliefde vrou motor toe te help. Voordat ek die deur bereik het, het sy uitgekom en swaar geleun op Jean en Chyreece wat haar na die motor gehelp het. Sy het op die voorste sitplek gaan sit en haar kop agteroor op die kopstuk laat rus en baie ongemaklik gelyk.

Chyreece, ons oudste dogter, toe sestien, het ingeleun en haar omhels. “Ek is lief vir jou, Mamma,” het sy gesê.

“Ek het jou ook lief, Reecie,” het Charleen gesê en vir haar geglimlag.

Ek kon nie langer daar tyd spandeer nie. Ek het die passasiersdeur toegemaak en vinnig omgestap na die bestuurder se kant. Ek het oor die dak van die motor en die geraas van die luierende enjin gesê, “Ek gaan haar Kosmos toe vat!” Kosmos is die naam van die private hospitaal in Witbank, ongeveer sestig kilometer ver van die plaas. Ek het geweet ek sal baie vinnig moet ry om betyds daar te kom – en dit is presies wat ek gedoen het.

Iemand het alreeds ons oprit se hek vir my oopgemaak sodat dit slegs vir my nodig was om die hoofhek van die plaas oop te maak. Ek het eers ’n paar dae later besef, dat Jean my die tyd wou spaar om die hek oop te maak en dat sy gehardloop het om dit oop te maak. Ek het haar nie in die donker gesien hardloop nie. Ek het lank voor haar by die hek aangekom en haar in ’n stofwolk agtergelaat, die hek oopgemaak en verbygery na die sandpad.

Die sandpad is baie gevaarlik. Oor die jare wat ek hier in die vallei gewoon het, het hierdie pad al baie lewens geëis van mense wat dit onderskat het. Ek het geweet ek moet die dertien kilometers tussen die plaas en die teerpad ter wille van Charleen versigtig ry. Ek wou haar nie onnodig angstig maak deur roekeloos te ry nie. Ek het daarom versigtig bestuur maar tog vinniger as gewoonlik gery. Om die eerste draai en daarna oor die Wilgerivierbrug, net breed genoeg vir een motor, het ek vinnig versnel teen die stywe helling aan die ver kant tot by die skerp draai. Net

toe ons daardie skerp draai links bereik, het sy vooroor gesit, haar sitplekgordel losgemaak en aan haar klere rondom haar nek getrek.

“Maak die venster oop,” het sy uitasem gehyg terwyl sy tevergeefs die deurkontroles betas om die venster oop te maak. So kosbaar was sy, dat nadat sy daardie woorde gesê het, het sy besef dat sy miskien té bevelend met my gepraat het en ná sowat twee sekondes, het sy bygevoeg,”asseblief” en probeer glimlag.

Ek het stadig om daardie skerp draai gery want die pad was baie hobbelrig, beskadig deur gronderosie en ander voertuie kan soms onverwags vanuit die teenoorgestelde rigting op jou afkom. Ek het haar venster oopgemaak wetende dat ek dit gou weer sal moet toemaak. As ek dit nie toemaak nie, sal verstikkende stof die motor vul sodra ons weer vinniger begin ry. Ek het die motor se waaier op volspoed gesit en weer haar venster toegemaak.

Toe die venster weer toe was , het ek besef dat sy baie vinniger asemhaal. Ek het haar hand gevat en vasgehou terwyl ons oor die rowwe pad deur die donker ry met ’n stofwolk agter ons. Stormwolke het vroeër die aand saamgepak en weerligstrale het nou en dan die hemelruim verlig. Ek het heeltyd na haar geloer, maar haar toestand het duidelik versleg.

“Ek is jammer dat jy sleg voel, my lief”, het ek gesê terwyl ek haar hand druk. Sy het na my gedraai en geglimlag. “Dis goed,” het sy uitasem gesê. Ek kon sien dat sy met baie moeite gepraat het, so ek wou nie verder met haar praat nie. Ag, hoe het ek gewens ek kon haar help. Ek was bekommerd dat sy besig is om ’n hartaanval te kry en dat sy enige oomblik kon sterf, en soos haar toestand toe was, was daar niks wat ek sou kon doen om haar te red nie.

Ons het die meeste dinge in ons lewe oor die jare bespreek, ook hierdie situasie. Ons het albei geweet dat ons aan mekaar belowe het dat indien enigeen van ons bygebring moet word, dit ons keuse is om dit nie te doen nie. As ’n paramedikus, by die besigste ambulansstasie in die Suidelike Halfrond, het ek ontelbare hopelose resusitasies gedoen. Daar was nie eens een geval wat suksesvol was nie. Daar was een geval waar ek ’n man bygebring het wat ’n asma-aanval gekry het, maar hy het twee dae

later weer 'n asma-aanval gekry en gesterf. Ons het albei saamgestem dat ons ons liefde aan mekaar op hierdie manier sal bewys; indien enigeen van ons die geleentheid het om die heerlikheid te betree, sal ons mekaar lief genoeg hê om die ander een te laat gaan.

Terwyl ek nog steeds haar swetende hand vashou, het ek na haar gedraai en gesê: "Liefling, ek het jou lief." Selfs al het ek hierdie woorde al ontelbare kere vir haar gesê, het dit steeds vir ons betekenis gehad, en spesiaal op daardie oomblik terwyl elkeen van ons 'n tragedie beleef waarvan die uitkoms elke oomblik duideliker geword het.

"Ek het jou ook lief," het sy onmiddellik gesê, hygend na woorde. Sy het gehyg soos 'n hond in die warm son en haar asemhaling was baie vlak. En skielik was dit stil. O, die angs van daardie oomblikke toe sy agteroor val met haar kop tussen die kopstuk en die deur – ek is nie in staat om dit ooit te beskryf nie.

"Liefling!" het ek gesê terwyl ek haar hand druk en haar versigtig skud. Dit het gevoel of ek met myself praat. Ek het skielik bewus geword van die wete dat ek alleen in die motor is – my geliefde vrou was nie langer daar nie. Daardie woorde was die laaste woorde wat ons met mekaar gepraat het.

Op daardie oomblik het my foon gelui. Dit was my pa. Hy het gehoor dat ek op pad was na die hospitaal met Charleen. Omdat daar twee mediese dokters in die vallei woon, wou hy voorstel dat ons na een van hulle moes gaan om ons die rit na die hospitaal te spaar. Ek het geantwoord: "As hulle kan help, dan moet dit *nou wees."* Sonder om tyd te mors het ons die oproep beëindig en ek het regs gedraai in die oprit van die residensiële plaas Hephzibah.

Ek het daar stilgehou en omgedraai na die stil figuur van my geliefde metgesel en vriendin en deur my trane heen kalm haar pols getoets. "Liefling!" het ek nog 'n paar keer gesê en haar teer geskud met die hoop dat ek die toneel verkeerd geïnterpreteer het. Ek het sowat 'n minuut lank langs haar gesit maar my pa het nog nie teruggeskakel nie. Ek het sy nommer geskakel en nie geweet of ek in staat sou wees om met hom te

praat nie. Die tyd het aangebreek vir my om helderheid en werklikheid in my verwarring te vind.

"Hi Al," het hy met deernis gesê. "Waar is jy?"

"Ek is voor Hephzibah se hek," het ek gesê, bang om die inligting met hom te deel omdat ek geweet het dat sy gesondheid self nie goed is nie.

"Het iemand al die hek vir jou oopgemaak?" het hy gevra.

"Nee." Dit was nou moeilik vir my om te praat.

"Ek het geskakel ...," het hy begin, maar ek het sy naam genoem om die gesprek in 'n ander rigting te stuur.

"Pa," het ek gesê, en gesukkel om die woorde uit te spreek wat skerp in my hart vasgesteek het. "Ek is bevrees, dit is te laat."

"Wat bedoel jy, dit is te laat?" het hy gevra.

Vroeër toe ek gesê het die dokters moet *nou* reageer, het hy verstaan dat ek bedoel het dat ek alreeds verby die plek was waar hulle woon en dat dit te laat was om om te draai daarheen. Daarom dat hy nou vra wat ek bedoel met *te laat.*

"Pa, ek is bevrees, Charleen is dood." Die klank van daardie woorde deur my lippe in daardie stil motor, alleen in die donker, het 'n verwoestende effek op my gehad. Wind het oor die grondpad gewaai en stofwolke opgewaai wat voor my hoofligte uitgewarrel het. Die motorenjin het nog steeds geluier. Ek het die waaier se spoed laer gestel; Charleen het nou nie meer al daardie lug nodig gehad nie.

"Haai? My kind? Nee!" het sy verstomde antwoord gekom.

"Hoe?"

"Ek weet nie pa. Sy het net skielik sleg begin voel, maar voordat ek haar by die hospitaal kon kry, het sy gesterf." Teen daardie tyd het ons albei gehuil en kon nie langer 'n ordentlike gesprek voer nie.

"Ag, my seun" het my pa swaar oor die foon geprewel, oorweldig deur die nuus van die tragedie.

"Ek neem haar nou Bronkhorstspruit-hospitaal toe," het ek gesê omdat ek nie geweet het wat om anders te sê nie. Wat kon ek sê? Geweldige emosies het deur my begin spoel; emosies van verwoesting en verlies, emosies van ongekende vreugde oor haar glorieryke ontvangs in die he-

mel en die feit dat ons van mekaar geskei is sonder enige ongedane sake; emosies van vrede; ’n verpletterende sin van skeiding. Ek wou dit met haar deel, maar ek kon nie.

Ek het die motor omgedraai voor die geslote Hephzibah-hek, en stadig teruggery op die pad waarop ek so pas gejaag het. Daar was nou geen haas meer nie. Niks het meer saak gemaak nie. Daar was nou geen rede meer om na Kosmos-hospitaal in Witbank, sestig kilometers suidoos van die plaas waar ek die beste beskikbare mediese hulp in die area sou ontvang, te gaan nie. Nou kon ek rustig na Bronkhorstspruit-hospitaal toe ry wat net veertig kilometer suidwes van die plaas is. Die gehalte van mediese sorg was nou nie meer van belang nie.

Ek kan my toestand daardie nag terwyl ek deur die storm ry, slegs beskryf as *doodse angs*. Ek het aan ons geliefde dogters tuis gedink, tien en sestien jaar oud en ek het geweet dat die nuus hulle binne sekondes sou bereik. Ek wou met hulle praat voordat hulle die verpletterende nuus by ander mense hoor. Terwyl ek deur daardie dramatiese, bulderende donderstorm oor ’n modderige klipperige pad ry, het ek daardie hartverskeurende oproep na Chyreece gemaak.

Om iets te begryp van die skok van daardie nag, moet jy verstaan dat vandat Charleen gesê het dat sy naar voel tot die tyd wat ek op my horlosie met haar dood gekyk het (’n ou gewoonte van my omdat ek as ’n paramedikus gewerk het) was slegs twintig minute. Van daar af het ek vir ongeveer ’n uur gery tot by Bronkhorstspruit-hospitaal om haar liggaam af te gee.

Om by te dra tot my pyn het die dokter wat op diens was, my met agterdog behandel. Sy het my kortaf behandel en probeer om my uit te vang met die inligting van my storie terwyl ek die gebeure herhaaldelik vertel. Dit is standaardprosedure om ’n polisiedosier te open met ’n sterfgeval soos dié maar haar beskuldigings het dit erger gemaak.

9

Daardie eerste dae.

Terwyl die klank van haar finale woorde nog in die lug tussen ons hang, het my oë met teleurstelling en ongeloof na my lieflike vrou se beweginglose gesig gestaar asof sy enige oomblik sou asem skep en glimlag. Maar daar was niks nie. Met elke oomblik het die pyn van my verlies groter geword. Oor en oor wou ek my mond oopmaak en iets vir haar sê, die een met wie ek so lank alles gedeel het, maar nou was daar niemand om mee te praat nie. Ek wou haar vertel hoe pynlik hierdie ervaring was. Ek wou haar omhels en troos oor die ongemak wat sy die laaste twintig minute verduur het. Ek wou daar wees vir haar om haar te help, om haar te beskerm en haar lief te hê in hierdie teenspoed. Toe God die vrou vir die man geskep het, het Hy 'n wonderlike maat en helper geskep. Hoewel ek altyd Charleen se kameraadskap en hulp waardeer het, en dit dikwels vir haar gesê het, het ek nooit voorheen die waarde daarvan so skerp en intens beleef as op daardie oomblik nie.

Ek was desperaat om die geweldigheid van hierdie oomblikke met haar te deel, maar ek kon nie. Die geskikste persoon om hierdie persoonlike verlies met my te deel, die enigste persoon wat werklik sou verstaan wat dit vir my beteken, was nie meer daar om dit met my te deel nie. Die gevoel van verlatenheid van daardie oomblikke is steeds ver bo my begrip. Toe ek my motor omdraai en stadig Bronkhorspruit se kant toe be-

gin ry het om haar liggaam na die lykshuis by die hospitaal te neem, het die motor se linkervoorwiel 'n gat in die pad getref wat veroorsaak het dat haar kop teen die deur stamp. Ek het begin om te sê: "Ek is jammer Lief," maar my woorde het in snikke verander toe ek besef daar is niemand om mee te praat nie. My beste maat is weg. Kort hierna het ek my oudste dogter geskakel om met haar te praat.

Daar is meer wat ek moet sê oor daardie eerste oomblikke ná haar dood. Droefheid het my iets geleer oor die kompleksiteit waarmee God die menslike verstand en hart gebou het. Presies op dieselfde oomblik wat ek ineengekrimp het onder die kwaai slag van my bitter verlies, was ek ook besig met gedagtes op 'n totaal ander vlak. Terwyl ek daar onder die uitgestrekte nagtelike hemel sit, het dit vir my gevoel asof ek die voorreg gegun was om haar tot by die laaste tree te begelei voordat sy in die werklike heerlikheid ingestap het. Daar was 'n aroma van die minsame, glorieryke Christus teenwoordig. Hy het geglimlag en gestraal terwyl Hy nadergekom het in Sy onuitspreeklike majesteit en persoonlike liefde. Hy het Charleen se hand by my geneem in Syne op die mees minsame manier. Daardie nag was dit asof God my genadiglik toegelaat het om die heerlikheid van Christus se glorie te sien. Hy het geweet wat ek verlang en dat ek dit nodig gehad het en Hy het dit vir my toegelaat. Terwyl Sy Majesteit verskyn het om haar te ontvang met onuitspreeklike vreugde, het dit my getref: dit was Hy wat *vir* haar en *as gevolg van* haar en *in haar plek* gesterf het. Wat 'n grenslose liefde!

Om deur die geloofsoog te aanskou hoedat Christus iemand so naby aan my ontvang het, het my met opgewonde gedagtes gevul terwyl ek stadig deur trane heen in die donderstorm na die dorp gery het. Die liefde wat ek vir hierdie vrou gehad het, was die soort liefde wat 'n toegewyde eggenoot oor jare heen vir sy eggenoot kweek. Dit gebeur nie net sommer nie, dit is doelbewus en met oorleg. Tot en met hierdie aand, was die beste en veiligste plek vir haar om naby my te wees. Onder my sorg. In my beskerming. In my voorsiening. Maar noudat sy van my weggeneem is, het die skoonheid van die Persoon na wie sy gegaan het, begin om helderder te skyn.

Selfs al het ek haar desperaat liefgehad, was dit ’n gebrekkige liefde bevlek deur sonde. Selfs al het ek myself ingespan om vir haar op die beste manier te sorg, was my voorsiening nooit genoeg nie. Selfs al het ek haar ten beste beskerm, was sy tog in ’n mate onveilig by my. Maar nou is sy soos ’n breekbare skat ontvang in die warm omhelsing van ’n volmaakte Eggenoot. Die Een wie se voorsiening geen perke ken nie. Die Een wat meer vrygewig met Sy voorsiening is as enige welwillendheid wat jy ooit in hierdie wêreld sal teëkom. Die Een wie se liefde diep persoonlik is, onvergelykbaar en eindeloos. Dit was hierdie Eggenoot wat haar liefgehad tot die uiterste van die kruis, vir hierdie oomblik. Dit was hierdie Eggenoot wat die oomblik van haar dood, haar ontvang het sodat sy al die voorregte as Sy bruid kan geniet.

Ek kon nie anders as om na haar uitgediende liggaam te kyk, en die lyne van veertig jaar se swaarkry van lewe in ’n vervalle wêreld op haar gesig te sien nie – en niemand het haar stryd meer intiem geken as ek nie – en wonderlike bevrediging verkry uit die wete dat my geliefde eggenoot en metgesel uiteindelik *vry* is! Sy was *tuis;* die plek wat albei van ons geweet het dat ons verlang om te wees.

Terwyl ek na haar kyk, het die sekerheid dat sy nie net bloot in die donkerte van daardie verskriklike nag verdwyn het nie, maar dat sy ontvang is deur die glorieryke Christus, aan my onuitspreeklike vreugde verskaf wat by my gebly het en steeds sekerder geword het tot op hierdie dag. Sonder hierdie realiteit en die teologiese grondslag waarvan ons vroeër gepraat het, is die aanskoue van dood ’n verskriklike kastyding. As die heerlikheid van Christus nie die passie van jou hart is terwyl jy aan jou eie onafwendbare dood dink nie, verseker ek jou nou, die dood is te verskriklik om te aanskou. Jy het Christus nodig; jy moet weet dat wanneer jy sterf, gaan jy na ’n Persoon, en nie na ’n plek nie.[72]

Dit is duidelik dat Christene tegelyk kan rou en helder dink. Gedurende die eerste paar dae was daar ander gedagtes wat dit duidelik gemaak

[72] Op grond van wat ek gesê het, ek glo verseker dat die hemel ’n werklike plek is. Ek het die Persoon van die hemel beklemtoon omdat as jy nie die Persoon het nie, kan jy slegs ’n skamele troos tydens dood hê omdat jy hoop om in ’n plek wat hemel genoem word te wees. Sonder die persoon, is daar vir jou geen plek nie. 1 Joh 5:12

het. Een daarvan was die ergerlike sensasie wat ek met my saamgedra het dat iets baie waardevol weg was. Meer spesifiek – ek het gewerk aan 'n liefdevolle verhouding met my vrou vandat ek haar in November 1992 ontmoet het.

My suster Jean het werk gekry in die kantoor van 'n groot fabriek waar Charleen ook gewerk het. Gedurende daardie reënerige November het die mense op my skof 'n jaareind-funksie gereël. Jean het Charleen as 'n toe-oë-afspraak vir my gereël. Ek onthou nog steeds my eerste ontmoeting met haar. Sy het aangestap gekom na waar ek binne gesit het. Haar skouerlengte swart hare het in die laat namiddagson geblink, haar oë was 'n pragtige blou en die oomblik toe sy my sien – daardie *glimlag*! As sy senuagtig was om my vir die eerste keer te ontmoet, het sy dit glad nie gewys nie. Vanaf die eerste oomblik dat ons met mekaar gepraat het, was ons nie vreemdelinge vir mekaar nie. Ons het al ons vrye tyd saam deurgebring en het elf maande later getrou. Ek het haar humorsin so bewonder. Sy het die kuns verstaan om my te laat lag. Ek het die gemak waarmee ons met mekaar omgegaan het waardeer. In twintig jaar het ons nooit ons stemme verhef of met mekaar gebots nie. Selfs al het sy van my verskil, het sy gemaklik en vrolik aanvaar wat ek gesê het. Meestal sou sy binne enkele minute die episode vergeet het maar as sy nie vergeet het nie, het sy my lief genoeg gehad om dit sag en vriendelik op 'n geleë tyd te bespreek.

Selfs om 'n lieftallige persoon te leer lief kry, neem tyd. Jy maak hulle seer sonder om te besef dat jy dit doen, maar wanneer jy dit uitvind, slyp dit jou voorgenome liefde. Ná 'n liefdeskool van negentien jaar, voel dit asof 'n mens 'n verhouding van uitsonderlike groot waarde en sterkte gebou het. Tog, in een enkele oomblik, het dit gevoel of daardie lewende projek waaraan ek vir so baie jare so onselfsugtig gewerk het, vernietig is en dat daar niks van gekom het nie. Ek was hartseer oor die verlies van dit wat ek met soveel sorg versorg het; so asof dit skielik alle waarde verloor het wat ek daarin geploeg het.

Tog was niks verlore nie. Ek het tot hierdie gevolgtrekking gekom gedurende die eerste paar dae van bitter pyn. Nie eens 'n fraksie van daar-

die waarde was uiteindelik verlore nie. Deur daardie jare van blymoedige selfopoffering, het die Here my op ’n reis van Christelike groei geneem wat op geen ander manier sou gebeur het nie. Hy het presies geweet waar ek nodig gehad het om druk te ervaar, en Hy het dit deur middel van Charleen verskaf. Niks van daardie karaktergroei was verlore nie. Inteendeel, deur die ervaring van Charleen se dood, het die Here my selfs meer versnelde groei in Christelike karakter gegun. Ons sal selde gewilliglik kies wat ons werklik nodig het, maar God skenk dit genadiglik aan ons. Hierdie ervaring was geen uitsondering nie.

Dan is daar ook Charleen se groei. Sonder haar blootstelling aan my vir al daardie jare, sou sy nooit gegroei het op die manier waarop sy gegroei het nie. God was haar siel genadig gedurende daardie jare en het aan haar die wonderlikste geskenk van alles gegee: Sy verlossende genade. Hy het haar van swakheid na sterkte geneem en haar in ’n merkwaardige vrou van God verander. Nie ’n enkele jaar van harde werk as eggenoot en moeder het verlore gegaan nie, nie een enkele oomblik, besluit of sug nie. Op hierdie oomblik, terwyl ek hierdie bladsy tik, verheug sy haarself in die vrug van die weg van lewe in Christelike karakter wat deur ’n genadige God aan haar geskenk is.

Is ’n huwelik vermors? Nee. Hoewel ek haar steeds ontstettend baie mis, het ons ’n vreugdevolle kameraadskap gehad wat waarlik die vreugde van my hart was. Geeneen van daardie jare is verlore nie, hulle het werklik plaasgevind. Ek weet ons huwelik het tot ’n einde gekom, maar iets baie meer voortreflik het in die plek daarvan gekom. Sy is verhoog tot ’n beter lewe en verbintenis met Christus. Sy is verhoog tot dit waarna beide van ons verlang het. Sy het gegaan van iets wat diep bevredigend was na dit wat ver bo die beperkinge van bevrediging is. Ek, aan die anderkant, het die voorreg om die een te wees wat pyn en hartseer ervaar, eerder as my geliefde vrou. Ek het die voorreg om die onderwerp van God se goedheid te wees om Hom te verheerlik deur die geloof wat Hy my gee in hierdie beproewing. Om op die verlies te fokus eerder as op die glorie van God is om in ’n klein wêreldjie van selfbejammering te verval en is

ondankbaarheid teenoor die wonderlike God. Niks het verlore gegaan nie.

Ek is nie gewoond aan begrafnisse waar die lyk besigtig word deur begrafnisgangers nie, maar met Charleen se begrafnis, het ek besluit om die dag voor haar begrafnis 'n tyd vir besigtiging te maak. Warm en koue gedagtes het met mekaar baklei om voorrang in my gedagtes te kry terwyl ek neerkyk op haar bekende kalm gelaat. Verbysterende ongeloof het steeds my gedagtes versluier terwyl ek die woorde "Charleen se begrafnis" en "haar liggaam" gebruik. Dit was my geliefde vrou wat hier voor my lê terwyl haar gesig nog steeds die lyne wys van jare se vriendelike glimlagte. Daar was nie 'n enkele plek op daardie lieflike gesig wat ek nie oor en oor gesoen het nie. Maar nou kon ek agter daardie oë sien, nou geslote en bleek in die dood, die opwinding van vryheid in Christus. Dit is waar dat wanneer jy dood van so naby aanskou, is die werklikheid daarvan baie leliker en pynliker as wat woorde ooit kan beskryf. Tog bring dit daarmee saam die ervaring van nuwe lewe wat nooit van jou weggeneem kan word nie. Terwyl jy na die dooie gesig van 'n persoon kyk wat jy baie lief het, herinner dit jou daaraan dat die dood die verpersoonliking van boosheid is. Tog, hoewel dit waar is, bring die dood 'n kind van God by die volle ervaring van die goeie. Dit was ook waar vir Jesus Christus wie se aaklikge, grusame dood ewige vreugde en vrede vir Sy mense gekoop het.

Een van die sentrale vreugdes wat ek in die Christelike geloof ervaar, is die Bybelse lering aangaande regverdigmaking deur geloof. Ek het dit al baie gepreek, berading daarmee gedoen, dit gedeel gedurende Evangelisasie, gedurende gesprekke opgehaal en daaroor geskryf. In die tyd van dood was hierdie waarheid kragtig genoeg om 'n treurende hart met bewondering te ondersteun.

Jean het in 'n gesprek vir my gesê Charleen was net soos ons, 'n normale alledaagse persoon. Sy het verseker nie die vlak van persoonlike vervulling bereik waar sy voor God kon staan op die oomblik van haar dood en verwag om deur Hom ontvang te word op grond van haar eie goedheid nie. Inteendeel, hoe meer ons mekaar leer ken het, hoe meer

het ons mekaar se swakhede leer verstaan en ons onvermoë om te verander ervaar. Tog, in daardie staat van onvolmaaktheid, terwyl sy onverwags beswyk het weens siekte, is sy volkome deur God aanvaar. Die vreugde en vrede wat hierdie waarheid aan jou bring ten tye van dood, laat enige ander onsinnige idees soos dwergies lyk. God het haar geroep slegs omdat Christus in haar plek gelewe en gesterf het. Daarom staan sy nou aangeneem deur God soos wat Christus deur God aangeneem is in volle vreugde en seën. Soos wat Jean gesê het, is dit juis dit wat Christene wat agtergelaat word, so bemoedig te midde van die feit dat jy jou eie swakhede ken. Jy mag onverwags enige oomblik huis toe geroep word, maar die glorieryke lewe, dood en opstanding van Christus is beskikbaar in jou oomblik van nood.

Die dag nadat ons haar lykbesigtiging gehou het, het ons haar begrafnisdiens gehou. Broeders en susters van ons kerk en van ander kerke het blymoedig saamgewerk om die mees gedenkwaardige begrafnisdiens wat ek nog ooit bygewoon het, te hou. Die begrafnis by die begraafplaas sowel as die diens by die kerk is lewendig uitgesaai oor die internet en kon deur familie en vriende van verskillende kontinente bekyk word.[73]

My swaer, Shaun, het my en my dogters na die begraafplaas geneem. Terwyl ons deur die hek gery het, het die ongewone groot groep roubeklaers ons aandag getrek. Ek was so geroer om te sien hoe baie mense gekom het om my geliefde vrou se begrafnis by te woon en om my en my familie te ondersteun in ons tyd van rou.

Ons moes ’n hele ent weg van die graf parkeer. Tussen ons en daardie aaklige plek was die straat vol vriendelike gesigte. Ons het verlang om te stop en elke persoon te vertel hoe dankbaar ons was dat hulle gekom het; dit het so baie vir ons beteken.

Daar het ek en my dogters agter die doodskis van ons geliefde Charleen geloop en haar dierbare liggaam tot ruste gelê in die grond. Hierdie was tye van desperate hartseer; tye waarin ons so wonderlik gedra was

[73] Tydens die skrywe van die boek was die rolprent nog beskikbaar by http://www.ustream.tv/channel/charleen-funeral Die klankbane is beskikbaar by http://tinysa.com/106774
In hierdie bronne word die persone wat hard gewerk het gedurende die begrafnis elkeen persoonlik bedank.

deur beide die hande van die mense rondom ons wat ons liefgehad het en ons ewige hoop in Christus. Daardie liggaam wat ons begrawe het, sal uit die graf opstaan tot 'n glorieryke nuwe lewe; en dit is presies waarop ons gefokus het gedurende die begrafnisdiens wat ná haar begrafnis gehou is.

Wat 'n triomfantelike begrafnis was dit nie! Swak mense wat die glorie van ons groot Verlosser besing te midde van die dood. Ons kon dit doen, want Christus het sonder twyfel die dood oorwin vir elkeen van Sy mense. Charleen se liggaam mag wel in 'n graf lê, maar op daardie oomblik was sy meer lewendig as enigeen van ons wat by haar begrafnisdiens teenwoordig was. Ek was so geraak en verras om ongeveer driehonderd mense by die diens te sien wat die saal tot sy volle kapasiteit gevul het. Die manne het geskarrel om nog meer stoele in te bring. Ek weet Charleen sou ook verbaas gewees het.

Een van die liedere wat ons op die begrafnis gesing het, was een van Charleen se gunstelinge, *The Power of the Cross* deur Keith en Kristyn Getty en Stuart Townsend.[74] Hoewel ek hierdie verslag nege maande later skryf, sing ek nog steeds daardie lied met sterk emosies. Ek is dikwels nie eens in staat om dit te voltooi nie vanweë die opwindende uitsig van Golgota en glorie wat deur die sanger se gedagte met daardie woorde geskilder word. Terwyl ek daardie lied sing, kan ek nog steeds hoor hoe Charleen dit langs my sing terwyl ons die aanbidding gelei het by die Living Hope-kerk. Dit het my getroos terwyl ons daardie lied by haar begrafnis sing. Ek kon in my gedagtes sien hoe sy haar nou verheug in die waarheid van die woorde van die lied.

As jy miskien soos ek is dan is jy ook bang om met mense te praat in hul uur van hartseer. Jou hart breek vir hulle, maar jy is bang om iets te sê omdat jy nie weet wat om te sê nie en jy wil hul ook nie seermaak met jou sukkelende woorde nie. Ek was so dankbaar vir die honderde mense wat hul vrees oorkom het en met my in daardie tyd kom praat het. Ek het opreg waardeer wat dit sommige van hulle gekos het om my te nader,

[74] http://www.gettymusic.com/hymns-powerofthecross.aspx Hierdie skakel was nog funksioneel ten tye van die skrywe van die boek.

nogtans het hulle dit gedoen. Ek kon sien dat die skok so ’n impak op party gemaak het dat hulle nie geweet het wat om te sê nie, tog het hulle gekom. Dit is voldoende. Dit kommunikeer opregte omgee. Ek wil graag elkeen bedank en bemoedig wat die moed gehad het om met my te kom praat te midde van hul eie trane en sprakeloosheid. Ek waardeer die vriendelike bedoelinge van elkeen se hart en hul waardering vir ons groot verlies. Ek waardeer hul meegevoel.

Die elfde dag ná Charleen se dood, die dag ná daardie tragiese en wonderlike begrafnis, was soos die breek van ’n golf oor die strand van die gewone daaglikse lewe. Gedurende die afgelope tien dae was ek en my familie omring deur mense wat baie vir ons omgegee het en ook self geskok en bedroef was oor ons verlies.

Ek was gevul met ’n deurdringende verlange om tussen al die mense wat hulle om my geskaar het te vind waarna ek gesmag het, terwyl ek geweet het dat hulle juis daar is weens my verlies. Dit was asof ek enige oomblik vir Charleen tussen die mense sou sien uitkom en dat alles weer normaal sou wees.

Die vorige tien dae was so anders as die dae voor Charleen se dood dat die elfde dag – die terugkeer na ’n normale roetine –

baie moeilik was.

Almal het teruggekeer na hul gewone daaglikse roetine en ekself het nodig gehad om aandag te gee aan die alledaagse roetine van my lewe. Dood het die kleur uit alles rondom my gehaal. Om te eet was ’n afgesaagde prosedure wat ek moes afhandel om toenemende komplikasies te vermy. Dit het nie meer saak gemaak wat ek eet nie, want alles het dieselfde gesmaak. Eet was altyd so ’n persoonlike ervaring vanweë die sorg van ’n bedagsame indiwidu wat met die voorbereiding gepaard gaan. Ek het deur die jare seker gemaak dat Charleen geweet het hoeveel ek die liefde waarmee sy die etes voorberei het, waardeer het. Om sonder daardie persoonlike bestanddeel te eet, het groot hartseer gebring. Daardie eerste dae was dit vir my moeilik om te dink dat ek ooit weer skoonheid of kleur sou sien of bevredigende smake sal proe. Ek het natuurlik geweet dat dit onvermydelik is dat my waardering vir daardie dinge weer

sal terugkeer. Ek het net nie geweet hoe dit sou gebeur nie terwyl ek geweet het dat wat ek in Charleen verloor het, nooit weer sal terugkeer nie.

Terwyl ek een oggend saam met my jongste dogter stap –

na die elfde dag – het sy na my gedraai en gevra: "Gaan dit altyd so wees, Pappa?"

"Soos wat?" het ek gevra.

"Om die heel tyd net te huil."

Ek het na haar klein gesiggie gekyk wat deur trane geglimlag het. "Nee, Beanie," het ek gesê en haar 'n drukkie gegee. "Dit sal nie altyd so wees nie."

As dit vir my moeilik was om sin te maak van hierdie katastrofe, terwyl ek al voorheen hartseer ervaar het, het my hart uitgegaan na my dogters in hul eerste ware ervaring van hartseer. Ons het vir 'n lang tyd gehuil. Ek wil jou nie ontmoedig as jy hierdie boek op 'n vroeë stadium van hartseer lees nie, maar daar was skaars 'n enkele dag vir die eerste vier maande waarin ek nie gehuil het nie. Ek het alles deur 'n waas van trane gedoen. Die lewe het so drasties verander en dit was in die daaglikse doen en late wat Charleen blymoedig vervul het, dat ons dit moeilik gevind het om nie te huil nie. Ek is so dankbaar teenoor my familie op die plaas wat aandag aan my klein gesinnetjie gegee het en my in staat gestel het om meer gemaklik na die normale lewe terug te keer. Hulle het vir ons gekook, met die wasgoed gehelp en selfs met huisskoonmaak. Dit was gebare van liefde wat soos kosbare juwele op 'n swart agtergrond in my geheue bly.

Om 'n nuwe leefstyl te begin, in 'n nuwe rol was 'n pynlike ervaring waarmee saam baie trane gekom het. Ek onthou hoedat ek op verskeie tye getref was deur die werklikheid dat *dit* Charleen se daaglikse taak was wat *sy* gewoonlik gedoen het. Dit was waar vir elkeen van ons en amper sonder woorde het ons die verantwoordelikhede herverdeel. Ons het begin om eienaarskap te neem van verskillende aspekte van haar lewe, en dit beskou as nie slegs 'n daaglikse doen en late nie. Dit was persoonlike toewyding – 'n gebaar van liefde. Dit was asof ons vir haar skottelgoed gewas het, gekook het, wasgoed gewas het, kombuis aan die kant

gemaak het, skoolwerk gedoen het. Tog was daar meer. Agter *haar* was haar toegewyde Verlosser wat ons hoogste motivering is.

Gedurende die eerste dae, kan jy so maklik 'n slagoffermentaliteit ontwikkel. Die pyn is so verblindend dat dit van jou besit kan neem en beheer in die manier waarop jy met mense rondom jou omgaan. Jy kan selfs versoek word om mense wat jy liefhet selfsugtig en sonder respek te hanteer omdat jy voel dat jou pyn dit regverdig. Jy kan baie maklik begin dink dat mense meer vir jou moet omgee, meer meegevoel moet betoon en meer moet help. Hierdie vooropgestelde reg kan jou in 'n verkrampte hoek van jammerte druk buite bereik van selfs jou naaste vriende en familie. Ek het geleer dat dit van kritiese belang is dat jy op 'n vroeë stadium beheer neem van jou gedagtes en veg teen kritiese gedagtes teenoor ander mense. Onthou, dat terwyl jy sukkel, ervaar hulle ook pyn, en as jy dit moeilik vind om gebare van vriendskap aan ander te bewys, is dit ook so vir hulle. Stel jouself beskikbaar vir mense wat verlang om jou te help en te troos. Dit sal nie baie neem om mense van jou af weg te stoot as jy prikkelbaar is nie.

Dit is nog belangriker om sommer gou jou gedagtes ten opsigte van God te beheer. Ja, God onderhou, beheer en regeer Sy heelal. In Sy wysheid het hy sonde toegelaat om in hierdie wêreld in te kom, maar God kan nooit blameer word daarvoor dat Hy iets verkeerds gedoen het nie. God se aksies is altyd vriendelik, wys, toegeeflik en reg. Indien jy enigsins dink dat God die blaam moet dra vir rampspoed, het jy tot 'n verkeerde slotsom gekom wat God beledig en jouself benadeel. Dit is 'n geveg wat jy nie kan wen nie. Dit sal jou eerder moeg maak in 'n roekelose stryd. Eerder as om teen God op te staan, kom na Hom met jou hartseer en gee jou nederig oor aan Sy genade.

Hoewel ek vir geen enkele oomblik met God 'n stryd gevoer het oor die dood van my vrou nie, het ek dit moeilik gevind om weer persoonlike stiltetyd met God te hou. Ek moes hieraan werk. My gewone daaglikse roetine was vernietig soos 'n geformateerde hardeskyf. Met my gedagtes wat heeltyd met my wil weghardloop, was dit baie moeilik om net by 'n teksgedeelte stil te staan en daaroor te dink of om vir 'n tyd te bid. Gedu-

rende een van daardie chaotiese eerste dae het ek op my knieë voor my bed gegaan en my Bybel oopgeslaan by Psalm 9. Ek het deur daardie woorde gewerk en op God vertrou om in daardie oomblikke buitengewone troos te bring; sekondes was krities want ek was in pyn. Ek was desperaat. Teen die tyd dat ek verse 9 en 10 bereik het, het God genadiglik tot my deurgekom deur Sy Woord.

"So is die HERE dan 'n rotsvesting vir die verdrukte, 'n rotsvesting in tye van benoudheid.

En hulle wat u Naam ken, sal op U vertrou, omdat U die wat U soek, nie verlaat nie, o HERE!"[75]

Ek het geween oor die sekerheid van daardie woorde. Ek kon dit vashou in my hart as rotsvaste sekerheid. Al wat ek kon bid, was: "Dankie Here! Dankie Here!" terwyl ek daardie twee versies oor en oor lees. Ek het dieselfde Psalm die volgende dag weer gelees en oneindig baie moed in daardie paar woorde gevind. Dit was my "noodgeval aanbidding" wat ek weier om na te laat. Dit was 'n plek om 'n nuwe gewoonte te begin selfs al het ek gevoel dat die moontlikheid om selfs maar net te dink, buite my bereik was.

In die eerste dae ná Charleen se dood het ek bly dink oor dit wat ek werklik verloor het. Wat was dit wat soveel pyn veroorsaak het? Terwyl ek die betekenis van hierdie gevoel oordink het, het ek 'n nuwe woord ontdek. Wat jy verloor wanneer 'n Christen sterf, is "saamwees". Jy het daardie persoon nie langer *saam met* jou nie. Jou gedagtes kan jou op soveel paaie neem terwyl jy sukkel met soveel smart. Om te verstaan wat ek probeer sê, vra jouself die volgende vraag af: "As ek hierdie persoon net vir die volgende 24 uur kon terugkry, wat sal ek saam met die persoon doen?" As jy daardie vraag realisties beantwoord, sal jy moet saamstem dat daardie dag soos 'n gewone dag sou lyk want dit is nie die enkele oomblikke wat die lewe onvergeetlik maak nie, dit is die lang termyn saamvloei van kameraadskap wat die meeste waarde het. Dit is die diep, bevredigende toegewyde verhouding wat die hoogtepunte die kosbaarste maak. Dit kom alles neer op om *saam met* daardie persoon te wees

[75] Psalm 9:9-10

selfs al doen jy nie iets buitengewoon nie; 'n eenvoudige glimlag is voldoende. Van die oomblik dat 'n huwelikspaar hul huweliksbelofte maak, is dit die saamwees wat hulle in gedagte het. Waarna hulle uitsien, is om hul maat te besit en vas te hou totdat die dood hulle skei. Hulle verlang na die moontlikheid van uitgestrekte "saamwees".

Dit is iets wat my gehelp het om meer duidelik te dink oor die verhoudings met mense rondom my. Dit gaan oor die duisende gewone interaksies wat jy met mense het terwyl jy saam met hulle is. Gewone woorde, gewoon saam eet, gewone ritte met 'n motor of net saamloop in 'n winkelsentrum, alledaagse dinge. Die lewe gaan oor wat God sê wat die beste is vir daardie persoon in daardie gewone tye. Dit is wat "saamwees" so wonderlik maak, dat wanneer dit weg is, is dit baie erger as wat woorde kan beskryf.

My broer, Kevin, het dit so goed opgesom in sy Facebook-pos kort ná Charleen se dood. Hy het gesê:

> "Dit is so jammer dat slegs wanneer iemand te sterwe kom, dat jy werklik besef hoeveel daardie persoon vir jou beteken het. Meeste van julle weet reeds dat my jonger boetie, Alan, se vrou na die Here gegaan het op die 17de. Charleen het nie veel bereik in die oë van die wêreld nie, maar as jy aan haar lewe dink, besef jy dat sy waarlik elkeen rondom haar raakgesien het en moeite gedoen het om vriendelik te wees teenoor hulle. Sy was 'n groot seën gewees oor die jare. Ek wonder of sy ooit bewus was van die impak wat sy gemaak het. Dit kos baie moeite om altyd ander in ag te neem. *Die lewe gaan oor mense en Charleen het so geleef.* Dit was 'n groot uitdaging vir my. Charleen sal 'n groot gaping laat in die lewens van diegene wat naby aan haar was. Charleen sal 'n groot leemte laat in die gemeenskap waarin sy beweeg het. Min, maar aanhoudende woorde van bemoediging en vriendelikheid oor 'n paar dekades heen is, as dit bymekaar getel word, 'n groot hoop bemoediging. Wat 'n uitdaging! (die klem kom van my)

Deels kom die gevoel van verlies omdat die persoon wat dood is, so uniek was, en jy nooit weer *saam* met daardie persoon aan hierdie kant van die graf sal wees nie. 'n Mens kan nooit vervang word nie. Hoe erg mis ek haar manier van dink, beweeg, glimlag, optrede, alles. Sy het

waarlik *saamwees* waardeer. Dit help my so baie om die *saamwees* wat ons almal met mekaar het, te waardeer.

Twee weke ná Charleen se dood het ek 'n geleentheid gehad om alleen op die plaas te gaan stap. Ek het dit nodig gevind om alleen te wees en te huil sonder om my te bekommer oor die feit dat ek ander rondom my hartseer sal maak. Ek het afgestap na die dam en op 'n omgekeerde roeiboot gaan sit. Terwyl ek oor die water en die skilderagtige vallei tot by die berge in die agtergrond staar, het ek van hartseer gehuil. Een gedagte het aanhoudend tot my teruggekeer. Ek het Charleen oneindig liefgehad en het seker gemaak dat sy dit elke dag duidelik ervaar. Ek het myself in haar belê, as ek daardie term mag gebruik. Dit was daardie volkome oorgawe, doelbewuste liefhê, wat soveel pyn veroorsaak het met haar verlies. Die gekoesterde houer waarin ek myself uitgestort het, was nou nie meer daar nie en ek het nêrens anders gehad om my liefde in uit te stort nie. Daardie liefde moet mettertyd in 'n ander rigting gelei word, maar vir die oomblik, bring haar afwesigheid pyn.

Ek het aan 'n radio-onderhoud gedink wat ek jare gelede laat een aand gehoor het terwyl ek alleen op pad was tussen Pretoria en die plaas ná 'n lang dag van berading. Die vrou met wie die onderhoud gevoer is, was 'n sielkundige en sy het gepraat oor die impak wat die verlies van 'n lewensmaat op 'n mens het. Sy het tot die gevolgtrekking gekom dat sommige mense te diep betrokke raak by hul lewensmaat met die gevolglike onomkeerbare skade wanneer jou lewensmaat sterf. Haar advies aan getroudes was om hulself nie te diep aan mekaar te verbind nie. Ek het natuurlik gelag oor so 'n idee van 'n huweliksverbintenis. As 'n man sy vrou moet liefhê, soos die Skrif ons leer, soos Christus die kerk liefhet en Homself aan haar gegee het,[76] dan is daar geen perk op sy verbintenis van homself aan sy vrou nie. Ek sou nooit daarin kon slaag om my vrou so skitterend lief te hê soos wat Christus Sy kerk lief het nie, tog was dit my doelwit.

Dit is natuurlik waar dat as jy jouself so toegewy het aan jou huweliksmaat, dat dit baie seer gaan maak wanneer daardie een uit jou omhel-

[76] Efesiërs 5:1

sing weggeneem word, en daarmee saam alles wat jy in die verhouding gesit het. Dit maak regtig seer. Nogtans verag ek steeds die gedagte dat jy jouself moet voorberei vir hierdie seerkry deur nie jou liefde teenoor jou lewensmaat ten volle uit te leef nie. Terwyl ek op daardie boot gesit het, het hierdie realiteit tot my deurgedring. Ek het gedink hoe pynlik Charleen se dood sou wees as ek haar op 'n ingetoë, konserwatiewe manier liefgehad het en ek my liefde teruggehou het sodat ek nie gebroke sou wees as sy sou sterf nie. Dit is ondenkbaar. Dit het my tot die volgende slotsom laat kom wat ek op Facebook gepos het terwyl ek daar gelyktydig in pyn en vreugde gesit het:

> *"Wanneer 'n man se begeerte is om sy vrou so lief te hê soos wat Christus Sy kerk liefhet, sal die hartseer met hul skeiding onbeskryflik wees. Tog is daar hoegenaamd geen ander manier vir hom om saam met sy vrou te leef nie. Net dan kan hy te midde van sy hartseer ook gevul wees met vreugde as die dood hulle skei. Enige ander soort huwelik sal hom vul met spyt. "*

10

Daardie eerste maande

Van die oomblik van Charleen se dood af het ’n lastige sensasie my begin pla; ’n ongemaklike gevoel wat ek naderhand gedwing was om neer te skryf, te identifiseer en dit te hanteer. Dit was die gevoel dat ek haar iewers agtergelaat het. Ek het al so gevoel toe ek haar liggaam by die hospitaal se lykshuis gelos het.

Om op daardie verskriklike nag by die huis aan te kom sonder haar – die plek wat ons albei so liefgehad het – het my laat voel asof ek haar iewers vergeet het.

Dit het ’n geruime tyd geneem voordat ek my vinger kon sit op hierdie gevoel wat my verhinder het om vorentoe te beweeg, so asof ek vasgemaak was aan ’n rek wat my telkens terugpluk in my emosies.

Ek moes in daardie eerste paar maande herhaaldelik hierdie gedagte vasvang en myself herinner aan die waarheid dat ek haar nie iewers gelos het nie, inteendeel, sy het daardie nag glorieryk vooruitgegaan. Ek is die een wat agtergebly het en nie sy nie. As dit waar is – en dit is waar – dan kan ek tot my volle kapasiteit as ’n gelowige Christen saam met Christus en al die ander verheerlikte gelowiges leef tot en met my dood of tot met die wederkoms van Christus. Ek het haar nie agtergelaat om agter my aan te sukkel in ’n marathon nie. Sy het die wedloop voltooi en wag vir

my saam met al die verheerlikte gelowiges. Hierdie wete het my so baie gehelp om met hoop te lewe.

Soms is die wyse woorde van ’n ander persoon nodig om ’n ervaring in perspektief te plaas. Dit is wat een oggend gebeur het terwyl ek met my pa gepraat het.

Die impak van die dood van ’n persoon so naby aan jou, pols deur jou lewe soos die maatslag van jou buurman se partytjie wat jou tot in die vroeë oggendure uit die slaap hou. Dit is asof die aanvanklike snydende hartseer met die tyd erger word. Vir my het die onmiddellike pyn meer te doen gehad met die verskriklike tragedie om Charleen te verloor, maar met verloop van tyd het die pyn in iets anders verander. Dit is tragies dat met verloop van tyd die aaklige pyn in elke area van die lewe indring. Ek het stukkie vir stukkie agtergekom hoe haar dood elke ding wat ek gedoen of gedink het geïnfiltreer het. Dit is wat my pa bedoel het toe hy gesê het: “Ware hartseer groei ná die oorspronklike gebeure.”

Dit is nuttig om voorbereid te wees vir ’n tyd waarin ’n mens se hartseer groei en verander. Dit verander van ’n intense pyn tot ’n omvangryke pyn; van ’n skerp, deurdringende gelokaliseerde pyn tot ’n algemene yslike verreikende seer. Genadiglik leer ’n mens om hierdie omvangryke pyn in klein dosisse te hanteer. Ek het byvoorbeeld negentien jaar lank ’n bed met Charleen gedeel. As ek nou saans bed toe gaan, kan ek met daardie spesifieke aspek van my verlies deel pleks van my totale verlies. Ek herinner myself aan die waarheid dat sy nou verheerlik is en nie meer die primitiewe gerief van ’n bed nodig het nie. Ek hoef nie terselfdertyd die emosies te hanteer wat by my opkom wanneer ek preek en nie langer haar gesig tussen die gemeentelede sien nie. Hoewel die pyn meer omvangryk word, word dit geleidelik ’n stryd wat oorwin kan word. Dit is genade waarvoor ek baie dankbaar is.

Terwyl ek met hartseer deur die eerste paar maande geworstel het, het ek ’n vreemde verskynsel waargeneem. Ek is normaalweg ’n persoon wat orde waardeer, maar hartseer het twee tydelike eienskappe tot my lewe toegevoeg. Een was ’n konstante moegheid. Ek besef dis weens die aanhoudende intense emosies wat ek beleef het. Hierdie moegheid het

uiteindelik tot 'n tipe van emosionele doodsheid gelei – dit het gevoel of ek deur die oë van 'n winkelpop lewe. Ek kon glad nie opgewonde raak oor enigiets nie en 'n opregte glimlag was harde werk omdat ek gevoel het daar is niks om oor te glimlag nie. Die ontsaglike moegheid het alles bederf wat ek gedoen het.

Saam met daardie moegheid was daar ook 'n gevoel van verwarring. Om logies te dink was te veel gevra. Wanneer ek 'n probleem in my gedagtes moes oplos, het ek dit liewer uitgestel omdat dit te kompleks was.

Ek was so dankbaar om saam met mense te wees wat steeds daaraan gedink dat daar geëet moet word en petrol in die motor moet wees. Bedroefde persone het my volle simpatie wanneer hulle by hierdie punt in hul lewe kom. Dit verswak 'n mens en beroof 'n mens van hoop. Genadiglik gaan dit verby en 'n mens kry weer mettertyd nuwe lewenslus en kan weer fokus en logies dink. Dit is asof die liggaam doelbewus aan bedroefdes 'n af-periode bied om hulle te vernuwe vir die pad vorentoe.

Ek het ook gevind dat daar twee eienskappe van daaglikse doen en late is wat die hartseer in die eerste paar maande makliker maak. Dit mag dalk nie diepsinnig klink nie, maar wanneer jy vasgevang is in die greep van hartseer, het jy nie iets diepsinnig nodig nie – elke grashalmpie van hoop sal help.

Die eerste hiervan het te make met herinnerings. My geliefde vrou het voortgeleef in kosbare herinneringe in die maande ná haar dood. Ons was so na aan mekaar dat ons *alles* saam gedoen het. Dit beteken dat niks gebeur sonder dat 'n mens die geliefde onthou nie. Herinneringe krioel rondom elke aspek van jou lewe en bring daarmee saam warm, pynlike emosies en baie trane. Dan is die enigste herinneringe wat jy ná die dood van jou geliefde het, harde herinneringe van afskuwelike pyn. Maar ek het gevind dat sodra jy uit die mis van jou pyn kruip, begin nuwe herinneringe vorm wat 'n meer gemaklike afstand tusen jou en daardie intensiteit bring. Ek en my dogters het 'n paar uitstappies onderneem wat vir my moeilik was om te doen. Maar as ek terugkyk na daardie uitstappies, het hulle 'n kalmerende uitwerking gehad. Herinneringe daarvan is gelukkig, omdat dit nie my geliefde vrou insluit nie. Ek het uitgevind dat

om nuwe aangename herinneringe na te jaag, help om aan my die nodige ruimte te gee waarin ek meer normaal en minder emosioneel kan funksioneer.

Die tweede eienskap is die voorreg om met paaiemente te laat gaan. Die eerste twee weke van skeiding was by verre vir my die ergste. Maar sedertdien het ek baie keer die geleentheid gehad om "totsiens" te sê. Binne die eerste week het ek al Charleen se klere weggegee. Die pyn om elke keer as ek die kas oopmaak, haar klere daar te sien, was onmenslik groot. Selfs my eie klere wat ek daagliks dra, was alles netjies gevou en opgehang deur haar hande. Met elke kledingstuk wat ek uit die kas haal om aan te trek, glimlag ek en dink aan haar voordat ek dit dra. Ek merk dat die toiletware in die badkamer een na die ander opraak – haar stortseep, haar sjampoe. Met elke leë houer kon ek 'n minder intense oomblik van totsiens beleef. Die hele huis is so vol van haar persoonlikheid en invloed dat daar baie geleenthede is om totsiens te sê – veral in die kombuis. Ek het die afgelope week 'n bottel roosmaryn opgebruik wat sy gekoop het. Elke keer wanneer ek 'n ou botteltjie weggooi of wanneer ek 'n nuwe een koop, dink ek liefderik aan haar. Ek is dankbaar vir hierdie genade om oor 'n tyd lank totsiens te sê.

Daar is een pragtige storie wat ek op hierdie punt moet deel. Toe ek Charleen se klere uit ons klerekas gehaal het, het ek die dogters die geleentheid gegee om te kies wat hulle wou hou. Die res het ek aan my suster gegee en gesê sy moet neem wat sy graag wou hou. Kort daarna het die vroue van die Benoni Bible Church[77] my gebel en gevra of hulle die klere kon kry wat oorgebly het. Hulle het die klere geneem en in ses maande het hulle twee uitsonderlike identiese dekens vir my dogters gemaak. Dit was 'n wonderlike gebaar en ons waardeer dit so baie. Die dekens vertel 'n storie. Soms kyk ons na die dekens en onthou dan wanneer Charleen 'n spesifieke kledingstuk gedra het wat nou 'n klein driehoekie of vierkantjie in die deken is. Ons sal altyd dankbaar wees teenoor hierdie vroue vir hul liefde en groot werk wat hulle gedoen het. Dit is 'n voorbeeld van praktiese barmhartigheid.

[77] Www.benonibiblechurch.co.za

Binne die eerste paar maande het daar nog ’n praktiese stryd ontwikkel. Negentien jaar lank het ek die voorreg gehad om getroud te wees met ’n vrou wat my as ’n groot deel van haar rede om te lewe gesien het. Sy het ’n kosbare manier gehad, om op die mees toepaslike tye, die frase “As ek by jou is, is ek tuis” uit die Walt Disney-rolprent *Finding Nemo* aan te haal. Dit was vir my so heerlik om “tuis” te wees vir haar. Ongeag van waar ons ook al was, sou ek dikwels vir haar sê hoe liefdevol sy is, veral wanneer sy iets vriendeliks vir my gedoen het – selfs ’n klein ietsie. Dan sal sy slegs glimlag en sê: “Dit is jy wat my maak soos ek is”.

Charleen sou nooit in ’n groep ver weg van my wees nie. Ons sou mekaar gewoonlik kon raaksien en wanneer sy klaar met ander mense gepraat het, het sy weer by my kom staan en vriendelik deel geword van dit waarmee ek besig was.

Die skok van die verlies aan haar kameraadskap, het my baie diep ontstel. Terwyl ek ’n groot deel uitgemaak het van haar rede om te leef, is ek nou ’n wewenaar wat van oomblik na oomblik sukkel met my emosies. Saam met die stryd het ’n gevoel van verlatenheid gekom. Ek het die mense na aan my baie lief en hulle het aan my opregte liefde bewys en vir my gesorg. Maar hulle is nie my kamerade nie. Ek sê dit versigtig omdat ek nie misverstaan wil word nie. Ek het dit intens gemis om die groot deel van haar rede om te lewe te wees. Dit was soos om vir ’n lang tyd stoeldans te speel en ewe skielik is ek die een sonder ’n stoel wanneer die musiek ophou speel.

Snaaks genoeg, is daar ’n gevoel van skaamte aan hierdie spesifieke verlies gekoppel. Ek het by tye hieraan gedink in terme van die woorde van die profeet Joël: “Word wakker, julle dronkaards, en ween! En huil, al julle wyndrinkers! Oor die mos, omdat dit van julle mond weggeruk is.”[78]

Elke keer as ek aan die prentjie dink wat hierdie vers skilder, ontstel dit my. Om ’n kosbare skat soos jou vrou te verloor laat mens voel asof iemand die glas wyn voor jou mond weggegryp het. Dit laat ’n mens verdwaas en verleë voel.

[78] Joël 1:5

Dit voel asof ek van ’n bevoorregte posisie geval het. Ek het suksesvol na my vrou en kinders omgesien en nou is die voorreg my ontneem. Dit is soos om jou werk te verloor. Ek veronderstel dit kan ook vergelyk word – op ’n primitiewe vlak – met die skok en verleentheid van ’n kind wat so pas sy roomys in die grond laat val het. Daardie uitdrukking op sy gesig van hartseer en teleurstelling wanneer die werklikheid tot hom deurdring. Of soos ’n kind wat sy greep op ’n helium gevulde ballon verloor en hy in ongeloof daarna staar terwyl dit permanent buite sy bereik dryf en in die lug in verdwyn.

Ek moet erken, hierdie aaklige gevoel het my onverhoeds gevang. Wat my ook verbaas het, is die hardnekkigheid waarmee dit in my lewe ingekom het en hoe dit die manier waarop ek na mense rondom my kyk, beïnvloed het. Dit is ’n langtermynstryd wat slegs met die suiwer verstaan van teologie hanteer moet word en nie met sielkundige teorie nie. Wat vir jou mag lyk na ’n verlaging en verlies, kan uitdraai om ’n glorieryke promosie in God se ekonomie te wees. Dit het aan my die geleentheid gebied om te groei in genade in my posisie en identiteit in Christus. Vir ’n kind van God is daar nie meer skande nie; Jesus het aan die kruis vir my skande geword sodat ek nie meer skande sal wees nie. Ek is nou vry om met selfvertroue en vreugde te lewe.

Nadat ek dit gesê het, moet ek ook daarby voeg dat uit hierdie onaangename ondervinding, het ek ook ’n ander waardevolle les geleer. Ek kan nie eens begin om te beskryf hoe pynlik ek haar sagte, tevrede, vriendelike kameraadskap oor die maande gemis het nie. Die verlange, gekoppel aan ’n sin van skande kan maklik verkeerdelik geïnterpreteer word as ’n verlange na die kameraadskap van die huwelik – as ’n algemene konsep.

Ek het natuurlik voortgegaan om volgens my beginsels te leef eerder as met gevoelens, wetende dat om oorhaastig weer te trou sal daarna lei om dit later te berou. As ek eerlik wil wees met myself, dan moet ek sê dat ek nie kameraadskap so veel mis as wat ek *haar kameraadskap* mis nie. Dit is nie ’n waarskuwing wat ’n pas agtergeblewende maklik van ’n gladde berader wat nog nooit voorheen die verpletterende impak van die verlies van ’n lewensmaat ervaar het nie, sal kry nie. Ek vertrou egter dat

hierdie raad sag op die oor van die leser sal val – dit kom van iemand wat sowel intens liefgehad het en bitterlik gerou het.

Ek het geleer om tevrede te wees met die situasie waarin my wyse en liefdevolle God my gebring het. Dit mag dalk in die eerste paar maande voel asof die pyn nooit sal verdwyn nie, maar dit gebeur tog. Wanneer die pyn ligter begin word, sal jy dankbaar wees dat jy jouself goed gedra het deur die nag – dat jy geweier het om die pyn te probeer verlig deur kos, drank, ander mense of die nalaat van verantwoordelikhede. Dit kos ’n doelbewuste besluit en afhanklikheid van die krag en genade van God om te leer om tevrede te lewe, selfs in hierdie pyn.

’n Ander eienskap van die maande van rou, was om ander mense se verwagtings van my te ontdek. Terwyl die maande aangestap het, het mense baie meer moed gehad om hul gedagtes uit te spreek. Hulle staan natuurlik aan die buitekant en voel nie die pyn van verlies wat so lank aanhou nie. Vir mense wat rou, is onwyse en onaanvaarbare gedrag aanvaarbaar gemaak deur die deurdringende sielkundige idees aangaande die proses van rou. Ek het ’n hele paar kommentare teegekom wat my die indruk gegee het dat mense van my verwag om in ontkenning te leef of om kwaad te wees of om te onderhandel voordat ek tot aanvaarding kom. Hierdie idees is afkomstig van Elisabeth Kübler-Ross se teorieë oor die universele stadiums van rou.[79]

Ek vind dit tragies dat so ’n gedagte deel geword het van die vooropgestelde idees van selfs Christene, dat hulle verwag dat elkeeen wat rou soos klokslag deur hierdie stadiums sal gaan. Hulle skud die kop vol wysheid en sê: “Moenie verbaas wees as hy vir God kwaad word nie. Dit is normaal”. Ek het selfs ’n boek oor die stadiums van rou ontvang van ’n broer in Christus wat ervare genoeg is in goeie teologie om van beter te weet.

Om vir God kwaad te wees is nie normaal in God se wêreld nie! ’n Deeglike fondament van geloof wat gebou is voordat die tragedie jou tref, dit is wat jou sal deurdra. Die God wat jou in die palm van Sy hand gehou het voor die tragedie, sal jou ook deur die tragedie dra. Die God wat jou

[79] http://en.wikipedia.org/wiki/K%C3%BCbler-Ross_mode l

sake tot jou voordeel hanteer het, voor die tragedie, sal dit nog steeds doen tydens jou tragedie. Hy is die God wat vir ewig geprys moet word.

Mag ek jou waarsku teen morbiede gedagtes wat sal maak dat selfs jou geliefdes rondom jou sal verwag dat jy onstabiel en irrasioneel sal begin optree. Vertrou op God om jou krag te gee, hoe onwaarskynlik dit ook mag wees, om met voorbeeldige Christenkarakter deur hierdie hartseer tot Sy eer te leef. Dit is 'n unieke tyd van druk wat die realiteit van jou huidige staat in Christelike groei sal uitwys. Gryp dit aan as 'n positiewe geleentheid om vir die eer van God te leef. As jy gewoond was om jou verantwoordelikhede te ontduik, sal jy dit nou nog meer doen. As jy voorheen 'n kwaai persoon was, sal dit nou vir jou 'n groot versoeking wees, want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.[80]

Uit al die ontelbare gedagtes wat ek in hierdie boek kon deel, het ek besluit om met die volgende twee af te sluit: Terwyl ek die afgelope maande baie deeglik nagedink het oor die lewe en dood, het ek my oë gevestig op die lering van Jesus by die put in Samaria. Sy bewerings oor die ewige lewe het my so geraak. Die afgelope maande is my angs veroorsaak deur die dood van my vrou. As die wegneem van een mens se lewe soveel hartseer veroorsaak, hoeveel wonderliker is die feit van *ewige lewe?* Waar Jesus by die put staan (van baie ander plekke) en die opwindende realiteit van *ewige lewe* verklaar wat slegs deur Hom alleen verkry kan word, ontbloot Hy 'n juweel van baie seldsame waarde en skoonheid. Jesus antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.[81]

Net soos wat water 'n desperate dors les in 'n warm, droë omgewing, so bevredig die verlange na ewige lewe die desperate angs van 'n treurende siel. Wanneer jy iemand verloor het vir wie jy baie lief was, beteken

[80] Romeine 8:13
[81] Johannes 4:13-14

die belofte van ewige lewe iets vir jou. Selfs as jy die dood van ’n geliefde oor ’n lang tydperk verwag het, is die persoon se dood steeds vir jou ’n skok. Dit voel altyd te gou. Jy wens jy het net nog ’n bietjie meer tyd saam met hulle gehad. Tog, hierdie verlange na meer tyd, ’n lewe van beter gehalte, is presies wat die Evangelie belowe. In Christus, wat lewe is,[82] vind jy ’n gehalte en tyd van lewe wat jou wildste drome oorskry. Jesus het gekom sodat Sy mense lewe en lewe in oorvloed kan hê.[83]

Laastens, die tergende sensasie van skeiding. Ek het die noue verbintenis met Charleen oor die negentien jare wat ek met haar getroud was, terdeë geniet. Dit was omdat ons so na aan mekaar was, dat ek haar verlies so intens ervaar het. Tog, weer eens het ek Christus in ag geneem. As ek, ’n gevalle sondaar, wie se liefde ’n selfsugtige mislukking is in vergelyking met die liefde van Christus, so ’n swart kloof van skeiding ervaar het, hoe aaklig was die skeiding tussen Christus en Sy Vader by Golgota ná hul volmaakte ewige saamwees?

Hierdie sensasie is iets wat Christus verstaan. Hy is in staat om die hartseer te voel wat ek en jy beleef.[84] Hy ken die neerdrukkende gewig van hierdie meedoënlose las. Dit was deur die onuitspreeklike skeiding wat Christus verduur het, dat Hy ewige, volmaakte saamwees vir Sy mense gekoop het.

As ek vreugde in my vrou in hierdie lewe gevind het, hoeveel te meer verruklik sal ek haar vind wanneer ek haar sal sien in ’n verhewe volmaakte staat. Dit sal so opwindend wees om te herenig met elke geliefde wat voor ons in Christus gesterf het. Dink net hoe sal dit wees om elkeen te ontmoet en onmiddellik elke heilige deur al die eeue heen te herken vir wie Christus persoonlik gesterf het. Maar groter as al hierdie vreugdes, sal die ongeëwenaarde voorreg wees om direk in die gesig van ons groot eggenoot, die passievolle geliefde van ons siel, die Lam, die Leeu, die Verlosser Jesus Christus vas te kyk.

[82] Johannes 14:6
[83] Johannes 10:10
[84] Hebreërs 4:15

Terwyl ek myself indink hoe ek my voete plaas op die majesteuse gange van hemelse heerlikheid, en die stralende gesigte sien van diegene wat ek liefhet, en die wonderlike gesig van Jesus Christus, moet ek myself afvra hoe was dit vir Christus, nadat Hy verlaat was, om weer met Sy Vader herenig te wees. Volmaakte vreugde. Volmaakte bewondering. Volmaakte bevrediging. Volmaakte waardering. Prys God, want al hierdie dinge behoort aan elke gelowige in Christus en dit het nou die volle ervaring van my geliefde vrou Charleen geword. Dit sal ook my onuitspreeklike ervaring word. Sal dit waar wees vir jou?

11

Waarom het niemand iets hieroor gesê nie?[85]

In die lig van die feit dat elkeen van ons gaan sterf, sou jy dink dat iemand al iets hieroor sou gesê het.

Ek was besig om met Jean, my suster, te praat, toe ek baie ongewone mediese simptome begin ervaar het wat my sedert Charleen se dood begin pla het. Ek het jare gelede 'n studie gedoen oor die onderwerp van rou vanuit 'n Bybelse perspektief, tog, selfs nou, terwyl ek oor die dood van my vrou rou, is ek nog steeds nie voorberei op die effek wat hartseer op die liggaam het nie.

Voordat ek begin het om oor hierdie onderwerp te skryf, het ek met verskeie mediese dokters en mediese personeel hieroor gepraat asook baie opgelees oor die onderwerp. Dit is nie my bedoeling om alarm te

[85] Ontkenning: Ek is nie 'n mediese dokter nie en gee ook nie voor om een te wees nie. Hierdie hoofstuk bevat nie mediese advies nie asook geen instruksies oor wat jy moet doen aangaande jou mediese probleme nie. Indien jy kies om dit as mediese advies te gebruik, doen jy dit op eie risiko en teen die intensies van die skrywer. Die skrywer sal nie verantwoordelik gehou word vir enige skade wat jy mag opdoen as gevolg van aksies wat jy geneem het op die basis van hierdie hoofstuk nie. Hierdie inligting is ingesluit as 'n voorbeeld van mediese kennis wat ek opgedoen het deur my eie ondervinding gedurende 'n tyd van rou waaruit dit as akkuraat of onakkuraat bewys kan word. Besoek asseblief jou eie persoonlike geneesheer voordat jy 'n gevolgtrekking oor jou mediese toestand maak op grond van jou mediese simptome.

maak nie. Ek wil bloot vertel hoe die intense hartseer my gesondheid beïnvloed het. Ek hoop dat deur dit te lees jy nie hoef bang te wees as jy soortgelyke simptome ondervind wanneer jy deur ’n rouproses gaan nie.

Vyf maande voor Charleen se dood, het ek probleme ondervind met maagsap terugvloeiing. Dit het ongediagnoseer gebly voor haar dood. Die dag ná haar dood het my toestand vererger. Verskeie ander simptome het ook hul verskyning gemaak wat dit moeilik gemaak het om agter te kom wat aangaan. Die donkerheid van daardie eerste dae, saam met die ongewone simptome in my liggaam, het my in ’n staat van vrees geplaas. Die illusie van veiligheid in die lewe het my verlaat. Ek het so pas toegekyk hoe my gesonde jong vrou deur die dood van my weggeruk is. As sy nie veilig was nie, hoe veilig is ek? Gedagtes van skielike dood het my begin besig hou. Ek het my verbeel hoe al die mediese onreëlmatighede my bekruip om my lewe te steel. Ek het al die stories van mans wat kort na hulle vrou se dood gesterf het, onthou. Jy moet verstaan, ek is ’n baie kalm, baie stabiele mens wat nie sommer op loop gejaag word nie. Maar dit het skielik vir my gevoel of ek in die liggaam van ’n ander persoon lewe. Dit het gevoel of ek my liggaam verruil het vir die liggaam van ’n ander persoon met ’n reeks siektes waarmee ek heeltemal onbekend was. Ek het glad nie meer tuis gevoel in my liggaam nie.

Voordat die eerste vier-en-twintig uur verby was, het ek ’n benoudheid in my bors gevoel. ’n Benoudheid soortgelyk aan die gevoel van “vlinders in jou maag”. Ek het my suster gevra om my hospitaal toe te vat. Die drukking in my borskas het gemaak dat ek sukkel om asem te haal. Ek was oortuig dat my hart nie in staat was om die spanning van die hartseer te dra nie. Tesame met die druk op my borskas was daar ’n brandkol aan die onderkant van my borsbeen. Ek het dit beskryf as die sensasie wat jy sal kry as jy ’n warm kooltjie uit die vuur ingesluk het en dat die kooltjie daar gaan vassteek het. Die brandgevoel het net nie weggegaan nie.

Die personeel in die ongevalle afdeling het ’n EKG (elektrokardiograaf) gedoen en bloedmonsters geneem as ’n standaardprosedure om die moontlikheid van ’n hartaanval uit te skakel. Daarna, bo en behalwe ’n paar indrukke van die rit terug na die huis, onthou ek nie veel nie totdat

ek die volgende oggend in my eie bed wakker geword het. Hulle het my ’n kragtige dosis van Ativan, ’n bensodiasepien gegee. Medikasie in hierdie klas word gewoonlik voorgeskryf om mense te kalmeer, vir verligting van erge angs of om te help om te slaap. Dit is bedoel vir korttermyngebruik omdat die liggaam baie gou daaraan gewoond raak met chroniese gebruik en die verlangde effek word gou verloor. Op hierdie stadium moet die pasiënt ’n keuse maak – hy moet of die onaangename onttrekkingsimptome verdra of sy dosis verhoog om dieselfde effek te kry. Dit is duidelik dat bensodiasepiene hoogs verslawend is.

Ek het ná drie weke by hierdie kruispad gekom toe ek die inligting op die pamflet van die medikasie wat deur die hospitaal voorgeskryf was, begin lees het. Die skok van my vrou se dood het nog swaar op my gerus, maar die bensodiasepiene het my die indruk gegee dat dit nie so erg was as wat dit kon wees nie en dat die lewe positiewer is as wat dit werklik was. Wees gewaarsku, terwyl jy medikasie gebruik, loop jy die gevaar om buite jou normale op te tree. Met verlaagde inhibisies, sal jy vrylik praat en optree op ’n manier wat jy nie normaalweg sou doen nie.

As ek terugkyk weet ek dat ek te maklik gepraat het en dinge gesê het waaroor ek nou spyt is. Toe ek besef het wat aan die gang is, het ek een spesifieke persoon gevra om my te vergewe vir wat ek gesê het en ek is dankbaar dat hulle verstaan het en steeds aangaan met ons vriendskap.

Ná drie weke het ek opgehou om Ativan te gebruik. Dit was my tweede fout. Weer eens het ek verval in die angs van hartseer en hierdie keer het ek geweet die voorgeskrewe pil om my te help was nou nie meer daar om my te help nie. Daardie eerste paar dae was lank en moeilik, dit was asof ek die dae teruggedraai het en weer by die dag ná haar dood was.

Die onttrekkingsimptome van die bensodiasepiene was so erg en onaangenaam dat ek gewens het dat ek dit nooit geneem het nie. Ek skryf dit vanuit die perspektief van ’n persoon wat die pyn verstaan wat jou daartoe dryf om hierdie pille te neem en dit is nie my bedoeling om jou te ontmoedig nie. Ek wil jou net bemoedig in jou besluit om nie daarmee te begin as jy dit enigsins kan verhelp nie. Die ellende van rou, is ’n groot genoeg las sonder om nog die naarheid, verwarring, slaaploosheid, sweet

en angs wat deel is van die onttrekkingsimptome te moet deurgaan. Bensodiasepiene het 'n periode van geleidelike vermindering in dosis nodig om ontrekkingsimptome te voorkom. Ek het die titel van hierdie hoofstuk genoem: "Hoekom het niemand iets hieroor gesê nie?" Jy mag ook so wonder en dit is waarom ek hieroor praat.

Ongeveer 'n maand later, nadat ek deur die hartseer geworstel het en die dae soos jare gevoel het, het die pyn in my bors weer teruggekom. Omdat ek geweet het dat my toestand met die eerste besoek aan die ongevalle beskryf was as die effek van spanning, het ek 'n week gewag voordat ek mediese advies ingewin het. Die pyn het op 14 November 2012 so erg geword en tot by my nek, kakebeen en linkerarm gegaan wat my weer eens laat dink het dat dit my hart is wat 'n probleem het. My pa het my hospitaal toe geneem en hulle het weer dieselfde toetse gedoen as die vorige keer en die diagnose en medikasie was dieselfde as die vorige keer. Nadat ek vir ongeveer elf ure lank geslaap het, het ek beter gevoel en die lewe het voortgegaan. Tog het die vrees by my gebly dat my hart enige oomblik kan gaan staan.

Ek het na 'n plaaslike kliniek gegaan om 'n spannings EKG te laat doen. Ook dit het geen buitengewone hartaktiwiteit getoon nie. Ek was verlig en het begin om aandag aan my verteringstelsel te skenk. Ek het groot hoeveelhede anti-suurtablette gebruik vir sooibrand en uitgevind dat biochemiese weefselsoute baie effektief hiervoor was. 'n Mediese spesialis het 'n gastroskopie op my uitgevoer en die uitslag het getoon dat daar 'n geringe buikbreuk is asook inflammasie in die maag en slukderm. Hy het 'n Protonpomp-inhibeerder of PPI voorgeskryf. Ek het van die eerste week na gebruik van hierdie medikasie betekenisvolle verligting van die pyn in my borskas ondervind.

Ná agt maande, het ek weer dieselfde pyn in my bors ondervind. Ek het reeds die voorgeskrewe kursus van behandeling voltooi en my probleem het verdwyn. Nadat ek opgehou het om die voorgeskrewe medikasie te gebruik, het die probleem weer sy verskyning gemaak. Ek het al die dieetaanbevelings gevolg asook ander voorstelle soos om die kop van my bed op te lig. Vir maande lank was ek nie daartoe in staat om plat te lê

terwyl ek slaap nie – ek moes in ’n sittende posisie slaap. Dit versteur natuurlik die gehalte van jou slaap, wat weer jou daaglikse doen en late beïnvloed, soos om probleme te hanteer. Teen daardie tyd het ek al baie slaap verloor. Omtrent drie maande lank het ek selde meer as een uur per sessie geslaap. Dit was gedurende een van hierdie uur lange slaapsessies dat skrikwekkende gebeure ontvou het.`

Ongeveer drie-uur die oggend het ek uit ’n diepe slaap wakker geskrik en was oombliklik helder wakker. Erge pyn het deur die middel van my borskas gesteek en in beide rigtings van my borsspier getrek tot op in die linkerkant van my gesig en af in my linkerarm. Die pyn was so erg dat ek op my tande gekners het en my hande in vuiste gemaak het vir omtrent vyf sekondes. Nadat die onmiddellike effek verminder het, het koue sweet op my uitgeslaan. Ek het my regterpols se polsslag geneem en gevind dat dit betekenisvol hoog, baie swak en yl was. Ek het gedisoriënteerd en duiselig gevoel so asof ek besig was om dood te gaan. Daar was geen twyfel by my dat dit is soos mense voel die oomblik voordat hulle aan ’n hartaanval sterf nie. Ek het eerlikwaar gedink dit was my oomblik en ek was gereed om opgeneem te word in heerlikheid.

Dit, het ek gedink, was die einde van my twee-en-veertig jaar op aarde, kort ná my geliefde vrou se dood. Ek het ’n paar minute op my bed gesit terwyl ek teen die kopstuk leun en verwag dat die volgende episode elke oomblik van nou af sal gebeur. Toe niks gebeur nie, het ek uit die bed opgestaan, na die slaapkamerkas gegaan en ’n hartaspirien geneem. Nadat ek dit gesluk het, het ek teruggegaan na die bed om te besluit wat om verder te doen. Ek het gedink, as ek werklik nou op pad is om dood te gaan, moet ek ten minste hierdie geleentheid gebruik om my kinders te groet. As ek nie besig is om te sterf nie, moet ek miskien hospitaal toe gaan om dit wat so pas met my gebeur het te evalueer sodat ek kan weet hoe om myself op te pas in die toekoms. Omdat ek nie een van my dogters op hul selfone kon bereik terwyl hulle slaap nie, het ek my suster langsaan geskakel en gesê dat ek miskien ’n hartaanval gehad het en het gedink dat ek na die hospitaal moes gaan. Sy het dadelik na my gekom en was gewillig om my die sestig kilometers na die hospitaal in Witbank

te neem – die hospitaal waarheen ek agt maande gelede van plan was om Charleen te neem. Ek het kalm met my dogters gepraat en gesê dat ek nie weet wat vir my voorlê nie, maar dat ek hulle baie lief het. Ons het ook oor ’n paar ander sake gepraat – wat nie so aangenaam was nie. Dit was totsiens; ’n baie treurige totsiens.

Ek het later die oggend uit die hospitaal gestap saam met my ouers, my suster, my neef en niggie en my twee dogters en met die alledaagse doen en late van die dag voortgegaan. Toetse het weer eens getoon dat dit nie ’n hartaanval was nie, maar iets van ’n ander aard. Weer eens het hulle bensodiasepienes en ’n anti-suurmiddel voorgeskryf en my huis toe gestuur.

Ek deel hierdie gebeure weens die groot invloed wat dit op my lewe gehad het, spesiaal in die dae en maande net na my vrou se dood. Mense wat van buite inkyk op jou lewe het geen idee dat jy oortuig is dat jy binne die volgende twaalf uur gaan sterf nie en hoe daardie oortuiging jou manier van dink en optrede in elke opsig beïnvloed. Dit speel ’n rol in die manier waarop jy jou woorde kies terwyl jy praat en die plekke waar jy items in jou huis plaas. Dit is met hierdie lewe-en-dood mentaliteit wat ek saans bed toe gegaan het wetende dat ek dalk nie die nag sal oorleef nie. Wanneer jy onverklaarbare mediese simptome ervaar soortgelyk aan die wat ek beskryf het, veroorsaak dit groot onsekerheid. Ek het geglimlag terwyl ek dink aan langtermynplanne wat ek vroeër gemaak het.

Wat ek probeer sê, is dat die ongewone mediese simptome wat mense wat rou kan ondervind, ’n vrees kan skep dat hulle skielik kan sterf. Dit is in hierdie tyd dat jou geloof tot die uiterste beproef word. Christene wat nie ’n vaste geloof het in wat die Bybel leer nie, sal sukkel en sal die hulp van meer volwasse Christene nodig hê. Ek weet dat my geloof in elke opsig tot die uiterste beproef is en dit was standvastig genoeg om my die afgelope paar maande in alles te ondersteun. Die eenvoudige rede hiervoor was dat dit geloof van God was.[86]

So, waarom ervaar mense wat treur, sulke ongewone mediese simptome? Hoekom voel hulle asof hulle skielik kan doodgaan? Hoekom ervaar

[86] Efesiërs 2:8

hulle die gebrek aan mediese antwoorde so frustrerend? Die volgende is ’n paar voorstelle gebasseer op die inligting wat ek deur hierdie ervaring opgedoen het.

Een belangrike eienskap van die menslike liggaam is die nervus vagus. Hierdie senuwee ontstaan diep in die brein(medulla) en beheer kritiese funksies van organe dwarsdeur tot by die anus. Die vagus-senuwee is verantwoordelik vir die regulering van hartspoed, die korrekte funksionering van die verteringstelsel, sweet, verskeie spierbewegings in die mond, spraak, lugweg, buite-oor-senuwees en deel van die breinvlies. Omdat die vagus-senuwee verantwoordelik is vir so ’n verskeidenheid van liggaamsfunksies kan dit verwag word dat mense baie ongewone simptome sal ervaar wanneer dié senuwee op verskeie maniere gestimuleer word. Byvoorbeeld, wanneer die oor gekielie word soos met die verwydering van was in die oor met ’n watteplusie, kan die pasiënt begin hoes.[87] In ’n bespreking met ’n mediese dokter het ek ook verneem van ander vreemde maniere waarop die liggaam reageer. Een hiervan is die geval waar ’n pasiënt flou word wanneer hy ’n harde slag op die anus toegedien word as gevolg van die stimulasie wat aan die vagus-senuwee deur die verteringstelsel oorgedra word. Dit verklaar ook waarom ’n pasiënt bewusteloos kan raak wanneer daar verlengde druk toegepas word op die area van die maag net onder die borsbeen. Stimulasie van die vagus-senuwee wanneer bloed getrek word, kan ook veroorsaak dat ’n pasiënt flou word.

Uitgebreide studies word tans onderneem oor die vagus- senuwee. Interessant genoeg is die feit dat die stimulasie van die vagus-senuwee een van die behandelingsmetodes is vir pasiënte met kondisies so kompleks soos supraventikulêre tagikardia of hartkloppings. In sulke gevalle word die pasiënte geleer om hul vagus-senuwee te stimuleer deur hul asem vir ’n paar sekondes op te hou, hul gesig in koue water te druk, te hoes of hul

[87] Baie van wat ek in hierdie seksie ingesluit het, kan by die volgende skakel gevind word: https://en.wikipedia.org/wiki/Vagus_nerve.
Sien ook: https://en.wikipedia.org/wiki/Vasovagal_syncope

maagspiere saam te trek asof om ’n stoelgang te aktiveer. Hierdie stimulasie kan die hartspoed of bloeddruk verlaag of beide.

Omdat die vagus-senuwee gedurig die toestand van die organe aan die sentrale senuweestelsel rapporteer, veroorsaak inflammasie in die verteringstelsel ook stimulasie. Hierdie senuweerespons word vergroot deur relatiewe dehidrasie. Daar is selfs suggesties dat die simptome van ’n omgekrapte maag die vagus-senuwee stimuleer tot so ’n mate dat die pasiënt versteurde visie, duiseligheid of selfs tydelike verlies van geheue kan ervaar. Hierdie simptome word nie beskou as ernstig of lewensgevaarlik nie.

Gedurende tye van intense emosionele spanning kan oor-stimulasie van die vagus-senuwee ’n skielike afname in bloeddruk en hartspoed veroorsaak. Dit kan floute veroorsaak (vasovagal syncope) meer algemeen by vroue en jong kinders as by ander groepe. ’n Aanval van hierdie tipe gaan somtyds gepaard met verlies van blaasbeheer.

As bogenoemde sommige van die mediese komplikasies is wat voorkom direk ná trauma, hoeveel te meer tydens langdurige spanning wat met rou gepaard gaan ?

Die liggaam strewe gedurig na ’n stabiele toestand (homeostase). Enige invloed op die liggaam, soos inname van giftige stowwe, sal spanning in die liggaam veroorsaak en die liggaam forseer om energie te verbruik om tot normaal terug te keer. (homeostase) Dit geld ook in die geval van ’n emosionele impak soos die verlies van ’n geliefde.

Hormone (kortikosteroïede) wat deur die liggaam afgeskei word om jou in tye van spanning en ’n noodgeval by te staan sal aangaan solank as wat die gespanne toestand bestaan. Hierdie periode kan uitgerek word tydens ’n periode van verdriet en gevolglik ’n chroniese toestand van spanning veroorsaak.

Een van die onmiddellike reaksies van die liggaam op spanning is verhoogde afskeiding van gastrien. Gastrien is ’n hormoon wat die afskeiding van maagsap stimuleer. Dit is nie ongewoon vir ’n persoon wat emosionele trauma ervaar om ’n brandende sensasie in die laer borskas naby die borsbeen te ervaar nie. Dit kan skrikwekkend wees en tesame met

spanning ’n ongelukkige siklus veroorsaak. ’n Oormaat maagsap sal die maag irriteer en kan deurdring tot die onderste sluitspier van die slukderm tot in die slukderm en besonderse pyn veroorsaak. In uiterste gevalle kan dit ’n spasma in die slukderm veroorsaak wat borspyn veroorsaak met dieselfde simptome aan die van ’n hartaanval.

Ek was onverhoeds gevang deur hierdie simptome en sou ’n vooraf waarskuwing waardeer het, maar jy hoef nie gewaarsku te wees nie. Dit is deel van sterk emosies wat mens oor ’n uitgestrekte periode ervaar. Tog moet jy ingelig wees omtrent hierdie onaangename sensasies. Omdat die simptome dieselfde as die van ’n hartaanval is, moet jy ’n deeglike mediese ondersoek laat doen wat ’n EKG insluit asook die nodige bloedtoetse om vas te stel of jy ’n permanente skade aan die hart het. Dit sal die nodige voorsorg tref maar jou ook gerus stel dat die die ongemak wat jy ervaar as gevolg van emosionele spanning is.

Met my ervaring, het die teenwoordigheid van verhoogde vlakke van kortikosteroïede gelei tot simptome van ’n ongestelde maag, slaapversteuring, sterk emosies, veluitslag, verlies aan konsentrasie, toenemende verwarring gedurende geringe spanningsvolle situasies en ’n onvermoë om take af te handel. Die volgende simptome kan ook voorkom: tandvleisontsteking, hoofpyn, rugpyn, aggressie, hoë bloeddruk, aambeie, spatare, selfmoordgedagtes, angsaanvalle of bloedvatsiektes.[88]

Dit was gedurende hierdie periode dat ek begin verstaan het dat droefheid nie slegs uit hewige emosionele pyn bestaan nie, maar ook fisieke pyn. Gedurende die eerste paar dae en weke lyk dit asof daar geen verligting vir hierdie simptome is nie. – Ek was aanhoudend gespanne en het op my tande gekners – die nasleep van te min slaap en wanneer ek wel aan die slaap geraak het, het ek wakkergeskrik en die trauma weer van vooraf beleef.

Om te eet het ook ’n las geword eerder as ’n genot. Die spysverteringsprobleme wat kos veroorsaak het, het nie juis gehelp om my lus te maak vir kos nie met die gevolg dat ek heelwat gewig verloor het.

[88] https://en.wikipedia.org/wiki/Chronic_stress

In my geval het ek hulp gevind vir hierdie agressiewe spiraal op die volgende maniere: In die negentien jaar wat ons getroud was, was Charleen in beheer van ons dieet. Ná haar dood het my dieet drasties verander. Nie alleen het ek glad nie lus gevoel om te eet nie, maar indien ek wel geëet het, was dit verskillende soorte kos wat deur my geliefde familie en lidmate voorsien is.

Toe ek begin het om ’n nuwe roetine vir myself en my dogters uit te werk, het ek van die staanspoor af vir ons ’n gereelde eetpatroon opgestel. Ons het verkies om so ver as moontlik ’n gluten-vrye en laevet-dieet te volg. Ons het verfynde suiker en sout vermy. Soos wat my vaardigheid in die kombuis gegroei het, het ons etes al hoe meer gewissel en interessanter geword met die byvoeging van een na die ander bestanddeel. Dit het basies bestaan uit proteïne (hoender, vis en maer rooi vleis); stysel (aartappels, rys); groente, vrugte en ’n klein bietjie suiwel in die vorm van tuisgemaakte jogurt en ’n bietjie kaas. As ons aan iets wou peusel deur die dag, het ons vrugte geëet. Hierdie eenvoudige dieet van onverwerkte voedsel, ’n hoëproteïndieet, vry van verwerkte produkte het grootliks daartoe bygedra om my weer normaal en gesond te kry.

Om die skade van die aanhoudende sooibrand te herstel, het ek ’n paar mediese metodes gevolg. Ek het gevind dat ek op ’n gereelde basis ’n Protonpomp-inhibeerder (PPI) moet gebruik. Dit beheer die afskeiding van oormatige maagsuur en beperk die volume suur in die maag en gevolglik die skade wat dit aan die slukderm kan doen. Ek het ook verteringsensieme en ingewandsflora as aanvullings gebruik om goeie spysvertering aan te help. Om ’n lae vlak van suur in die liggaam te behou het ek elke dag ’n teelepel alkaliese poeier ingeneem en het ook biochemiese weefselsoute (kombinasie 12) gebruik wat natriumfosfaat bevat om ’n oormaat maagsuur teen te werk.

Bo en behalwe ’n goeie, eenvoudige dieet, het ek ook begin oefen. Ek en my dogters loop elke oggend vyf kilometers. Om impak by die stap te voeg, dra elkeen van ons ’n gepaste handgewig waarmee ons verskillende arm en maagspieroefeninge doen terwyl ons loop en gesels. Bo en be-

halwe die werklike fisieke krag en uithouvermoë wat fisieke oefening verskaf, het dit ook werklik my gevoel van welstand verbeter.

Daar word gesê tyd bring genesing. In my ervaring van verdriet, is dit ’n geval van: *tyd wat op die regte manier spandeer word deur op die regte manier te dink oor verlies,* het vir my genesing gebring. Sonder die volkome vreugdevolle oorgawe aan die feit dat God goed is en dat alles wat Hy doen goed is en dat jyself uiteindelik, tot die verstaan sal kom van Sy oorweldigende goedheid, sal jy nie vrede kan maak met jou verlies nie. My gedagtes het so dikwels na Filipense 4:4-9 gedwaal – soms in vrees en angs, soms met hartseer verlange.

> Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!
> Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby.
> Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.
> En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.
> Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.
> En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.

Maar daar was geen oomblik waarin die waarheid van daardie woorde gefaal het om my te onderskraag nie. Daarbenewens het ek teen ’n geestelike vyand gestry en daaraan gewerk om ander te dien. Die Christelike lewe is ’n lewe gefokus op ander. As dit waar was voordat my vrou gesterf het, is dit ook waar ná haar dood. Ek is dankbaar vir die voorreg wat ek gehad het om ’n lewe wat op ander gefokus is, in my huwelik te gehad het – ’n patroon wat nou voortgaan in my nuwe lewe sonder haar.

12

Hartseer met hoop op sestien.

In ’n wêreld waar dit aanvaarbaar geword het vir volwassenes om onvolwasse te reageer op die harde werklikheid van die lewe, is dit ’n welkome verkwikking om ’n tienerhart teen te kom wat Christus eer in ’n tyd van teenspoed. Ek het daarom my oudste dogter Chyreece gevra of sy oor haar ervaring van die dood van haar ma sal skryf.

My tannie Jean en ek het my ma motor toe gehelp toe my pa haar hospitaal toe wou neem. Nadat sy in die sitplek gaan sit het, het sy opgekyk in my oë. Ek het afgebuk en haar gesoen en omhels. Dit was die laaste keer dat ek haar lewendig sou sien.

My pa is baie haastig daar weg en was nie baie lank weg nie toe ek ’n oproep van hom ontvang. Ek het so gebewe dat ek sy oproep die eerste keer afgesny het. Toe hy die tweede maal skakel, het ek om een of ander rede verwag dat hy sou sê: “Mamma is dood”.

Nadat my ouers gery het, het ek op die randjie van my stoel in tannie Jean se sitkamer gesit. Ek was nie seker of dit van vrees of koue was nie, maar ek kon nie ophou om te ruk en te huil nie. Die enigste woorde wat deur my gedagtes gegaan het, was: “Here, help asseblief my ma!” Terwyl dit maar net na ’n doodeenvoudige smeekgebed klink, het hierdie woorde met diep emosie gepaard gegaan.

Tog, selfs toe, het ek vreemd genoeg ervaar hoe vrede en die vermoë om helder te dink my omvou het. Nadat ek gekalmeer het, het tannie Jean voorgestel dat ons moet bid. Ek onthou nie haar woorde nie, maar haar opregtheid en liefde het 'n blywende indruk op my gemaak. Dit was *my* klein familie wat uitroep tot God en op Hom vertrou ongeag watter leed ons ook al sou tref.

Ek kan alleen deur die genade van God op Hom vertrou deur die donker en hartseer. Sonder Hom is ek alleen en hulpeloos. Dit is slegs nou, terwyl ek daardie verskriklike aand in herinnering roep, dat ek kan sien hoe God my versoek beantwoord het. Hy het my ma se pyn weggeneem en haar in Sy arms ontvang waar sy nou is en altyd sal wees, ewiglik volmaak. My ma sal nie meer die eindelose stryd van sonde hoef te stry nie of die aaklige effek van die sondeval hoef te ervaar nie. My ma kyk vas in die oë van Christus – die een wat haar met Sy bloed gekoop het. God het my gebed beantwoord op 'n manier wat ek nooit verwag het nie.[89]

Die eerste paar dae ná my ma se dood was die ergste wat ek ooit beleef het – om elke dag wakker te word met daardie tragedie, maar te moet aangaan met die lewe soos om te eet en begrafnis reëlings te tref ... Een dag volg maar net doodgewoon op die ander.

Dit het my gepla dat ek nie baie gehuil het met my ma se begrafnis nie. Eintlik het ek begin skuldig voel omdat almal rondom my meer gehuil het as ek.

As ek terugkyk, dan het dit vir my duidelik geword dat die volle impak van wat daardie nag gebeur het, nog nie tot my deurgedring het nie. Ongeveer vier maande later het alles in een vernietigende slag op my neergekom. Intense pyn het my hart beetgekry – pyn wat my daartoe gedryf het om na God uit te roep om genadiglik die angs wat ek onbevoeg was om te dra, weg te neem.

Maar ek het uitgevind dat Hy beter planne vir my gehad het. Pleks daarvan om die pyn weg te neem, het Hy my gehelp om te verstaan dat Hy besig is om my oë na Christus te draai. Hy sal nooit pyn op ons laai net om wraak te neem nie – nee, ek het gefaal om na Hom te kom met my

[89] Romeine 8:26

pyn, en dit is presies wat ek nou besig is om te doen. Eerder as om op mense te vertrou om jou pyn weg te neem, het ek rus in Christus gevind sonder wie ek miskien nooit die pyn sou kon verduur het nie. Ek sou dalk depressief en teruggetrokke geword het. Ek sou hoop verloor het dat ek ooit weer my ma sou sien spesiaal in die vreugde wat sy nou ervaar – van aangesig tot aangesig met Chrisutus.

Ná hierdie hartveranderende tyd het ek nuwe krag gevind om hierdie rampspoed te oorleef. Moet my nou nie verkeerd verstaan nie – dit maak steeds seer. Maar ten spyte van die pyn, het ek hoop. Ek het ’n mens geword wat dit maklik vind om ander te vergewe. Ek het geleer dat die lewe te kort is om tyd te mors om vir ander mense kwaad te wees. Ek is meer dankbaar vir my vriende en familie. Die dood van my ma het gemaak dat ek na die hemel verlang en het dit meer werklik vir my gemaak. Ek het meer simpatiek geword teenoor mense wie se geliefdes dood is en dit is vir my makliker om hulle te troos. Hierdie ervaring het die verlange in my gewek om my lewe te leef tot eer van God; ’n lewe wat strek tot die heerlikheid wat kom eerder as vir die tydelike glans van hierdie teenswoordige wêreld.

Ja, die dood is ’n vyand, maar dit is nie die einde nie. In Christus het ek hierdie versekering. Ek het ’n ewige hoop agter die gordyn van die dood. Prys God vir Sy verlossing deur Christus en vir die hoop wat dit bring selfs al beleef ek iets so werklik as die dood van my ma.

Slotsom

Ek het die motor gestop in die oprit voor ’n plek met die naam van *Hephzibah.* Langs my was my lewelose vrou. Hephzibah beteken, “My behae is in haar”.[90] Ek het aanskou hoe die genadige Verlosser my geliefde vrou Charleen, na negentien jaar opneem in ondeurgrondelike heerlikheid. Sy is in die direkte teenwoordigheid van God. Sy lewe voor die aangesig van God; corum deo. Sy is vervul met vreugde wat nie van haar weggeneem kan word nie. Sy is vervul met ’n verrukking in die Here Jesus Christus as sy Sy aangesig vir die eerste maal sien – ’n wonderlike, wonderlike iets. Sy verlang nie om weer by my te wees nie; ek verlang vir haar part dat sy daar by ons Verlosser sal wees en ek verlang om saam met haar daar te wees.

In Ezekiël 24:16 sê die Here aan Ezekiël: “Mensekind, kyk, Ek neem die lus van jou oë van jou af weg deur ’n sware slag “ God het ’n doel gehad met Ezekiël. God het begeer om Sy naam te vereer deur ’n proses wat sou behels dat Hy Ezekiël se vrou wegneem.

God het so ’n groot werk in my lewe gedoen deur hierdie ervaring dat ek kan sê: “Here, so lief as wat ek hierdie vrou het, en so lief as wat ons kinders haar het, as dit tot U eer is, God, neem haar. Neem haar asseblief. Ons maak ons arms oop en gee haar oor aan U en ons dank U vir daardie negentien jaar. God ons bid dat U sulke groot dinge deur haar dood sal

[90] Jesaja 62:4

doen; groter dinge in haar dood as wat U in haar lewe gedoen het. Ons bid dat dit U sal behaag om ons te versterk en aan ons die vermoë sal skenk, nie alleen om haar vryelik op te gee nie, maar om aan te hou om in hierdie wêreld te leef om groot eer en glorie aan die Here Jesus Christus te bring op die manier waarop Hy ons in staat stel om deur hierdie beproewing te leef.

Hierdie storie van genade eindig so en ek vertrou dat jou storie ook so sal eindig. Charleen was verlore gebore en hopeloos geruïneer deur doelbewuste sonde en rebellie. God het gekies – deur menslike verhoudings – dat onvoltooide mense die Evangelie met onvoltooide mense deel om die Evangelie van Jesus Christus na daardie geliefde persoon te bring.

Sy het begin om te verstaan dat God haar liefgehad het nog voor die begin van tyd. Sy het verstaan dat God haar voorbestem het tot ewige lewe. Sy het begin verstaan dat God haar deur Sy genade geroep het tot gemeenskap met Homself. Sy het begin verstaan dat hoewel sy 'n slegte mens was – ons het groot dinge oor haar gesê, maar dit was nie die dinge wat haar vir God kosbaar gemaak het nie – was sy kosbaar vir God omdat Jesus Christus as Charleen gelewe het. God sien Jesus Christus in die plek van haar opgemorste lewe. Jesus Christus het as sy geleef en as sy gesterf. Sy het soveel vreugde gevind in daardie wete en kon nie ophou om daaroor te praat nie. Nou is sy by die punt waar sy verstaan wat dit beteken om verheerlik te wees; om soos Jesus Christus te wees, want wanneer ons Hom sien, sal ons soos Hy wees.[91] Ek wil God dank, nie alleen vir 'n wonderlike lewensmaat nie, maar meer nog vir Sy wonderlike ewige werk van genade in haar lewe. En ek wil sê: "Liefling, as jy mooi was in hierdie lewe kan ek nie wag om jou weer te sien nie![92]

[91] 1 Johannes 3:2

[92] Hierdie slotsom is gebaseer op die slotsom van my preek tydens Charleen se begrafnis. Slegs tien dae in die rouproses, het ek hierdie woorde vanuit Bybelse beginsels bespreek, beginsels wat my deurgedra het gedurende die afgelope nege maande en wat my nog vorentoe sal deurdra. Tydens die tyd wat ek hierdie boek geskryf het, was die voetnota nog steeds beskikbaar by die volgende adres:

http://www.ustream.tv/channel/charleen-funeral

Die klankbaan is beskikbaar by: http://tinysa.com/106774